

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

DIE VERSKILLE EN OOREENKOMSTE VAN DIE WETLIKE REGTE VAN BLANKE, KLEURLING, EN SWART ONDERWYSERS IN SUID-AFRIKA VANAF 1963-1996.

KANDIDAAT: WILLIAM HENRY MINNAAR

**UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE**

**'N MINI-TESIS VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLINGVAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD M.Ed.IN DIE DEPARTEMENT VAN
GESKIEDENIS EN FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING, UNIVERSITEIT
WES-KAAPLAND.**

STUDIELEIER: MEJ. NELLEKE BAK

VOORLEGGING: NOVEMBER 1996

INHOUDSOPGAWE

bl. nr.

ABSTRAK	i
ABSTRACT	iii
VERKLARING	v
ERKENNINGS	vi
INLEIDING	vii

HOOFSTUK 1

HISTORIESE PROSESSE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT APARTHEIDSWETGEWING	1
---	---

HOOFSTUK 2

APARTHEIDSWETGEWING	10
----------------------------	----

HOOFSTUK 3

DIE ONDERWYSWETTE VIR BLANKES, KLEURLINGE EN SWARTES	20
---	----

3.1 DIE ONDERWYSWET VIR BLANKES (Wysigingsordinansie op Onderwys, Ordinansie 12 van 1980)	20
3.2 DIE WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963 (WET 47 VAN 1963)	27
3.3 DIE WET OP ONDERWYS EN OPLEIDING, 1979 (WET NO. 90, 1979)	34

HOOFSTUK 4

DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE VAN DIE WETTE OP ONDERWYS VIR BLANKES, KLEURLINGE EN SWARTES	42
---	----

HOOFSTUK 5

DIE KONTEKS VAN VERANDERING TEN OPSIGTE VAN APARTHEID	61
5.1 VERSET TEEN ONGELYKHEID EN ONDERDRUKKING VANAF 1652 TOT DIE 1930's	64
5.2 VERSETBEWEGINGS GEDURENDE DIE 1940'S TOT DIE 1960's	67
5.3 VERSETBEWEGINGS GEDURENDE DIE 1970'S TOT IN 1993	72

HOOFSTUK 6

DIE GRONDWET (1996)	82
----------------------------	----

HOOFSTUK 7

DIE WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE (1995)	103
7.1 REG TOT VRYHEID VAN ASSOSIASIE	106
7.2 REG TOT BESKERMING TEEN ONBILLIKE ONTSLAG	108
7.2.1 ONBILLIKE ONTSLAG	109
7.2.2 OUTOMATIESE ONBILLIKE ONTSLAG	111
7.2.3 GESKILLE OOR ONBILLIKE ONTSLAG	113
7.3 REG TOT BILLIKE REDES VIR ONTSLAG	115
7.3.1 GOEIE PRAKTYKKODES VIR ONTSLAG	115
7.3.2 BILLIKE REDES VIR ONTSLAG	115
7.3.2.1 WANGEDRAG	116
7.3.2.2 SWAK WERKPRESTASIE	119
7.3.2.3 SWAK GESONDHEID OF BESERING	120
7.4 ORGANISERINGSREGTE	122
7.5 REG TOT PROTESAKSIE	124
7.6 REG TOT STAKING	128
7.7 REG TOT BEDINGING	131

HOOFSTUK 8

DIE WITSKRIFTE VIR OPVOEDING 1995 EN 1996	133
--	------------

HOOFSTUK 9

DIE WET OP DIE NASIONALE ONDERWYSBELEID (NO. 27, 1996)	139
---	------------

HOOFSTUK 10

SLOTSOM	142
----------------	------------

BIBLIOGRAFIE	145
---------------------	------------

(i)

ABSTRAK

DIE VERSKILLE EN OOREENKOMSTE VAN DIE WETLIKE REGTE VAN BLANKE, KLEURLING, EN SWART ONDERWYSERS IN SUID-AFRIKA VANAF 1963 - 1996.

WILLIAM HENRY MINNAAR

M.Ed. 'N MINI-THESIS, DEPARTEMENT VAN GESKIEDENIS EN FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING, UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND.

In hierdie mini-tesis ondersoek ek die verskille en ooreenkomste, tussen die wetlike regte van Blanke, Kleurling en Swart onderwysers, wat bestaan het vanaf die tydperk 1963-1996. Ek argumenteer dat hierdie verskille hoofsaaklik gebaseer is op die konsep van onderdrukking van die Kleurlinge en Swartes. In die Inleiding stel ek dit duidelik dat ek met onderwysers se wetlike regte werk, wat betrekking het op hul verhouding met 'n onderwysdepartement. Dit is gedoen omdat die konsep van regte so wyd is. Om hierdie rede wys ek uit dat sekere pligte, verantwoordelikhede en prosedures noodsaaklik is, ten einde aanspraak te maak op 'n reg.

In die eerste deel van my mini-tesis bespreek ek die ou wetgewing wat aanvanklik gebaseer was op segregasie in sy historiese konteks. Ek argumenteer dat hierdie historiese prosesse, met sy segregasie maatreëls, voor 1948 die fondament vir Apartheidswetgewing gelê het om te diskrimineer tussen Blankes, Kleurlinge en Swartes. Voor die bespreking van die wetgewing gee ek in hoofstuk 1 'n agtergrond van die historiese prosesse wat as basis gedien het vir Apartheidswetgewing. Die gevolge van apartheid is ook deel van die bespreking. In hoofstuk 2 bespreek ek die Apartheidswetgewing, wat in die verskillende Onderwyswette vir Blankes, Kleurlinge en Swartes. As 'n gevolg van hierdie wette gee, ek in hoofstuk 3 'n uiteensetting van die verskillende wetlike regte vir Blanke, Kleurling en Swart onderwysers ontwikkel het. In aansluiting hierby, bespreek ek in hoofstuk 4 die ooreenkomste en verskille in die wetlike regte van onderwysers volgens die konsep van segregasie. Hierdie verskille en ooreenkomste kan beskou word as 'n direkte uitvloeisel van Apartheidswetgewing na 1948.

In die tweede deel van my mini-tesis, bespreek ek die nuwe wetgewing aan die hand van demokrasie en gelykheid. Ek argumenteer dat hierdie nuwe wetgewing gemotiveer was deur die verzet teen Apartheid. Om hierdie rede bespreek ek in hoofstuk 5 die konteks van verandering wat teweeg gebring was deur die verzetbewegings teen Apartheid. Hierdie verzetbewegings het beoog om wetgewing te demokratiseer in terme van segregasie en demokrasie. Ek argumenteer in hoofstuk 6 dat die nuwe Grondwet (1996) impliseer regte vir onderwysers in die vorm van menseregte vir almal. In hoofstuk 7 gee ek 'n uiteensetting van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), wat die wetlike regte en werksomstandighede van onderwysers direk raak en wat verskil van

(ii)

die Apartheid Onderwyswetgewing. In hoofstuk 8 bespreek ek die Witskrifte vir Onderwys, waarin voorsiening gemaak word vir die transformasie proses in die onderwys, en wat verdere regte na die onderwysprofessie uitbrei. In die laaste hoofstuk gee ek 'n uiteensetting van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) en argumenteer dat die wet daadwerklike pogings aanwend om die ongelykhede en verskille van die verlede in onderwys uit te wis, die wetlike regte van die onderwyser in die onderwys te beskerm, en om die onderwysstelsel te demokratiseer. Ek kom tot die gevolgtrekking dat die wetlike regte van onderwysers deur die nuwe Grondwet beskerm word, en dat dit nie sonder om demokratiese prosedures te volg, aangepas of verander kan word nie.



(iii)

ABSTRACT

THE DIFFERENCES AND SIMILARITIES OF THE LEGAL RIGHTS OF WHITE, COLOURED, AND BLACK TEACHERS IN SOUTH AFRICA FROM 1963 - 1996.

WILLIAM HENRY MINNAAR

M.Ed. MINITHESIS, DEPARTMENT OF HISTORY AND PHILOSOPHY OF EDUCATION, UNIVERSITY OF WESTERN CAPE.

In this minithesis I investigate the difference and similarities in the legal rights of White, Coloured and Black teachers from 1963-1996. I argue that these differences were largely based on the concept of oppression of the Coloureds and Blacks. In the introduction I make it clear that I am working with the legal rights of teachers which relate to their relationship with an Education Department. This was done because the concept of rights is so vast. For this reason I argue that certain duties, responsibilities and procedures are regarded as a necessity to claim a right.

In the first part of my minithesis I discuss the old legislation which was initially based on segregation in its historical context. I argue that this historical process with its segregated measures before 1948 laid the foundation for Apartheid legislation to discriminate between the Whites, Coloureds, and Blacks. Before the discussion of the legislation I give a background in chapter 1 of the historical process which served as a base for Apartheid legislation. Its consequences of apartheid are also part of the discussion. In chapter 2 I discuss the Apartheid legislation, which developed different Education Acts for Whites, Coloureds and Blacks. As a result of these acts I give an outline in chapter 3 of the different legal rights for White, Coloured, and Black teachers. In addition to this, in chapter 4, I discuss the similarities and differences in the legal rights of teachers in terms of the concept of segregation. These similarities and differences can be regarded as a direct result of apartheid legislation after 1948.

In the second part of my minithesis, I discuss new legislation based on the concept of democracy and equality. I argue that the new legislation was motivated because of resistance against Apartheid. For this reason I discuss the context of change in chapter 5 brought about by resistance movements against Apartheid. These resistance movements aimed at democratising of legislation in terms of segregation and democracy. I argue in chapter 6 that the new Constitution (1996) implies rights for teachers in the form of human rights for all. In chapter 7 I give an outline of the Labour Relations Act (1995) which affects the legal rights of teachers directly and differs from Apartheid Education legislation. In chapter 8 I discuss the White Papers on Education which make provision for the process of transformation in education and extends further rights to the

(iv)

teaching profession. In the last chapter I give an outline of the National Education Policy Act (1996) and argues that it makes a real attempt to wipe out the inequalities and differences in education of the past, protects the legal rights of teachers in education and democratises the education system. I come to the conclusion that legal rights of teachers are protected within the Constitution (1996), and cannot be changed or amended without following democratic procedures.




UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat die dat Die verskille en ooreenkomste van die wetlike regte van Blanke, Kleurling en Swart onderwysers in Suid-Afrika vanaf 1963 tot 1996 my eie werk is, dat dit nie voorheen vir enige graad of eksamen aan enige universiteit voorgelê is nie, en dat al die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui en erken is deur volledige verwysings.

VOLLE NAAM: WILLIAM HENRY MINNAAR DATUM: NOVEMBER 1996


GETEKEN


.....

ERKENNINGS

Ek is groot dank verskuldig aan Mej. Nelleke Bak, my studieleier, wat haar tyd opgeoffer het om my van hulp te wees en leiding gegee het met die skryf van my mini-tesis.

'n Spesiale dank aan my vrou, Vanessa, en kinders vir hulle geduld, opoffering, ondersteuning en aanmoediging en ook my moeder, oom, broer en susters, familie en vriende vir hul bydraes. 'n Woord van bedanking aan Mnr. William Phillipus wat my mini-tesis geproeflees het.



INLEIDING

Eerstens, moet daar melding gemaak word van die feit, dat die wetgewing wat ek in hierdie mini-tesis gebruik, moeilik bekombaar was. Indien dit vir my as individu en navorser so moeilik was om hierdie wetgewing te bekom, wonder ek net hoe moeilik dit vir onderwysers in die algemeen sal wees om toegang tot hierdie wetgewing te verkry. Tweedens, wat die taalgebruik binne hierdie wetgewing aangaan, is dit ondeursigtig en ontoeganklik, omdat dit volgens my mening geskryf was sodat slegs regslui dit kan verstaan, wat die taak van die alledaagse onderwyser bemoeilik, om te weet wat sy regte is. Derdens, was daar nie spesifieke afdelings met betrekking tot die regte van onderwysers nie, en moes ek dit self uitlig. Vierdens, moet ek dit duidelik maak dat, uitgerekte bepalings ten opsigte van elke wetgewing my taak verder bemoeilik het. Gegee dat ek 'n mini-tesis skryf, kon ek nie al die bepalings bespreek nie, en moes ek slegs sekere bepalings wat belangrik is, uitlig. Laastens, moet ek dit duidelik maak dat my mini-tesis uit 'n lang teks bestaan as gevolg van die uitgerekte bewoording waarmee ek te doen gehad het.

Die konsep regte, is 'n ingewikkelde begrip en ek wil dit graag uitklaar binne die huidige aanvaarding dat dit die individu outomaties toekom. Regte kan iets wees waarop iemand aanspraak kan maak, uit hoofde van sy klassifikasie bloot deur dit te handhaaf, daarop aan te dring, of te verbeur, of die voldoening daarvan aan ander. Onder andere kan dit erken, beskerm, verontagsaam, aangepas, gewysig, ingekort, oortree, verminder, geskend, of verwoes word.(White, 1984:1) In aansluiting hierby kan regte nog verder sekere karaktertrekke hê, en op 'n verskeidenheid van maniere saam gegroepeer of gekategoriseer word. So bv. kan dit jou reg wees om iets te doen soos bv. om 'n god te aanbid wat as aktiewe reg geklassifiseer word. Of dat jy iets gedoen wil hê vir jouself soos bv. om versorg te word nadat jy 'n sekere ouderdom bereik het. Laasgenoemde kan weer as 'n passiewe reg geklassifiseer word.(White 1984:13) Met dit in

(viii)

gedagte is die aard van regte wyd omdat dit gewoonlik bepaal word deur die tipe houer van 'n reg bv. menseregte ens. Om regte nog verder te kompliseer, kan daar nog verdere onderskeidings gemaak word in die mate dat dit moreel, of wettig, godsdienstig, polities, statutêr, grondwetlik, tradisioneel, konvensioneel, logies ens., van aard is. Binne die gestelde konteks, is dit dus duidelik dat regte 'n komplekse konsep is en daarom is 'n duidelike omskrywing noodsaaklik.

Die konsep van regte waarmee ek in my mini-tesis werk, en waarna ek veral binne die wetgewing gesoek het, is onderwysers se regte met betrekking tot hul verhouding met 'n onderwysdepartement. Hierdie konsep van regte is gebaseer op die beginsel wat gedurende die apartheidsera voorgehou is, nl. dat 'n oor beklemtoning van die magte van die staat plaasgevind het, ten koste van die regte van 'n onderwyser. (Van Wyk, 1987:83) So bv. was voorregte as ex gratia toekennings beskou waartoe 'n persoon geen eksplisiete reg het nie. Om hierdie rede (m.b.t. eksplisiete regte) fokus my mini-tesis nie op 'n konseptuele analise van regte nie, maar op wetlike regte wat voorgekom het. My siening van die regte van onderwysers, is regte wat die onderwyser as individu, aanspraak op kan maak of ter verdediging van sy eie posisie soos vervat in wetgewing wat sy optrede of aksies prosedurieel riglyn.

Onder andere kyk ek ook na hoe vorige wetgewing verskil van die huidige wetgewing m.b.t. die uiteensetting van die regte van onderwysers. In die lig hiervan kyk ek na die wetlike regte van onderwysers soos dit onderskryf word in die nuwe grondwet van S.A., m.a.w. regte wat onderwysers gedurende die apartheidsera ontsê is. Dit beteken dat daar nou riglyne en prosedures aan onderwysers beskikbaar is (as 'n handleiding) waarvolgens hulle hul regte kan uitoefen, op 'n manier wat algemeen en geregtelik aanvaarbaar is. Onder andere kan 'n onderwyser nie van sy reg om te staak gebruik maak indien die staking nie volgens die neergelegde riglyne geskied het nie, en kan dus in so 'n geval, nie wettiglik op die reg om te staak aanspraak maak nie. Indien die onderwyser wel van sy reg om te staak gebruik gemaak het en dit aan alle

(ix)

riglyne, prosedures (pligte) en vereistes (verpligtings) voldoen, het so 'n onderwyser wetlik die reg om sy of haar posisie te verdedig, omdat een van sy regte geskend was. In hierdie opsig is daar dus 'n verband tussen die regte van 'n onderwyser en prosedures wat gevolg moet word. Dit impliseer dat sekere regte beperk kan word of slegs geldig kan wees indien die korrekte prosedures of reëls gevolg was.

Oor die algemeen word aanvaar dat regte en pligte (prosedures) of verpligtings (vereistes) verband hou met mekaar, maar eintlik kan dit nie in dieselfde konteks gesien word nie, omdat daar onderlangse verskille mag voorkom. Plig word gewoonlik omskryf as iets wat gedoen moet word, of as iets wat aanleiding gee tot wat gedoen moet word, m.a.w. dit kan of voorgeskryf word of dit kan betrokke wees of deel uitmaak van iets wat afhang van 'n sekere posisie wat beklee word. 'n Onderwyser kan bv. nie van 'n leerder verwag om sy merkwark te doen nie. Dit beteken oor die algemeen dat pligte verbind word aan 'n rol of taak wat afdwingbaar is. Onderwysers het daarom as professionele persone sekere pligte teenoor hul leerders. Indien hulle bv. nie wil merk nie kan stappe gedoen word om dit op hulle af te dwing waarvolgens sekere regte hulle ontsê kan word.

Interessantheidsonthalwe bestaan daar ook beroepskodes, d.w.s. geimpliseerde pligte wat absoluut mag wees soos bv. om nie onder die invloed sterk drank skool toe te kom nie. M.a.w. jy kan nie iemand verplig om onder die invloed skool toe te kom bloot omdat so 'n persoon sterk drank gebruik nie. Oor die algemeen word plig in wetgewing geassimileer met dit wat jy veronderstel is om te doen en wat jou reg is te doen. In lyn hiermee word enigiets wat deur die wet as verkeerd beskou word, beskou as 'n oortreding van plig. (White, 1984:26)

Verpligting kan verduidelik word aan die hand van wanneer iemand iets vir my gedoen het as uitvloeisel van 'n belofte wat ek gemaak het. Daardie belofte dwing my eties tot verantwoording. Verpligting kan verskillende vorme aanneem. 'n Onderwyser kan onder verpligting staan om iets vir die leerders te doen soos bv. om onderrig te gee a.g.v. 'n kontrak. Indien hulle dit nie doen

(x)

nie, kan hul onder die verpligting van 'n onderwysdepartement staan om dit wel te doen. Dit word gegrond op die beginsel dat hulle nie gedoen het, wat hulle veronderstel was om te doen nie. Dit kan vergelyk word met wanneer 'n wet my onder verpligting plaas en ek iets moet uitvoer (die tersaaklike) volgens daardie wet. (White, 1984:34) Verder kan dit beteken dat om onder verpligting te wees, is om verplig te word.

Pligte gaan gepaard met verpligtings en faktore wat verplig, kenmerke wat moreel, sosiaal, wetlik of institusioneel kan wees. (White, 1984:51) M.a.w. daar kan 'n ooreenkoms of verband bestaan tussen pligte en verpligting, wat op twee maniere geïdentifiseer kan word. In die eerste geval van 'n verband tussen die twee kan iemand 'n morele of wetlike plig of verpligting hê, of moreel of wetlik verplig word. Jy voel bv. a.g.v jou simpatie met iemand, dat jy iets vir die persoon moet doen of dat jou morele waardes jou verplig om iets te doen. Maar, jy kan nie meer fisiese of logiese plig hê in vergelyking met fisiese of logiese verpligting nie, m.a.w. jy kan nie geforseer word om iets te doen nie omdat jy verplig kan word deur 'n fisiese mag (bv. 'n kontrak) of logiese omstandighede nie. Byvoorbeeld geweld op treine kan jou verplig om per bus te reis, maar niks verplig jou of jy staan onder geen verpligting om te doen wat jy in die eerste plek wou doen, of veronderstel was om te doen nie, m.a.w. om per spoorlyn te reis nie. Tweedens, en ter aansluiting hierby, kan van pligte verwag word of kan pligte jou verplig, om soos in die geval van verpligting, iets te doen volgens reëls wat statutêr (wetlik) of tradisioneel neergelê is. (White, 1984:52) Byvoorbeeld 'n onderwyser kan nie ontslaan word indien sekere reëls of prosedures nie gevolg is nie.

By plig is die mosie van iets wat verwag word, sentraal en is plig verskillend van verpligting in die sin dat laasgenoemde se sentrale mosie iets is, wat gebonde is. M.a.w. wat ek as onderwyser as 'n taak het, is dit wat op my gelê word a.g.v. my werk, en dit wat ek as verpligting aanvaar, iets is waaraan ek verbind is en ek geen alternatief voor het nie. Dit beteken dat dit my verpligting is om uitvoering te gee aan dit wat my opgelê is. Soos bv. vereistes, en my plig iets is wat ek moet uitvoer soos bv. ek 'n taak uitvoer.

Wat die verband tussen regte, plig en verpligtings aangaan, verskil dit t.o.v. wat die voorwerp vir die een kan wees, dit die onderwerp van die ander kan wees. Bv. ek het die reg op 'n salaris (voorwerp), maar ek het die plig of is onder verpligting om te onderrig om dit te ontvang (onderwerp). Dit waarteenoor ons pligte of verpligtings het en dit waarteenoor

ons regte het, is baie keer verskillend. So byvoorbeeld kan ons pligte of verpligtings, hê teenoor persone, maar ons kan nie regte oor persone hê nie. Onderwysers het bv. sekere verpligtings of pligte teenoor leerders om hulle te onderrig, maar 'n onderwyser het nie die reg om 'n leerder dood te maak nie. Dit beteken dat wanneer jy 'n reg het beteken dit om iets te besit, terwyl wanneer jy 'n plig en verpligting het, moet jy iets doen. Dit impliseer dat voordat sekere regte tot uiting kan kom, is daar sekere pligte of verpligtinge wat nagekom moet word. Of daar 'n verband is tussen regte, pligte en verpligtinge, is afhangende van wat 'n individu se regte is en wat dieselfde individu se pligte of verpligtinge is. Of anders gestel een individu se reg is in wederkerige betrekking met 'n ander individu se plig of verpligting. Dit kan gebeur wanneer ek 'n reg het om iets te ontvang, dat daar iemand kan wees wie se plig dit is of verpligting dit kan wees om dit te voorsien. In dieselfde mate dat wanneer ek 'n plig of verpligting het om iets te voorsien, die ontvanger die reg het om dit te ontvang. (White, 1984:60) Bv. leerders se reg tot onderwysers en onderwysers se plig om dit aan te bied. Verder beteken dit dat pligte wat statutêr of wetlik geskep word, word nie vergesel van ooreenstemmende regte nie m.a.w iemand se reg tot iets, gee nie aanleiding tot enige plig of verpligting van 'n ander nie. Alhoewel iemand se plig of verpligting om iets te doen gronde mag gee vir die reg om dit of iets wat daarmee in verband staan, te doen, kan jy 'n plig hê sonder 'n reg. (White, 1984:58) Byvoorbeeld 'n landsburger mag 'n plig hê om te gaan stem, maar dis nie 'n reg nie, omdat hy nie die verkiesingsrol, wat alleen hierdie reg aan hom toeken, ingevul het nie.

Binne die konteks van hierdie mini-tesis sal ek gaan kyk na watter pligte verpligtings en prosedures noodsaaklik is, ten einde wettiglik aanspraak te maak op 'n reg. M.a.w., ek sal gaan kyk na watter pligte (wetlike perke) of verpligtings (voorwaardes) die wetgewing daar stel as voorvereistes vir die erkenning of uitoefening van 'n reg (besitting). Of anders gestel watter pligte en verpligtings moet 'n onderwyser eers nakom voordat van hy of sy van wetlike regte gebruik kan maak. Dit is algemeen aanvaarbaar dat die verhouding tussen 'n werkgewer en werknemer op die manier werk. (White, 1984:62) Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat verskeie regte en pligte waardeloos kan wees, indien daar nie 'n verband bestaan tussen pligte en regte nie en dat reëls as riglyn of basis nodig is vir 'n aanspraak op 'n reg.

HOOFSTUK 1

1. Historiese prosesse wat aanleiding gegee het tot Apartheidswetgewing:

In hierdie hoofstuk wil ek graag die wetgewing wat die basis vir segregasie voor 1948 gelê het, uitlig omdat dit as fondament vir Apartheidswetgewing met sy ongelykhede na die bewindsaanning van die Nasionale Party (N.P.) in 1948 sou dien. In 'n poging om Suid-Afrika se beleid van apartheid uit te pluig, kan die vraag gestel word, wanneer en hoe hierdie beleid uiteindelik sy ontstaan gehad het. Dit is welbekend dat segregasie vir Blanke en Nie-Blank (binne sy historiese konteks) op elke vlak van die samelewing, amptelike beleid geword het met die oorwinning van die Nasionale Party na die 1948 verkiesing, maar dat daar alreeds voor 1948 vorme van rassesekeiding was. In aansluiting hierby, sal ek wanneer ek die term Nie-Blank gebruik sal verwys na alle bevolkingsgroepe wat nie as Blank "definieerbaar" was nie en sluit dit onder andere Indiërs, Kleurlinge en Swartes in. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit dat hierdie historiese prosesse vir die ontwikkeling en implementering van segregasie voor 1948 as boustene gebruik sou word, vir die daaropvolgende Apartheidswetgewing, omdat die Nasionale Party reeds op 'n vroeë stadium hierby betrokke was en dat hulle dit later tot hul voordeel sou gebruik om ongelykhede onder Suid-Afrika (S.A.) se verskillende bevolkingsgroepe te skep. Vir die doel sal ek nie 'n historiese analise gee nie, maar slegs belangrike historiese gebeurtenisse uitlig en beklemtoon as agtergrond vir segregasie.

Gedurende die beset van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (N.O.I.K.) in die 17de en 18de eeu en later met die bewind van die Britse regering gedurende die 19de eeu, was daar hoofsaaklik klem gelê op die ontwikkeling van sosiale klasse in Suid-Afrika. (Du Pre, 1994:14) Dit het in die praktyk beteken dat onderskeid getref is tussen dié wat vry was en dié wat slaaf was. Op 'n latere stadium sou dit ontwikkel tot diskriminasie op grond van kleur, soos in die geval van Blanke en Nie-Blank, wat later deur Apartheid beklemtoon sou word. Dus kan daar tot die gevolgtrekking gekom word, dat alhoewel die Nederlandse koloniste die eerste bedrywers was van rasse segregasie, was die Britse besetters wat in 1795 in Suid-Afrika aangeland het, nie so onskuldig nie. (Du Pre, 1994:14) Afgesien van die feit dat die Britse bewind in S.A. Britse klasseverskille hier plaaslik bekendgestel het, was hulle verantwoordelik vir eerste wetgewing t.o.v. die inheemse rasse gedurende 1809, 1812 en

1819.(Du Pre, 1994:14) Ongelukkig met die bekendstelling van hierdie rassewetgewing het die Britse bewind die grondwerk gedoen vir rassesseiding waarop die Blanke Afrikaner of patriote later, hul Apartheidsbeleid in die jare wat sou volg sou bou.

Op hierdie stadium van die Britse besetting blyk dit asof dit die Britse regeringsamptenare was wat die grondslag gelê het vir apartheid, omdat hulle met hul bewind in die Kaapkolonie tot 'n sekere mate alreeds d.m.v. hul beleid teenoor die verskillende inheemse bevolkingsgroepe skeidslyne geskep het, wat direk bygedra het tot segregasie.(Davenport, 1978:152) Die stryd vir die behoud van die onafhanklikheid van die voormalige Boererepublieke (die Zuid-Afrikaanse Republiek (Z.A.R.) of Transvaal en die Oranje Vrystaat) was 'n poging om Britse imperialisme te voorkom en hul identiteit te behou. Dit sou eindig in die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (voorheen bekend as die Anglo-Boere Oorlog) op 11 Oktober 1899 tussen van die Boere (Afrikaners) in belang van hul onafhanklikheid en sommige Britse immigrante vir die uitbreiding van Britse imperialisme. Hierdie konflik van belang kan beskou word as 'n faktor wat bygedra het tot segregasie.

Een van die gevolge van hierdie oorlog sou die verhouding met die Nie-Blanke bevolking van S.A. direk raak. Onder andere was dit duidelik in een van die klousules van die Vredesverdrag van Vereniging Mei 1902 gestel, dat die Boere daarvan verseker kon wees dat stemreg nie aan Swartes gegee sou word in die voormalige Boererepublieke voordat die Boererepublieke se selfregering nie herstel was nie, en dat daar so gou moontlik uitsluitel gegee sou word oor die stemregkwessie vir Nie-Blanke bevolkingsgroepe.(Reader's Digest, 1988:263) Met hierdie ooreenkoms was die Blanke inwoners van die Boererepublieke daarvan verseker dat hulle na die verkiesings wat uiteindelik gehou sou word, hulle sou oorheers ongeag die pogings wat aangewend was deur die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en die Goewerneur van die besette Boererepublieke Lord Alfred Milner, om die politieke mag van die Blankes in die noorde te breek met die aanmoediging van Britse immigrante en die anglisering van Suid-Afrika. Milner wie se taak dit was om die voormalige Boererepublieke na die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899) her op te bou, het geglo in die politieke opperheerskappy van Blankes soos dit na vore kom in 'n toespraak wat hy in 1903 voor 'n gehoor gemaak het en die volgende gesê het: **"A political equality of white and black is impossible. The white man must rule, because he is elevated by many, many steps above the black man; steps which it will take the latter centuries to climb, and which**

it is quite possible that the vast bulk of the black population may never be able to climb at all." (Reader's Digest, 1988:266)

Hierdie toespraak se inhoud en die dominante rol van die Afrikaners in die Boererepublieke word duidelik weerspieël in die rol wat die verteenwoordigers van die Transvaal, Oranje Vrystaat, gesteun deur Natal, gespeel het om Swartes van die algemene kieserslys te verwyder in onderhandelings wat plaasgevind het vir die moontlike unifikasie van die voormalige kolonies in S.A..(Van Jaarsveld, 1976:401) Behalwe deur 'n aanduiding te gee van die dominante rol van die Afrikaner in die Boererepublieke het die toespraak alreeds 'n aanduiding gegee van wat die Nie-Blanke bevolking in die toekoms kon verwag met Apartheid. Gelukkig kon die verteenwoordigers van die Kaapkolonie gedurende hierdie onderhandelings vir 'n grondwet vir die Unie van S.A., op daardie stadium daarin slaag om stemreg vir almal wat gekwalifiseer het op grond van eiendomsreg en ander kwalifikasies, te verskans in die grondwet van die Unie van S.A.. Hierdie situasie sou egter nie van lange duur wees nie. Veranderde omstandighede sou lei tot die skraping van hierdie verskansing.

Kort na Milner se vertrek uit S.A. sou sy visie en oogmerke vir die Blanke Afrikaners naamlik die onafhanklikheid van die Boererepublieke, bewaarheid word. Hierdie visie en oogmerke van Milner wat onder andere die onafhanklikheid van die voormalige Boererepublieke, die uitkakeling van volle burgerskap aan Indiërs, Kleurlinge en Swartes, en die verkondiging van segregasie en sosiale ongelykheid ingesluit het, sou aan die spits van sake staan.(Davenport, 1978:152) Uit hierdie gebeure soos ek dit geskets het, is dit duidelik dat daar alreeds 'n saadjie van segregasie gesaai was. Hierdie saadjie van segregasie sou as basis dien vir Apartheidswetgewing in laterjare. As 'n uitvloeisel van die hierdie laasgenoemde oogmerke sou Swartes kort na Uniewording van hul politieke regte of stemreg (die Kaapkolonie uitgesluit) ontnem word. Hierdie stap sou ook later na ander rassegroepe soos byvoorbeeld die Kleurlinge wat vir stemreg onder sekere omstandighede gekwalifiseer het, uitgebrei word. In die jare wat na die Uniewording van S.A. op 31 Mei 1910 sou volg, het die Unieparlement onder leiding van Generaal Louis Botha stelselmatig hul Naturelle Beleid, wat verreikende gevolge vir die Nie-Blanke bevolking veral Swartes gehad het, afgekondig.(Reader's Digest, 1988:263)

Die segregasie doktrine wat die idees van Blanke koloniste se rassisme wat sosiale ongelykheid en onderskeid tussen die verskillende bevolkingsgroepe op grond van kleur gepropageer het, was op hierdie stadium saamgevoeg met die belange van die administrateurs en werkgewers vir goedkoop arbeid, wat as belangrik beskou was vir die verkryging van 'n Unie sodat dit in 'n beleid geformuleer kon word. Uit die geskiedenis blyk dit duidelik dat die term segregasie gedurende 1910 alreeds in algemene gebruik was, omrede die Arbeiders Party onder leiding van Kolonel F.H.P. Cresswell hierdie beleid van segregasie in hul verkiesingsveldtog gebruik het. (Reader's Digest, 1988:315) As voorbeeld kan geneem word die Wet op die Regulering van Naturelle-arbeid, die Wet op Myne en Bedrywe (1911), en die Nywerheidsversoeningwet (1924) wat as kleurskeidslyn-wette aangeneem was, om Swartes in 'n kategorie van goedkoop arbeid te forseer en het dit later 'n basis vir werkafbakening geword wat veral Swartes op myne ondergeskik gemaak het aan die posisies van Blanke mynwerkers. (Davenport, 1978:359) Uit die laasgenoemde feit is dit duidelik dat die reservering van sekere werksgeleenthede gedurende die Apartheidsera hier sy oorsprong het. Hierdie Naturelle Beleid of segregasie van die Unie van S.A., was in 1913 nog verder uitgebrei met die aanvaarding van die Wet op Naturellegrond wat Suid-Afrika in Blanke en Swart gebiede opverdeel het. Binne die bepalings van die Wet op Naturellegrond was Swartes verbied om op plase as plakkers te woon, grond vir boerdery te huur of om te boer as vennoot. Hierdie wet het gebiede vir Swartes duidelik afgebaken en het die oordrag van hierdie afgebakende grond, deur dit te verkoop of te verhuur aan Blankes, verbied. (Wilson, 1971:129) Dit is belangrik om daarop te let dat twee jaar na Uniewording, 1912, die South African Native National Congress (S.A.N.N.C.) as voorloper van die African National Congress (A.N.C.) gestig was, met die doel om protes aan te teken teen die Wet op Naturellegrond. Die Nasionale Party o.l.v. Generaal J.B.M. Hertzog was twee jaar later (1915) gestig, en sou op hierdie wetgewing voortbou. Met reg kan die Wet op Naturellegrond (1913) as 'n pilaar van segregasie en as voorloper van die Wet op Groepsgebiede (1950) beskou word, omdat dit toe alreeds gebiede vir Swartes afgebaken het, waarop die Wet op Groepsgebiede (1950) sou voortbou. As 'n direkte uitvloeisel van die Wet op Naturelle grond (1913) was die Wet op Naturelle Sake (1920) aanvaar. Dit het die weg gebaan het vir die ontwikkeling van 'n landswye stamstelsel gegrond op distriksrade wat deur die regering self aangestel was, om Swartes te bestuur. Hierdie wet sou die beginsel van aparte gemeenskapsgebaseerde politieke verteenwoordiging van Swartes onderskryf en aanleiding gee tot die Wet op Naturelle Verteenwoordiging (1936), waarna ek later sal verwys. (Reader's

Digest, 1988:316) Ironies genoeg was die Wet op Naturelle grond in 1923 uitgebrei met die Swart Stadsgebiede-wet wat die teenwoordigheid, verblyf en dienskontrakte van Swartes in stedelike gebiede beheer het, en kan ook as 'n voorloper van die Wet op Groepsgebiede beskou word. Sodoende het die Swart Stadsgebiede-wet verseker dat segregasie ontwikkel word as 'n ingewikkelde gebalanseerde beheer oor arbeid. Dit was in hierdie opsig dat die regering meer en meer beheer begin uitoefen het op Nie-Blankes. Gevolglik sou die pakt-regering (1924-1933) nog verdere diskriminerende maatreëls skep vir segregasie.

Gedurende April 1923 het die Nasionale Party onder leiding van (o.l.v.) Generaal (Genl.) J.B.M. Hertzog en gesteun deur Afrikaanssprekendes wat ten gunste van afskeiding van die Britse Ryk was, 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan met die Arbeiders Party (A.P.) onder leiding van F.H.P. Cresswell wat hoofsaaklik bestaan het uit Engelsprekendes ten gunste van (t.g.v.) die behoud van bande met Brittanje. Hierdie verkiesingsooreenkoms het bekend gestaan as die Pakt, wat ten doel gehad het om die 1924 verkiesing te wen. Een van die belangrikste oogmerke van hierdie Pakt was om gesamentlik as twee verskillende politieke partye die regte van die Blanke werkers te beskerm, met hul "Beskaafde" arbeidsbeleid. (Van Jaarsveld, 1976:279) Hierdie Beskaafde arbeidsbeleid was 'n beleid wat voorkeur gegee het aan Blanke arbeid ten koste van die Nie-Blanke arbeid ten einde segregasie te bevorder. Die Pakt het uit die staanspoor onmiddellik begin met 'n aanslag op die politieke regte van Swartes, Indiërs, en later Kleurlinge. Met hierdie "Beskaafde" arbeidsbeleidsrigting het die pakt-regering daarin geslaag om hul steun onder die verarmde en ongeskoolde Blankes te vergroot om sodoende Suid-Afrikaanse Blankes te beskerm teen kompetisie vanuit die geleedere van Nie-Blanke werkers. (De Kiewiet, 1941:234-5) Die hoop was daarop gevestig dat hierdie beleid 'n moontlike oplossing kon bied aan die Armblankevraagstuk wat op daardie stadium 'n probleem geword het. Dus was die oorwinning wat die Pakt in die 1924 verkiesing behaal het 'n belangrike stap vir die bevordering van die Blankes se politieke mag en regte in die toekoms. Hierdie proses van die Blankes om die politieke mag in hul hande te kry, het alreeds in 1925 begin met Hertzog se voorstel dat reserwes of lokasies vir Swartes vergroot moet word om sodoende meer beheer oor hulle uit te oefen. Maar dit moes op so 'n manier geskied dat die Kaapse Swartes in die proses van hul stemreg ontnem word. Sodoende kon Blankes aan die einde van die dag verseker wees dat hulle as bevolkingsgroep alleen stemreg kon hê.

Met die aanvang van Julie 1925 was die segregasieproses as voorloper van Apartheid nog verder gevoer. Op hierdie stadium het Hertzog vier stukke wetgewing voor die parlement gelê vir goedkeuring. Dit was naamlik (nl.) eerstens die Wet op Verdere Vrystelling van Naturelgrond, wat voorsiening gemaak het vir die insluiting van addisionele grond in die reserwes; tweedens die Wet op 'n Naturelle Raad vir die Unie, wat beoog het om 'n Swart Raad bestaande uit 50 man daar te stel, om die Naturelle Konferensie wat bestaan het uit Swart lede wat deur die staat genomineer was, te vervang. Derdens die Wet op die Parlementêre Verteenwoordiging van Naturelle, wat beplan het om die Kaapse Swartes van die algemene kieserslys te verwyder en sewe Blanke parlamentslede aan te stel om Swartes regoor Suid-Afrika te verteenwoordig; en vierdens wetgewing om die Kleurlingstemreg te herdefinieer sodat dit na ander provinsies uitgebrei kon word. (Reader's Digest, 1988:318,338)

Uit hierdie konsepwetgewing is dit duidelik dat Hertzog 'n stryd begin het om sy ideaal vir S.A., verteenwoordig deur Blankes begin het. Na 1948 sou die Nasionale Party regering Nie-Blanke bevolkingsgroepe van hul politieke regte stroop. In opposisie met Hertzog se oogmerk om hierdie wetgewing deur te voer, die protes uit die geleedere van die Nie-Blanke politieke organisasies en hul lede oor 'n wye spektrum. Genl. Hertzog sou eers na 'n hewige stryd tien jaar later, daarin slaag om hierdie beoogde wetgewing op die wetboeke te plaas.

Een van die doelwitte waarin Hertzog gedurende 1927 wel in geslaag het, was om die regering te oorreed om die Naturelle Administrasiewet te aanvaar. Volgens die bepalings van hierdie wet was wydverspreide magte aan die regering, hoofsaaklik bestaande uit Blankes, toegeken. Ondermeer was die Goewerneur-generaal aangestel as Opperhoof oor alle Swartes, met die mag om stamhoofde en hoofmanne aan te stel, 'n stam van een gebied na 'n ander te verskuif, stamgrense te definieer, om deur middel van 'n proklamasie te regeer in enige Swart gebied, sensuur in te stel, kleredrag voor te skryf, die registrasie van grond te beheer, regsprosedures te bepaal, en om enige uitlatings of aksies wat dit ten doel gestel het om vyandigheid tussen Naturelle en Blankes te bevorder, te verban. (Reader's Digest, 1988:318)

As 'n direkte uitvloeisel van hierdie voorstelle sou die algemene verkiesing van 1929 geveg word op grond van die kleurvraagstuk of die bedreiging van 'n swart gevaar. Met die swart gevaar word bedoel dat die toename in die getalle van die Swart bevolking 'n bedreiging vir Blankes begin word het, wat moontlik Blankes se beheer oor politieke aangeleenthede sou raak en tot hul nadeel sou strek. Die periode tussen 1929 en 1933 was ook gekenmerk deur 'n werêldwye ekonomiese insinking wat ook sy gevolge in S.A. sou hê, beide Blank maar

veral Nie-Blank in armoede sou dompel en die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe sou raak. Met hierdie ekonomiese depressie was daar 'n toestroming van Blankes en Nie-Blankes na stede vir 'n beter bestaan en is paswette, wat daargestel was om die toestroming van Swartes na stede te beheer, sonder enige sukses streng toegepas.

Op hierdie stadium is die argument wat ek aanvoer, dat die jare vanaf die rekonstruksie van S.A. na die Suid-Afrikaanse Oorlog en die 1929 verkiesing, gekenmerk deur die ontwikkeling van 'n segregasie beleid en die implementering daarvan met 'n program van wetgewing wat dit ten doel gehad het om goedkoop Swart arbeid te voorsien en Blanke opperheerskappy te verseker deur veral Kaapse Swartes van die algemene kieserslys te skrap. (Reader's Digest, 1988:318) Hierdie jare van rekonstruksie sou segregasie maatreëls meebring waarop Apartheid na 1948 sou bou.

Met die samesmelting van die Nasionale Party o.l.v. Hertzog met sy Afrikaanssprekende Blanke ondersteuners wat hul beywer het vir die totale onafhanklikheid van S.A. van Brittanje en die Suid-Afrikaanse Party (S.A.P.) o.l.v. Genl. J.C. Smuts en sy Engelssprekende volgers t.g.v. die behoud van bande met Brittanje gedurende 1934, sou die Verenigde of Smelters Party soos dit bekend was, tot stand kom. Die Verenigde Party (V.P.) sou nog meer segregasie wetgewing op die wetboek plaas en sou 'n nuwe era in S.A. se politiek begin. Onder andere het Hertzog in 1936 met die Naturelle Verteenwoordigingswet daarin geslaag om Kaapse Swartes van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder en hulle op 'n aparte kieserslys geplaas. Volgens die bepalings van hierdie wet het Swartes drie setels in die Volksraad verkry asook vier verteenwoordigers in die Senaat wat deur Blankes verteenwoordig was. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir 'n Verteenwoordigende Naturelle Raad van 23 lede (7 Blankes, 4 genomineerde en 12 verkose Swartes). Die funksie van hierdie raad was om die Minister van Naturelle Sake van advies te voorsien aangaande Swartes. In dieselfde jaar was die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust en Grond Wet aangeneem wat voorsiening gemaak het vir die stigting Naturelle Trustfonds om beheer uit te oefen oor grond wat toegeken was in terme van die Wet op Naturellegrond (1913). Aanvullend hierby was die regering ook die volmag gegee om meer grond waarop Swartes gevestig kon word aan te koop en te ontwikkel. Hieruit wil ek dus beweer dat die regering van die dag met die beskikbaarstelling van meer grond aan Swartes hul beleid van segregasie verder uitgebou het, deur seker te maak dat Swartes tot sekere gebiede beperk word ten einde die verhouding

tussen bevolkingsgroepe te vertroebel. Op hierdie stadium was daar alreeds dus tekens vir stappe om Kleurlinge van hul politieke regte te ontnem. Uit die bogenoemde gebeure is dit duidelik dat die poging om Nie-Blankes van hul politieke regte te ontnem na 1948 tot 'n spits gedyf sou word.

Voor 1934 was daar aanvanklik pogings aangewend om die Kleurlingstemreg na ander provinsies uit te brei, maar dit was sonder enige sukses. Alhoewel, die Verenigde Party na 1934 die versekering gegee het dat die Kleurling stemreg veilig was en dat daar geen sprake van politieke segregasie was nie, het Dr. D.F. Malan van die Gesuiwerde of Herenigde Nasionale Party (H.N.P.), 'n faksie wat weggebreek het na die samesmelting van die Nasionale Party o.l.v. Genl. Hertzog met die Suid-Afrikaanse Party (S.A.P.) o.l.v. Genl. Smuts, op die vooraand van die 1938 verkiesing alreeds laat blyk dat indien die Herenigde Nasionale Party aan bewind sou kom, Kleurlinge op 'n aparte kieserslys geplaas sou word en dat alle ander bevolkingsgroepe wat nie as Blankes beskou was nie, onderwerp sou word aan 'n segregasiebeleid omdat hul stemreg daarna nie meer nodig sou wees om die N.P. se rassebeleid toe te pas nie. (Du Pre, 1994:57) Hierdie uitspraak van Malan sou egter baie Kleurlinge van sy party vervreem en het hy 'n volkskaalse stryd begin om die steun van die Blanke Afrikaner gemeenskap te wen ten einde 'n stelsel vir die ongelyke behandeling van die verskillende bevolkingsgroepe in S.A. toe te pas. Kort na hierdie uitsprake het Malan en sy volgelinge in hul verkiesingsmanifes vir die 1938 verkiesing 'n beroep gedoen op aparte woongebiede, aparte werkersunies en werkplekke, die afskaffing van alle vorme van Swart verteenwoordiging in die parlement en 'n staking van verdere grondaankope vir Swartes. (Reader's Digest, 1988:347) Met hierdie verkiesingsmanifes van 1938 is dit duidelik dat die ontwikkeling en die implementering van segregasie aan die spits van sake was vir 'n toekomstige beleid in S.A., en kan dit as 'n voorsmakie beskou word van wat die latere apartheidsbeleid en wetgewing sou behels. Gedurende 1939, was die Suid-Afrikaanse parlement egter vasgevang in 'n besluit oor deelname aan die Tweede Wêreld Oorlog wat hul segregasie beleid tydelik op die agterbaan geskuif het. Hierdie gebeurtenis het egter 'n skeuring in die Verenigde Party wat bestaan het uit lede van die N.P. en S.A.P., meegebring. Dit het direk gelei tot Hertzog se bedanking uit die kabinet op grond van sy standpunt dat S.A. neutraal in die oorlog moes bly. Die uiteinde van hierdie aangeleentheid was dat diegene wat teen hierdie besluit van deelname was, hul uiteindelik aangesluit het by Malan se Gesuiwerde of Herenigde Nasionale Party.

Teen hierdie agtergrond het die Verenigde Party daarin geslaag om 'n groot verbetering in die ekonomie te bewerkstellig, sowel as om hul eie segregasie maatreëls soos o.a. hul uitbreiding van werkreservering en aparte parlementêre verteenwoordiging vir Kleurlinge by monde van 'n Adviserende Kleurlingraad (1942) bestaande uit 20 genomineerde lede, te ontwikkel.(Neame, 1962:75) Met die verkiesing wat in 1943 sou volg, sou dit 'n oorwinning vir die Smuts regering wees, maar kiesers sou hul vertrouwe in hom verloor, wat uiteindelik tot sy val sou lei. Die 1940's sou gekenmerk word deur 'n era van verzet deur Nie-Blanke verzetbewegings teen die segregasie wetgewing, omdat 'n nuwe geslag Nie-Blanke aktiviste ontwikkel het wat meer desperaat en militant was.(Reader's Digest, 1988:360) Alhoewel die ontwikkeling en implementering van segregasie maatreëls voor 1948 nie sodanig streng was nie, het dit die lewens van Nie-Blankes drasties beïnvloed, veral wat die onderwys betref.

In die lig van hierdie wetgewing sou Apartheid in die onderwys vir die Nasionaliste regering van sentrale belang wees om hul segregasie beleid 'n werklikheid te maak en om Blankes bo ander bevolkingsgroepe te bevoordeel. Dit sou gebaseer word op die beginsels van Christelike Nasionale Onderwys waarvolgens onderwys en opvoeding gerig sou word om kinders te leer dat hulle tot 'n bepaalde gemeenskap of bevolking behoort.(Davenport, 1978:349) Vir die doel moes Blanke Afrikaanssprekendes onderrig in hul moedertaal ontvang, en het die regering alle Swart onderwys onder staatsbeheer gebring ten einde dit volgens hul apartheidsbeginsels en segregasie te beheer. Uit die bogenoemde agtergrond is dit duidelik dat daar segregasie maatreëls voor 1948 bestaan het, waarop Apartheidswetgewing sou bou. In aansluiting hierby sal ek in die volgende hoofstuk gaan kyk hoe die regering van die dag na die 1948 verkiesing wat 'n oorwinning was vir die Nasionale Party was, hierdie vooraf bespreekte segregasie maatreëls sou gebruik as fondament vir hul Apartheidswetgewing.

HOOFSTUK 2

2. Apartheidswetgewing:

Voordat ek egter die Apartheidswetgewing gaan bespreek, is dit belangrik dat die konsepte van segregasie en ongelykheid uitgelig word waarmee ek gaan werk, aangesien die raamwerk van my argument is dat Apartheidswetgewing in Suid-Afrika hierdie twee konsepte as basis sou gebruik in beleidsrigtings wat veral na 1948 sou volg. Wat die konsep van segregasie aangaan sal ek dit omskryf in terme van wetgewing wat aangewend was om die beginsel van afsonderlikheid te onderskryf deur die skepping van aparte rasse of etniese groepe, en wat as uitvloeisel voorsiening gemaak het vir afsonderlike onderwys, ontspanningsgeriewe, woonbuurte, en ander fasiliteite vir Blankes en Nie-Blankes. In aansluiting hierby het segregasie gepaard gegaan met ongelykheid wat gegrond was op ras en kleur met direkte diskriminerende praktyke vir ongelyke behandeling in die vorm van bevoordeling van Blankes bo Nie-Blankes. Hierdie diskriminerende praktyke het ongelykhede meegebring wat van toepassing was op die wetgewing self, mense regte, politieke regte en ander fasette van die samelewing vir diegene wat as Blank of Nie-Blank volgens wetgewing geklassifiseer was. Teen hierdie agtergrond word die konsepte segregasie en ongelykheid soos omskryf duidelik in die Apartheidswetgewing weerspieël. In beginsel was hierdie wetgewing so ontwerp om spesifiek voorsiening te maak vir afsonderlike rasse of etniese groepe met gepaardgaande verskille in voordele tot fasiliteite afhangende van 'n individu of groep se ras of kleur. Dit het segregasie en ongelykheid in die vorm van diskriminasie in die wetgewing aangaande onderwys teweeg gebring. Ek sal in Hoofstuk 4 weer hierdie bogenoemde omskrywings van die konsepte van segregasie en ongelykheid gebruik, om die verskille tussen onderwyswetgewing vir Blankes, Kleurlinge en Swartes uit te klaar.

Binne hierdie hoofstuk wil ek dan nou graag gaan kyk na wat die hoofogmerke en gevolge van apartheidswetgewing was en hoe die Blanke bevolking bevoordeel was bo die Kleurling, Swart, en Indiër bevolking wat onderdruk is, en sosiaal, ekonomies, en polities benadeel was. As uitvloeisel van die verskillende beleidsrigtings vir die verskillende bevolkingsgroepe in S.A. sou dit ook die onderwys beïnvloed. Soos ek alreeds binne die vorige hoofstuk (1) aangedui het, dateer die verhoudings en botsings tussen die Swart, Kleurling en Blanke bevolkingsgroepe in S.A. tot in 1488 met die landing en aankoms van Bartholomeus Diaz (Du

Pré, 1994:11) en was daar alreeds tekens van segregasie of rasseskeiding wat gepaard gegaan het met ongelukheid en diskriminasie. Vir die doeleindes van my mini-tesis sal ek my beperk tot die tydperk kort voor 1948 en daarna.

Indien ons vandag na Suid-Afrika se ontwikkelende onderwysstelsel en algemene beleidsrigting kyk wat streef om gelykheid vir alle bevolkingsgroepe te bewerkstellig, ongeag hul ras of kleur, kan ons dit nie as vanselfsprekend beskou dat hierdie doelwit vir gelykheid in die verlede nagestreef was nie. Hierdie oogmerke vir die onderwysstelsel en beleid wat nagestreef word, is die uitvloeisel van 'n era van veranderinge wat noodgedwonge moes plaasvind vanweë gedurige druk uit alle oorde vir veranderinge aan die beleid van segregasie of apartheid en ongelukheid wat na 1948 deur die regering onder leiding van die Nasionale Party (N.P.) gevolg was. Sou ons die geskiedenis van S.A. nagaan, sal ons vind dat daar alreeds gedurende die tydperk van Uniewording 1910 en die 1920's pogings aangewend was om die Kleurling en Swart bevolkings sekere regte te ontnem, soos ek dit in die vorige hoofstuk (1) uiteengesit het. Die gevolge van hierdie stappe, argumenteer ek, het segregasie en ongelukheid onderskryf. Dit is uit die geskiedenis duidelik dat Generaal J.B.M. Hertzog alreeds in 1925 met sy De Wilt en Smithfield toesprake duidelike tekens van segregasie en ongelukheid wat ook die onderwys direk sou raak tussen die verskillende bevolkingsgroepe in S.A. die wêreld ingestuur het. (Van Der Ross, 1986:83) Die Blanke Afrikaner regering sou egter in latere jare hierdie basis en idees van segregasie verfyn en gebruik vir hul beleid van rassediskriminasie om hulself te bevoordeel en ongelukheid tussen rasse te bevorder.

Met die bewind van die Nasionale Party in 1948 sou hulle die algemene verkiesing wen met die belofte dat hulle die bevolking sou segregeer op grond van ras en kleur met gepaardgaande ongelukheid en diskriminasie binne alle sferes van die samelewing hetsy sosiaal, polities, residensieël, ekonomies of opvoedkundig. Om hierdie doel te bereik, moes die regering van die dag die verskillende rassegroepe identifiseer en elke Suid-Afrikaner klassifiseer as deel van 'n gedefinieerde rassegroep en hulle dan segregeer op grond van kleur. (Du Pre, 1994:3) Hierdie rasse klassifikasie was volgens Du Pre gedoen omdat dit polities gerieflik was, en nie slegs omdat dit rassisties was nie. Volgens hom wou Blanke Afrikaners 'n eksklusiewe elite groep skep om hulself te verryk, en vir hierdie rede was sekere rassegroepe wat onder Blanke Afrikaners (soos byvoorbeeld die van Griekse oorsprong)

geressorteer het, ingesluit en ander uitgelaat.

Ten einde die Nasionale Party regering in hul doel te laat slaag m.b.t. hul beleid van rassediskriminasie, was die regering van die dag opsoek na 'n tasbare en identifiseerbare beleid om die sosiale, politieke en ekonomiese konstruksie van die Suid-Afrikaanse bevolking van stapel te stuur en in stand te hou. Die bereiking van hierdie doelwit van rassediskriminasie sou hulle vind in hul beleid van Apartheid. Die begrip of woord "Apartheid" is van Nederlandse afkoms wat afsonderlik of skeiding beteken. Binne die Suid-Afrikaanse konteks was dit ontwerp om "rasseskeiding" te beteken. Vir die Blanke Afrikaner het die konsep van segregasie nie ver genoeg gegaan nie, omrede dit nog aan Nie-Blankes (Kleurlinge, Swartes en Indiërs) die hoop gebied het dat hulle d.m.v. onderwys en opvoeding asook met genoegsame assimilasie (of die vertering) van die Westerse beskawing, hulle hulself as gelyk met die Blankes kon beskou en opgrond hiervan uiteindelik 'n aandeel in die regering van die land kon hê. (Du Pre, 1994:65) Gevolglik moes die apartheidsbeleid so ontwerp word dat dit hierdie valse hoop van gelykheid kon neutraliseer en verseker dat Nie-Blankes nie die onderwys en opvoeding verkry wat hul uiteindelik in 'n gelyke posisie met dié van die Blanke bevolking sou bring nie. Vir hierdie redes sou aparte onderwysstelsel vir die verskillende bevolkingsgroepe 'n uitvloeisel van die apartheidsbeleid wees ten einde die doel van segregasie en ongelykheid te bereik. Ek sal nou graag 'n kort algemene uiteensetting wil gee van wat die Apartheidswetgewing was en die gevolge wat daarmee gepaard gegaan het, ten einde die beginsels van segregasie en ongelykheid te onderskryf.

Om die beleid van apartheid uitvoerbaar te maak en dit te grond in die ongelyke behandeling vir die verskillende bevolkingsgroepe, het die Nasionale Party na 1948 'n reeks wette aangeneem om 'n duidelike skeiding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in S.A. te bewerkstellig. Om die vermenging tussen Blankes en Nie-Blankes te voorkom, is die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike gedurende 1949 aangeneem. Hierdie wet het huwelike tussen Blankes en Swartes, Kleurlinge, en Asiërs onwettig verklaar om sodoende onnodige komplikasies wat moontlik die gevolg van vermenging tussen rasse kon wees, te voorkom. Dit is hier alreeds duidelik dat hierdie wetgewing beoog het om segregasie en ongelykheid te beklemtoon. Ter aanvulling en versterking van die Wet op die Verbod op Gemengde huwelike, was dit uitgebrei met die Wet op Ontug in 1950, waarvolgens geslagsomgang

tussen Blankes en ander Nie-Blanke bevolkingsgroepe verbied was, as voorsorgmaatreël vir vermenging. Beide die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike en die Wysigingswet op Ontug het diep skeurings in gemeenskappe te weeg gebring waar gemengde huwelikspare teenwoordig was. Onder hierdie omstandighede was man en vrou dikwels van mekaar weggeskeur en gesinne verdeel wat hul kinders en hul onderwys direk geraak het. In baie gevalle moes persone wat hierdie wet oortree het soos in die geval van gemengde pare, in aparte kamers en wonnings bly ten einde die polisie te ontwyk vir arrestasies en vernederings. Dit blyk duidelik dat hierdie wet ontwerp was om die Blanke ras te beskerm asook om rasse wrywing te vermy, ten einde die wit ras of Blankes "suiwer" te hou. (Christopher, 1994:104)

In die meeste gevalle was hierdie wet onregverdig toegepas. So byvoorbeeld was daar heelwat gevalle waar gemengde pare gesamentlik verhoor was, waar die een Nie-Blanke vennoot, in die meeste gevalle 'n vrou, skuldig bevind en 'n vonnis opgelê was, terwyl haar Blanke vennoot, in die meeste gevalle 'n man, of 'n ligte straf opgelê of vrygespreek was. Selfs in die onderwysstelsel was die onderwysdepartemente, skole en kurrikulum daarop geskoei om hierdie beginsel van die vermenging van bevolkingsgroepe op alle vlakke te voorkom en toe te pas, asook om die bewustheid van afsonderlikheid en verskille te skep en te handhaaf, soos dit beklemtoon was deur hierdie betrokke Apartheidswetgewing. (Christie, 1990:127) Die laasgenoemde praktyke is duidelike tekens van wetgewing wat segregasie en ongelykheid bevorder het. Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike was egter in 1985 herroep ter verligting van baie gemengde paartjies.

Gedurende 1950 was apartheid se beginsels van segregasie en ongelykheid verder gemotiveer met die aanname van die Bevolkingsregistrasiewet as 'n meganisme om te bepaal tot watter ras 'n individu behoort en om 'n register of rekord te hou van die bevolking. Hierdie wet het elke inwoner van Suid-Afrika binne 'n betrokke rassegroep geplaas op grond van kleur. Elke inwoner bo die ouderdom van sestien jaar was deur hierdie wet verplig om in besit te wees van 'n persoonskaart waarop die bevolkingsgroep waartoe hy of sy behoort het, aangedui was. Met die implementering van hierdie wet het dit die gevolg gehad dat die bevolkingsgroepe in S.A. aanvanklik geklassifiseer was in vier kategorieë wat hul kleur betref, naamlik Blankes (Wit), Kleurling (Bruin), Indiër (Asiër), en Naturel (Swart). Enige persoon wat nie as wit of 'n Naturel (of Bantoe) of 'n Indiër geklassifiseer was nie, was as 'n Kleurling geklassifiseer. Met die Bevolkingsregistrasiewet (1950) het elke rasse

klassifikasie gepaard gegaan met sekere voorregte en voordele, wat die konsepte van segregasie en ongelykheid in wetgewing gepropageer het. Ek sal enkele van hierdie verskille in hoofstukke 2, 3 en 4 uitlig en bespreek. So byvoorbeeld was Blankes die mees bevoorregtes, gevolg deur die Kleurlinge, dan Indiërs (of Asiërs) en laastens die Swartes. Volgens Du Pre het hierdie rasse klassifikasie wetgewing die Kleurling die swaarste getref omrede dit baie individue ontwortel, kultureel gedril en los gemaak het van bevolkingsgroepe wat godsdienstig, polities en sosiaal bestaan het en gevolglik saamgegooi was op die basis van 'n enkele negatiewe karaktertrek. (Du Pre, 1994:5)

Gebaseer op hierdie beginsel van rasseklassifikasie vir die verskillende bevolkingsgroepe, was sekere werksgeleenthede gereserveer vir Blankes en was ander gekleurdes uitgesluit. Selfs in onderwys sou hierdie onderskeidings tussen die bevolkingsgroepe (segregasie en ongelykheid) in die daaropvolgende jare in Apartheidswetgewing weerspieël word d.m.v. aparte skole en opleiding vir die verskillende rassegroepe en sou hierdie wetgewing baie Nie-Blankes binne alle sfere van die samelewing verneder. 'n Goeie voorbeeld was die verskillende aparte onderwysdepartemente wat geskep was vir elke bevolkingsgroep en hul beheptheid met die kleur van 'n individu. Die beleid wat deur die verskillende onderwysdepartemente gevolg was, het leerders verplig om skole by te woon wat vir hul bevolkingsgroep geskep was. Daar was ook 'n gesegregeerde en ongelyke onderskeid getref m.b.t. die kwaliteit en standaard van onderwys wat aan die verskillende bevolkingsgroepe beskikbaar was. Onder andere was Blanke leerders bevoordeel, omdat hul standaard en kwaliteit van onderwys verskil het van die ander bevolkingsgroepe wat hul direk bevoordeel het vir beter beroepskeuses. (Christie, 1990:195) Apartheidswetgewing se doel om segregasie en ongelykheid te bevorder kom hier duidelik navore. A.g.v. hierdie onderskeidings en vernederings wat saam met die apartheidsbeleid gepaard gegaan het, het baie Nie-Blankes hulle as blank laat herklassifiseer om ook beter voorregte en voordele te geniet. Gemotiveer deur die segregasie en ongelykheid in wetgewing wat voorgekom het a.g.v. die klassifikasie van 'n individu op grond van sy velkleur of ras, sou dit ook woongebiede raak. Vir die doel om die verskillende bevolkingsgroepe van S.A. residensieel op 'n gesegregeerde basis te akkommodeer, was hiervoor voorsiening gemaak bywyse van die Wet op Groepsgebiede (1950). Ek sal vervolgens die Wet op Groepsgebiede en sy implikasies bespreek wat, sal ek argumenteer, segregasie en ongelykheid onderskryf het.

As daar seker een wet was wat diepe vernedering en armoede vir die Nie-Blanke bevolking geskep het, was dit die Wet op Groepsgebiede wat in 1950 aangeneem was. Dr. T.E. Dinges, destydse Minister van Binnelandse Sake het met die bekendstelling van die Wet op Groepsgebiede aan die parlement in 1950, na hierdie wet verwys as een van die belangrikste maatreëls wat ontwerp is om 'n Wit Suid-Afrika te preserveer. (Christopher, 1994:105) Gevolglik was die doel van die Wet op Groepsgebiede om elke bevolkingsgroep volgens die Bevolkingsregistrasiewet tot 'n sekere gebied te beperk m.b.t. eienaarskap, besetting en handel. Persone wat nie deel van 'n voorgeskrewe bevolkingsgroep was nie, sou geforseer word om 'n gebied te verlaat en hul te vestig in 'n gebied wat vir hul bevolkingsgroep gereserveer was. 'n Gevolg van hierdie wet was egter dat die regering die mag gehad het om aparte woonbuurte vir Blankes, Kleurlinge, Asiërs en Swartes te skep en aan te wys. As direkte uitvloeisel van hierdie wet sou dit die totale segregasie of apartheid van rassegroepe wees, en nie slegs die minimale skeiding tussen bevolkingsgroepe wat woongebiede aangaan soos dit die geval was gedurende die koloniale tydperk en die tydperk van die Unie nie. Op hierdie manier sou die regering verseker dat sosiale kontak tussen gemeenskappe tot die minimum beperk word en sou dit d.m.v. wetgewing die wedywering vir stedelike gebiede tussen Blank en Nie-Blank uitgeskakel. In lyn hiermee sou segregasie ten opsigte van woongebiede vir Blank en Nie-Blank formeel in wetgewing gehuldig word. In hierdie proses sou Kleurlinge en Asiërs tot hul nadeel uit gevestigde gebiede ontwortel word en was hulle geforseer om hul oorspronklike tuistes in goeie voorstede naby stede en hul werkplekke te verruil vir ongewenste gebiede ver van stede en hul werksplekke. In die meeste gevalle was voormalige Nie-Blanke gebiede tot Blanke woongebiede verklaar en was buffersones tussen groepsgebiede geskep om bewegings te beperk en sosiale kontak te voorkom. Hierdie buffersones was geskep deur geen direkte padverbindinge, nywerheidsgebiede, sentrale besigheidsgebiede, spoorlyne ens. Aanvanklik het die Wet op Groepsgebiede ook beoog dat elke groepsgebied sy eie winkelsentrums en plaaslike bestuur moes hê, om op die manier sosiale kontak te vermy en model apartheidsgebiede te skep. Voorsiening was ook gemaak vir toekomstige uitbreidings van Blanke groepsgebiede deur groot stukke grond oop te laat, tot die nadeel van ander bevolkingsgroepe. (Christopher, 1994:106-116) Met die aanname van die Wet op Groepsgebiede as Apartheidswetgewing, het dit segregasie as kernpunt vir ontwikkeling as prioriteit gestel.

Alhoewel dit blyk dat hierdie woonbuurtskeiding alreeds voor 1948 teenoor die Swartes toegepas was, was Kleurlinge en Asiërs nog toegelaat om eiendom in woongebiede saam met Blankes, te besit. Maar, in die geval van Swartes was hul bewegings buite hul woonbuurte en tuislande wat vir hulle geskep was, beheer deur 'n beleid van toegangsbeheer. Vir die beweging buite gebiede wat vir Swartes gereserveer was, moes hulle 'n pas dra (volgens die Wysigingswet op Naturelle, 1951) wat tydelike toestemming verleen het om buite hul gebiede rond te beweeg. Indien Swartes nie in besit van so 'n pas was nie, was hulle gearresteer. Onder andere moes hulle die toestemming van 'n amptenaar verkry indien hulle 'n werksgeleentheid wou aanvaar of van werk wou verander.(Reader's Digest, 1988:377) Ongeag dit het Swartes veral hul vrye stedelike gebiede verloor, 'n minderheid Blankes was verskuif en alle ander Nie-Blanke groepe was bedreig deur tydelike maatreëls. Uit die laasgenoemde is dit duidelik hoe Swartes in vergeleke met Blankes onderwerp was aan segregasie en dat daar teen hulle gediskrimineer is op sosiale en ekonomiese vlak.

Met die aanbreek van 1954 was die Wet op Groepsgebiede met sy segregasie en ongelykhede wat woongebiede aangaan, verder uitgebrei met die Wet op Hervestiging van Swartes. Hierdie wet het meganismes voorsien om Swartes vanuit gereserveerde Swartgebiede te verwyder, terwyl die bestaande wetgewing en aanpassings daarvan die regering in staat gestel het om feitlik alle aspekte van Swartes se persoonlike en gemeenskapslewens te beheer.(Christopher, 1994:105) Die praktiese probleme om Swart woongebiede te verklaar gedurende 'n era waar Swartes nie grond kon besit in gebiede buite hul tuislande nie, het nog verder die kwessie van groepsgebiede verduister. Ter verduideliking was 'n Swart plakkerskamp van Johannesburg, Sophiatown wat aanvanklik as 'n Swart woongebied verklaar was, omskep in 'n Blanke woonbuurt. Swartes binne hierdie laasgenoemde gebied was verskuif na 'n nuwe Swart woonbuurt Meadowlands.(Reader's Digest, 1988:416) Uit die bogenoemde feite blyk dit dat die Nasionale Party met die Wet op Groepsgebiede beoog het, om sosiale omgang so te beperk dat hulle "gesuiwerde" woonbuurte kon skep deur rassegroepe van een gebied na 'n ander te verskuif tot voordeel van Blankes.

As 'n uitvloeiing van die Wet op Groepsgebiede en sy byvoegings ten gunste segregasie en ongelykheid was baie skole van Nie-Blankes geforseer om te verskuif wat verder onnodige staatsuitgawes te weeg gebring het. 'n Direkte gevolg van hierdie wet was dat families

opgebreek was, omdat baie geforseer was om hul huise en besittings te verkoop en hul in woongebiede moes vestig wat nie in hul algemene behoeftes van onderwys vir hul kinders kon voorsien nie. In baie nuwe groepsgebiede wat vir Nie-Blankes geskep was, was daar aanvanklik 'n tekort aan skole. Baie Nie-Blanke ouers was geforseer om hul kinders by ander familieledes wat naby skole woonagtig was uit te plaas, wat indirek die onderwys en opvoeding van hul kinders wat ouerlike toesig betref benadeel het, en onder andere hulle ook ekonomies en moreel gebreek het. In vergelyking met die voorregte en fasiliteite wat Blankes binne hul groepsgebiede en skole geniet, het baie Nie-Blanke skole geen sport of byeenkoms fasiliteite gehad nie, en moes byeenkomste en ander vergaderings in die opelug gehou word. Onderwysers moes in baie gevalle onderwys en lesse aanbied sonder die nodige toerusting wat wel in Blanke skole aangetref is. Ter saaklik was hierdie benadeelde skole as uitvloeisel van die Wet op Groepsgebiede ook opgesaal met 'n sillabus wat dit ten doel gestel het om derde rangse burgers te skep en die ongelykhede tussen die bevolkingsgroepe te beklemtoon. (Kallaway, 1984:167-168) Vervolgens wil ek nou graag gaan kyk hoe hierdie Wet op Groepsgebiede en verdere Apartheidswetgewing soos o.a. die Wet op Aparte Geriewe (1953) segregasie en ongelykheid t.o.v. die Nie-Blanke bevolking op sosiale vlak indirek geaffekteer het.

'n Stelsel of gebruik wat reeds voor 1948 in die praktyk gemik op segregasie toegepas was, was die Wet op Aparte Geriewe wat in 1953 tot wet verhef was. Die Wet op Aparte Geriewe het nou ingeskakel met die reservering van grond gebaseer op ras soos dit neergelê was deur die Wet op Groepsgebiede ten einde te bepaal wie sekere geriewe mag gebruik. In terme van die bepalings van hierdie wet was apartheid verpligtend gemaak in alle openbare plekke soos onder andere swembaddens, stasies, publieke toilette, parke, strandoorde, poskantore ens. Hierdie wet se oogmerk was egter om te verhoed dat Blank en Nie-Blank nie in die openbaar op sosiale vlak saam verkeer of dieselfde geriewe gebruik nie. "Afsonderlik" volgens die Wet op Aparte Geriewe het nie "gelyk" beteken nie. (Christopher, 1994:143) Regeringskantore en poskantore was afgeskort en aparte ingange en roltrappe was voorsien vir Blankes en Nie-Blankes. Vir die doel was spesifieke bordjies in openbare plekke aangebring om aan te dui watter geriewe vir watter bevolkingsgroep beskikbaar was. Dus was die ervaring van Blankes en Nie-Blankes van dieselfde gebou verskillend, omdat verskillende kantore na die behoeftes van twee groepe moes omsien. Ter aansluiting hierby het hierdie Apartheidswetgewing

konkrete strukture vir segregasie en ongelykeheid geskep. 'n Oortreding van hierdie wet was strafbaar met inhegtenisname en 'n vonnis. Nêrens elders was hierdie wet in sy ergste vorm ondervind as op treine nie omrede treine streng gesegregeerd was. Die meeste Blankes het eerste klas gery, Kleurlinge tweede klas, Swartes derde klas. Omdat baie Nie-Blankes nie eerste klas kaartjies kon bekostig nie, het hulle derde klas gereis. Hierdie afsondering op treine was in die meeste gevalle gedoen om ekonomiese redes wat Blankes goed gepas het. Na 1948 was Nie-Blankes egter verplig om derde klas te ry ongeag of hulle 'n eerste klas of tweede klas kaartjies gehad het. Op 'n latere stadium was tweede klas kaartjies op treine heeltemal uitgeskakel.

Op die gebied van sport en die geloofslewe as deel van onderwys en opvoeding was aparte geriewe vir Blankes en Nie-Blankes geskep wat opsigtelik verskillend en ongelyk van mekaar was. Grotendeels was sportstoerusting, en sportvelde van hoë gehalte - 'n luuksheid wat slegs Blankes kon geniet. As gevolg van die regering se Wet op Aparte Geriewe was die Nie-Blanke bevolking blootgestel aan vernederende omstandighede wat openbare geriewe betref, en sou hierdie wet in die jare wat sou volg tot die uiterste beproef en uitgedaag word. Ek wil nou graag na die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers (1956) gaan kyk wat Nie-Blankes se politieke regte en verteenwoordiging in die regering op 'n gesegregeerde en ongelyke basis direk geraak het.

Na 'n hewige en lang stryd wat sedert 1951 begin het om Nie-Blankes van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder, het die Nasionale Party-regering gedurende 1956 daarin geslaag om die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers deur te voer om in hul oogmerk van segregasie te slaag. Volgens die bepalings van hierdie wet was Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys verwyder en op 'n aparte kieserslys geplaas. By implikasie was baie Kleurlinge van hul politieke regte beroof en die meerderheid het in weerwraak geweier om met die regering saam te werk op 'n Uniale Raad vir Kleurlingsake ('n voorloper van die Departement van Kleurlingsake) om na hul belange om te sien. Hierdie apartheidsmaatreëls vir die onteiening van die Kleurlingstemreg het getoon dat die Nasionale Party met die steun van Blankes vasberade was om alles in die stryd te werp vir hul oorlewing in 'n verkiesing ongeag die stemreg van die gekleurdes. (Worden, 1994:97) Die Kleurlinge se frustrasies, en verwerping van hierdie wetgewing sou egter in

latere jare geopenbaar word met hul deelname aan protes aksies teen Apartheidswetgewing.

Kort nadat die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys geplaas was, het die onderwys en opvoeding van Nie-Blankes nog 'n knou gekry met die aanvaarding van die Wet op Aparte Universiteite van 1959. Onder hierdie wet was oop universiteite soos onder andere (o.a.) Witwatersrand en Kaapstad verbied om ander studente as Blankes aan dié universiteite toe te laat sonder spesiale Regeringstoestemming. Vir die doel was aparte universiteite vir die verskillende Nie-Blanke bevolkingsgroepe gegrond op etnisiteit geskep. Dit het onder andere die Universiteit van Wes-Kaapland (Bellville, vir Kleurlinge), Durban-Westville (vir Indiërs), en Fort Hare (vir Xhosas) wat alreeds sedert 1911 ontstaan het, ingesluit. Met implementering van hierdie wet, het die apartheidsregering dit duidelik gemaak dat hierdie universiteite dit as doel moet stel om die nasionale kultuur onder hul eie groepe te stimuleer en dat toekomstige leiers hier opgevoed en opgelei word, nie die kleurskeiding moes breek nie, maar dit behou in belang van beide Blanke en Nie-Blanke groepe. (Christopher, 1994:152) In die meeste gevalle was hierdie universiteite deur Blanke lektore beman. Op hierdie manier wou die regering met Apartheidswetgewing verseker dat sy beleid van apartheid met sy segregasie en ongelykhede ook op tersiêre en akademiese vlak uitgevoer word tot voordeel van die Blanke bevolking.

Uit die bogenoemde wetgewing is dit duidelik dat afgesien van ander gevolge en faktore, die apartheidsbeleid en wetgewing wydverspreide werkloosheid, armoede en ongelykhede vir die Nie-Blanke bevolking geskep het. Aan die anderkant was dit geformuleer vir die behoud en bevoordeling van Blanke opperheerskappy op alle vlakke van die samelewing. Ondermeer sou hierdie wetgewing ook Werkaftakening of reservering tot gevolg hê wat sou verhoed dat Nie-Blankes werkseleenthede bekom wat hul opvoeding en aanlegte pas. Apartheidswetgewing het as doel die stereotipering van Nie-Blankes tot gevolg gehad en was as middel gebruik om 'n bron van goedkoop arbeid te skep. (Kallaway, 1984:163) As uitvloeisel van hierdie wetgewing was Nie-Blanke leerders blootgestel aan rassistiese sillabusse, swak geriewe, swak gekwalifiseerde onderwysers en ander probleme wat hul uitslae direk geraak het, afgesien van die onregverdighede wat hulle in die gewone samelewing moes verduur. (Kallaway, 1984:170-183) Hierdie swak standaard van opvoeding kan direk voor die deur van Apartheidswetgewing gelê word. Wat sake verder vererger het, is die in baie gevalle waar van die Nie-Blanke skole

beman en bestuur is deur rassistiese Blanke onderwysers wat in hul eie skole gefaal het en nie in 'n permanente hoedanigheid aangestel kon word nie. Baie Blanke onderwysers het in Nie-Blanke skole 'n addisionele toelae en gevaar toelaag as ekstra bonus ontvang, wat onderwys aan 'n Nie-Blanke skool die moeite werd gemaak het. Hierdie toedrag van sake sou egter op die spits gedryf word met die aanvalle teen apartheidsonderwys en opvoeding gedurende die 1970's en 1980's wat ek op 'n latere stadium sal bespreek. In die hieropvolgende hoofstuk wil ek 'n uiteensetting gee van hoe Apartheidswetgewing die onderwyser self binne die Blanke, Kleurling en Swart bevolking wat hul wetlike regte aangaan, direk geraak het.



HOOFSTUK 3

Die Onderwyswette vir Blankes, Kleurlinge en Swartes:

Binne hierdie hoofstuk wil ek graag kyk na die verskillende onderwyswette wat as uitvloeisel van Apartheidswetgewing vir Blanke, Kleurling en Swart onderwysers was, met die klem veral op die wetlike regte vir onderwysers van die verskillende bogenoemde bevolkingsgroepe asook die regulasies wat hiermee gepaard gegaan het. Hiervolgens sal ek eers 'n uiteensetting gee van die Onderwyswet vir Blanke onderwysers (Kaap Provinsie) en die bepalings wat hiermee gepaard gegaan het; die Onderwyswet vir Kleurling onderwysers en die bepalings wat daarmee gepaard gegaan het; en die Onderwyswet vir Swart onderwysers en die bepalings wat hiermee gepaard gegaan het.

3.1 DIE ONDERWYSWET VIR BLANKES (W.O.B.) (Wysigingsordinansie op Onderwys, Ordinansie 12 van 1980):

Om my bespreking te vergemaklik sal ek na die Onderwyswet vir Blankes m.a.w. Wysigingsordinansie op Onderwys, Ordinansie 12 van 1980, verwys as die W.O.B. Die Onderwyswet vir Blankes het alreeds sy oorsprong in 1907 voor Uniewording (Wet No. 25 van 1925)(W.O.B., 1980:294) en is met verloop van tyd gedurig gewysig en herroep tot en met 1993. Hierdie wysigings en herroeping van die Onderwyswet is gedoen deur middel van (d.m.v.) ordinansies en regulasies. Van hierdie ordinansies en regulasies was die uitvloeisel van veranderinge in algemene beleidsake wat te weeg gebring was deur die regering van die dag. Dit is interessant om daarop te let dat alhoewel onderwyswetgewing vir Blankes in die begin stadium gesentraliseerd was, dit later aangepas was om sekere provinsies te akkommodeer.

Vir die bogenoemde redes moet dit genoem word dat 'n mynveld van onderwyswetgewing vir Blankes beskikbaar is as gevolg van (a.g.v.) die feit dat elke provinsie sy eie onderwyswetgewing en met wysigings gehad het. Dit moet ook genoem word dat die wetlike regte vir Blanke onderwysers van provinsie tot provinsie verskil het a.g.v. elke provinsie se verskillende onderwyswetgewing. As basis vir my uiteensetting van die regte van Blanke

onderwysers sal ek my beperk tot die gebruik van Ordinansie 12 van 1980, omrede dit 'n uiteensetting gee van die faktore en maatreëls wat die Blanke onderwyser in die Kaap Provinsie gereguleer het met die nodige wysigings en aanpassings, wat tot in 1993 nog in werking was. Ek sal veral verwys na, onder andere hoofstuk 4 wat betrekking het op Onderwysers en akademiese personeel, asook die Onderwysbepalings wat hiermee gepaard gaan. Wat die Onderwysbepalings aangaan sal ek kyk na die bepalinge soos dit vervat was in hoofstuk 9 van die wet, as aanvulling van die ordinansie, wat spesifiek betrekking het op die diensvoorwaardes van onderwysers en akademiese personeel omdat sekere regte hierin voorgekom het.

Binne hierdie hoofstuk van die bogenoemde ordinansie (W.O.B., 1980), word daar m.b.t. die inhoud veral verwys na bepalinge wat direk verband gehou het met die regte vir die registrasie van onderwysers, aanstelling op vaste grondslag in onderwysposse, aansoeke om onderwysposse te vul, aanstelling van onderwyser in onderwyspos, afsonderwyspersoneel, aanstelling van onderwyser op tydelike grondslag, oorplasing van onderwysers, besoldiging van onderwysers, politieke regte van onderwysers, regte tydens die ontslag van onderwysers, regte in verband met wangedrag, onbekwame onderwysers, swak gesondheid, bedanking uit die onderwysdiens, leeftye vir uitdienstreding van onderwysers, en akademiese personeel, as agtergrond.

Omdat die regte van Blanke onderwysers onder sekere bepalinge nie direk deur die wetgewing aangespreek was nie, moes ek dit uitlig en het regte vir die onderwyser na vore gekom onder die opskrifte vir oorplasing van onderwysers, politieke regte van onderwysers, prosedure in verband met wangedrag, onbekwame onderwysers, bedanking uit onderwysdiens, leeftye vir uitdienstreding van onderwysers. As 'n volgende stap sal ek nou gaan kyk watter regte in hierdie ordinansie vir die onderwyser voorgekom het deur na die opskrifte afsonderlik te kyk.

Eerstens, met betrekking tot (m.b.t.) die oorplasing van onderwysers soos subartikel 1 van Ordinansie 12 van 1980, Hoofstuk 4 bepaal, het 'n onderwyser wat in 'n onderwyspos op 'n vaste grondslag aangestel was, die reg gehad om na enige ander pos, hetsy die laasgenoemde pos van 'n laer graad is of al dan nie, oorgeplaas te word- of (a) deur die Direkteur (die

Direkteur van Onderwys van 'n Provinsie), met goedkeuring van die betrokke beheerrade en toestemming van die onderwyser self. Dit is interessant en ironies dat die onderwyser se reg tot toestemming nodig was wanneer hy deur die Direkteur oorgeplaas was, maar dat sy reg tot toestemming nie nodig was, wanneer hy deur die Administrateur van 'n provinsie oorgeplaas was nie. In so 'n geval kon 'n onderwyser 'n versoek rig aan die Administrateur om sy omstandighede in ag te neem. Verder het die ordinansie bepaal, dat ongeag enige ander bepaling, dat 'n onderwyser wat op die manier oorgeplaas was, minstens die reg gehad het om sy salarisskaal te behou wat van toepassing was op die pos waaruit hy oorgeplaas was, maar met die verstandhouding dat so 'n onderwyser nie geregtig was op enige toekomstige verhoging van die salaris of salarisskaal van die pos waaruit hy oorgeplaas was nie. (W.O.B., 1980:22) In terme van dieselfde artikel 49 (subartikel 1) kon die Direkteur 'n vas aangestelde onderwyser met die onderwyser se toestemming, sekondeer vir 'n tydperk waarop 'n onderwyser benodig was, ongeag die feit of 'n pos van 'n laer graad was al dan nie. Dit kon gedoen word met die verstandhouding dat so 'n onderwyser se salaris en salarisskaal nie as gevolg van die sekondering verlaag word nie. (W.O.B., 1980:23) Uit hierdie laasgenoemde bepaling is dit duidelik dat 'n onderwyser dus die reg gehad het om sy salaris en salarisskaal te behou binne sekere perke en bepalinge in die geval van 'n oorplasing of sekondering.

Tweedens, met betrekking tot die politieke regte van onderwysers, het 'n Blanke onderwyser die reg gehad om (a) 'n lid te wees en op die bestuur te dien van 'n wettige politieke party; (b) hom by 'n partybenoeming as kandidaat vir die verkiesing as lid van die Parlement of 'n Provinsiale Raad beskikbaar te stel; en (c) op aanbeveling van die beheerraad (skoolraad) waar hy indiens was en met goedkeuring van die administrateur, as lid van 'n plaaslike bestuur te dien: Met die verstandhouding dat - (i) die getal onderwysers aan wie goedkeuring verleen kan word om as lid van 'n plaaslike bestuur te dien, nie drie of twee-sewendes van die totale getal lede van so 'n plaaslike bestuur, of watter getal ook al die kleinste is, oorskry nie; of (ii) indien 'n saak waarby die Departement van Onderwys en Kultuur, die Administrasie: Volksraad en plaaslike bestuur waarvan 'n onderwyser lid is, betrokke was, voor so 'n raad dien, kon so 'n onderwyser nie aan die besprekings of stemming oor die saak deelneem nie. (W.O.B., 1980:23) Hierdie reg tot politieke deelname wat die onderwyser kon geniet, was egter gekoppel aan die voorwaardes soos dit uiteengesit word in subartikel 2 van artikel 51 van Ordinansie 12 van 1980, naamlik dat (a) 'n onderwyser nie van sy posisie

gebruik mag maak om die belange van 'n politieke party te bevorder of benadeel nie; of (b) hom nie in die openbaar, of alternatiewelik in 'n geskrif, of deur die lewering van 'n toespraak, oor enige politieke aangeleentheid uitlaat nie, behalwe ter bevordering van sy kandidatuur by 'n party se benoeming soos bedoel word in subartikel (1)(b). (W.O.B., 1980:23) Dit is hier duidelik dat alhoewel die onderwyser die reg gehad het tot beperkte politieke partydeelname, sy vrye spraak ingekort was, wanneer dit gekom het by aangeleenthede wat sy werkgewers raak.

Derdens, onder die omstandighede waar 'n onderwyser aangekla was van wangedrag, het daar sekere wetlike regte vir die onderwyser voorgekom binne die prosedure vir wangedrag. 'n Onderwyser het die reg tot 'n skriftelike verduideliking gehad van die wangedrag waarvan hy aangekla word. In die geval waar so 'n onderwyser 'n aanklag van wangedrag ontken het en lid was van 'n Onderwysersvereniging, het hy of sy die reg gehad dat 'n verteenwoordiger van die onderwysersvereniging benoem word om op die kommissie wat die klag ondersoek, te dien. So 'n aangeklaagde onderwyser, het dan ook die reg tot 'n redelike en skriftelike kennisgewing van die tyd en plek van die ondersoek gehad. In aansluiting hierby kon die aangeklaagde onderwyser sy reg uitoefen om by die ondersoek teenwoordig te wees in sy persoonlike hoedanigheid of deur 'n verteenwoordiger, om sodoende aangehoor te word, en ook om enige persoon wat as getuie ter stawing van die aanklag opgeroep was, onder kruisverhoor te neem. 'n Aangeklaagde onderwyser van wangedrag, het dan die reg gehad om enige stukke wat as getuieis voorgelê was, te sien, om self getuieis af te lê en om ander persone as getuies op te roep. Hierdie laasgenoemde reg, was egter gegrond op die voorwaarde dat indien die aangeklaagde onderwyser of sy verteenwoordiger versuim het om by die ondersoek teenwoordig te wees, dit nie die verrigtinge van die verhoor ongeldig gemaak het nie. (W.O.B., 1980:25-26)

Na afloop van so 'n ondersoek van wangedrag deur 'n kommissie het die aangeklaagde onderwyser die reg gehad om in kennis gestel te word van die beslissing t.o.v. sy skuldig of onskuldig bevinding. Onder die omstandighede waar die kommissie die aangeklaagde onderwyser onskuldig bevind het aan wangedrag en die onderwyser uit sy diens geskors was, het die onderwyser die reg gehad om so gou moontlik toegelaat te word om sy diens te hervat en moes sy besoldiging ten opsigte van die tydperk van sy skorsing aan hom betaal word,

indien dit nie alreeds gedoen was nie.(W.O.B., 1980:27)

In die geval waar 'n aangeklaagde onderwyser egter skuldig bevind was aan 'n aanklag van wangedrag, het die onderwyser die reg gehad om binne veertien dae na die datum waarop hy daarvan in kennis gestel was, appèl aan te teken teen so 'n bevinding. Dit moes gedoen word deur 'n skriftelike kennisgewing van appèl, waarin die redes of gronde van appèl volledig uiteengesit moes word, te gee aan die voorsitter van die kommissie. Indien daar teen die kommissie se bevinding geappelleer is, was dit die appellant (die aangeklaagde onderwyser of sy verteenwoordiger) se reg dat 'n afskrif van die kommissie se redes vir die bevinding aan die appellant verstrekk word. In 'n situasie waar die appellant binne sewe dae na die datum waarop 'n afskrif van die redes vir die bevinding aan hom verstrekk is, by die Direkteur aansoek doen om 'n afskrif van die notule van die verrigtinge en getuienis by die ondersoek en die dokumentêre bewysstukke wat daarby toegelaat was, was dit sy reg dat die Direkteur dit aan hom verstrekk. Die appellant het ook die reg gehad, dat indien aansoek gedoen was soos hierbo uiteengesit, hy of sy binne veertien dae na die datum waarop die betrokke afskrif aan hom of haar verstrekk is, of indien hy of sy nie aansoek gedoen het nie, binne een-en-twintig dae na die datum waarop die afskrif van die redes vir die bevinding verstrekk was, skriftelike verdoë ter stawing van die appèl aan die Direkteur voorgelê word. Die Direkteur moes na ontvangs daarvan, of indien geen sodanige verdoë binne die vasgestelde tydperk ontvang is nie, na die verstryking van die tydperk, die notule van die verrigtinge en getuienis van die ondersoek, die ander stukke in besit wat op die ondersoek of appèl betrekking gehad het, en 'n aanbeveling omtrent die appèl, aan die administrateur voorlê, wat die voorafgenoemde proses weer sou herhaal. Op 'n tydstip wanneer die Administrateur tot 'n finale beslissing oor die appèl gekom het, was dit die appellant se reg om skriftelik in kennis gestel te word oor die beslissing. Indien die aangeklaagde onderwyser skuldig bevind was, het die Direkteur by die Administrateur aanbeveel dat so 'n onderwyser- (a) gewaarsku of berispe word; (b) 'n boete van hoogstens tweehonderd rand opgelê word; (c) na 'n ander pos oorgeplaas word; (d) se besoldiging of rang of sy besoldiging sowel as sy rang verlaag word; of (e) uit die onderwysdiens ontslaan word. Dit was gedoen met die verstandhouding dat behalwe wanneer die Direkteur 'n aanbeveling kragtens paragraaf (a) of (e) gedoen het, 'n aanbeveling kragtens meer as een van die ander paragrawe gedoen kan word. Onder omstandighede waar 'n aangeklaagde onderwyser van sy diens geskors was en die

Administrateur met hom gehandel het volgens paragrawe (a), (b), (c) of (d) van die prosedure, was dit so 'n onderwyser se reg om so gou moontlik toegelaat te word om sy diens te hervat, en moes besoldiging t.o.v. die tydperk van skorsing betaal word, indien dit nie reeds gedoen was nie. (W.O.B., 1980:28-29) In 'n geval waar 'n onderwyser as ongeskik beskou was of nie instaat was om sy pligte op 'n bekwame wyse uit te voer nie, het dieselfde prosedures en regte vir die onderwyser voorgekom soos dit in die geval van wangedrag uiteengesit is.

Vierdens, het 'n Blanke onderwyser ook die reg gehad om vrywillig uit die diens van 'n onderwysdepartement te bedank. 'n Onderwyser wat op 'n tydelike basis onderwysdiens verrig het, die reg gehad om met 'n skriftelike kennisgewing van minstens dertig dae of 'n korter tydperk wat vir die Direkteur van Onderwys aanvaarbaar was, uit die diens te bedank. In die geval van 'n onderwyser wat op 'n vaste of permanente basis in die onderwysdiens aangestel was, kon sy reg tot vrywillige bedanking uitoefen met skriftelike kennisgewing van minstens 'n kalenderkwartaal of 'n korter tydperk wat vir die Direkteur aanvaar was. (W.O.B., 1980:30)

Laastens, volgens die leeftye vir die uitdienstreding van Blanke onderwysers, het 'n onderwyser wat op 'n vaste basis of permanente grondslag in die onderwysdiens aangestel was, die reg gehad om met pensioen af te tree en was hulle met pensioen afgedank op die eerste dag van Januarie van die jaar wat onmiddellik gevolg het op die jaar waarin hul die leeftyd van vyf-en-sestig jaar bereik het: met die verstandhouding dat 'n onderwyser die reg gehad het om met pensioen af te tree die eerste dag van enige kalenderkwartaal nadat hul die leeftyd van sestig jaar bereik het, tensy hul die Direkteur van Onderwys minstens een kalender kwartaal skriftelik vooraf kennis gegee het van hul voorneme om met pensioen af te tree. (W.O.B., 1980:31)

As 'n volgende stap en in aansluiting by die Wet op Onderwys vir Blankes wil ek nou graag gaan kyk na die wetlike regte van onderwysers binne die Onderwyswet vir Kleurlinge (1963).

3.2 DIE WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE (W.O.K.), 1963 (WET 47 VAN 1963):

Ek sal eenvoudigheidsonthalwe na hierdie wet verwys as die W.O.K. Die Onderwyswet vir Kleurlinge was in 1963 uitgevaardig met die doel om die onderwys vir Kleurlinge te beheer en te reguleer aangesien hierdie bevolkingsgroep se onderwys en opvoeding voor 1963 direk onder beheer van die destydse Minister van Opvoeding en provinsiale administrasies was. Binne hierdie wet was daar voorsiening gemaak vir 'n Departement om die onderwys vir Kleurlinge te beheer. Met hierdie doel in sig was daar binne hierdie Departement 'n spesiale afdeling vir Onderwys geskep, met 'n beampte met vakkundige kennis van onderwysaangeleenthede aan die hoof daarvan om uitvoering te gee aan onderwysaangeleenthede. Onder andere was W.O.K. soos in die geval van ander wetgewing ook gedurig onderworpe aan wysigings en veranderinge om tred te hou met die beleidsrigtings van die regering van die dag asook om die oorskakeling na 'n eie departement vir Kleurlinge te reguleer en te bespoedig.

Wat die W.O.K. as wet self betref, was daar aandag gegee aan heelwat aspekte wat die voorsiening van onderwys vir Kleurlinge raak soos onder andere die instelling, oprigting, instandhouding, ens. van skole, kolleges en tehuse vir Kleurlinge. Ek sal nou 'n kort agtergrond gee van wat die wet se inhoud gedek het. Wat die inhoud van die W.O.K., 1963 (wet 47 van 1963) en die bepalinge of regulasies wat daarvolgens uitgevaardig was, aangaan, het hierdie wet voorsiening gemaak vir sekere oorgangsregte vir Kleurling onderwysers en staatsdiensamptenare. Onder andere het dit die volgende ingesluit: oorplasings, verplasings, sekonderings en die afstaan van onderwysers en amptenare vanaf Staatsondersteunde skole na skole onder die jurisdiksie van die Departement, diensvoorwaardes van onderwysers en ander amptenare wat indiens was by Staat-, nywerheid-en verbeteringskole en sekere Staatsondersteunde skole, pensioenregte en aftredingsvoordele van onderwysers en staatsamptenare in diens by Staatskole en sekere Staatsondersteunde skole, wat volgens hierdie wet as aangestel beskou was. Binne die wet was die prosedures vir ontslag en wangedrag ook uiteengesit. Teen hierdie agtergrond van die wet wil ek nou graag gaan kyk na watter wetlike regte daar voorgekom het vir die Kleurling onderwyser.

Eerstens, het die W.O.K. (Artikel 9) voorsiening gemaak vir die oorplasing van sekere persone (anders as 'n beampte of werknemer) wat voor die implementering van die hierdie wet in diens was van 'n provinsie of by Staatsondersteunde skool, en na die diens van die nuwe Departement oorgeplaas is. Onder andere was die reëling van diensvoorwaardes van sekere persone in diens by private beroep-, nywerheid-, verbetering- en spesiale skole en tehuse ingesluit. Volgens die W.O.K. se bepalings m.b.t. oorplasing, het onderwysers en ander staatsamptenare, wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie spesifieke wet in diens was van 'n provinsiale administrasie by 'n kollege of skool die reg gehad om oorgeplaas te word na die diens van die Departement vir Kleurlingsake. In die geval van 'n onderwyser of amptenaar wat nie in diens was van 'n kollege of skool wat direk onder die provinsiale administrasie geressorteer het nie, maar in diens geneem was by 'n kollege of skool vir Kleurlinge wat deur die provinsiale administrasie erken, goedgekeur of gesubsidieer was, voor die inwerkingtreding van hierdie wet, het die reg tot aanstelling gehad in 'n pos waarvolgens die dienstaat van so 'n kollege of skool erken en goedgekeur was vanaf die datum vir die implementering van hierdie wet. (W.O.K., 1963:505) Kortliks het dit beteken dat 'n Kleurling onderwyser met die skepping van hierdie departement vir Kleurling onderwys, die reg tot outomatiese aanstelling in 'n pos gehad het tensy dit anders bepaal was deur die betrokke Minister van Kleurlingsake sonder om weer heraanzoek te doen en heraanstel te word.

Tweedens, ingevolge W.O.K. (Artikel 11) het die diensvoorwaardes van onderwysers of persone wat in 'n pos aangestel was in diens by Staat-, nywerheid-, en verbeteringskole en Staatsondersteunde skole, die reg gehad dat hul salaris, salarisskaal, toelaes en verlofregte dieselfde moes bly; asof hul aangebly het in 'n pos wat hul onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie wet bekleed het, tensy dit anders bepaal was deur die Minister van Kleurlingsake. In die geval van 'n oorplasing wat plaasgevind het vanaf die diens van 'n Staatsondersteunde skool na die diens van die Departement, het hul die reg gehad dat hul salaris aangepas word by die salarisskaal wat op hul pos van toepassing was, en wel op die kerf van daardie skaal wat deur die Minister bepaal was. Na aanleiding van die bepalings van die W.O.K., het 'n persoon wat ononderbroke voltydse diens by 'n Staatsondersteunde skool verrig het en wat oorgeplaas was na die diens van die departement, die reg gehad om onmiddellik vir verlofdoeleindes inag geneem te word vir diens asof dit by die betrokke

Departement was. Dit kon gedoen word met die verstandhouding dat siekte- en opeenlopende vakansieverlof waarop so 'n persoon op die genoemde datum geregtig was, en geag was, onderworpe was aan die voorwaardes wat die Minister op aanbeveling van die Kommissie vir Administrasie bepaal het, en dat dit verlof sou wees wat volgens die W.O.K. verdien is. (W.O.K., 1963:507)

Derdens, aansluitend by die bogenoemde maatreëls word dit binne W.O.K. duidelik gestel, dat ongeag ander bepalings van enige ander wet dat iemand (behalwe 'n beampte) wat op 'n voltydse grondslag en in 'n permanente hoedanigheid in diens was by (a) 'n Staatskool; of (b) 'n Staatsondersteunde skool, en indien sy salaris ten volle deur die Departement betaal word, die reg gehad het tot hul pensioenregte en aftredingsvoordele. Dit was gegrond op die beginsel dat dit sou wees soos in die geval waar hul 'n pos beklee het wat inaggeneem was by 'n afdeling van die Staatsdiens soos dit vermeld word in die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54). Onder sulke omstandighede was bepaal dat iemand na die diens van die departement oorgeplaas was, of geag was om aangestel te wees in 'n pos volgens die bepalings van die W.O.K.. Dit het beteken dat 'n onderwyser of persoon wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die W.O.K., onderworpe was aan 'n pensioenwet soos dit geadministreer was deur 'n provinsiale administrasie geregtig was op 'n pensioen. Onder andere het so 'n onderwyser die reg gehad om dieselfde pensioenregte, aftredingsvoordele en behandeling te geniet as ander met ingang van die genoemde datum wat hul oorgeplaas was na diens van die Departement, en daarvolgens verplig was om by te dra tot die fonds soos dit bepaal was deur die Regeringsdiens-pensioenwet, 1955. (W.O.K., 1963:507) In die geval waar 'n onderwyser nie verkies het om van die reg tot vorige pensioengewende diens soos bepaal was deur die W.O.K. gebruik te maak nie, het so 'n onderwyser die reg tot lidmaatskap van die pensioen- of voorsieningsfonds gehad, maar was nie geag volgens enige ander bepalings van 'n ander wet, om as 'n bydraer tot so 'n pensioen- of voorsieningsfonds te wees nie.

Onder die omstandighede waar 'n Kleurling onderwyser vir die een of ander rede uit die diens van die Departement sou tree of daaruit afgedank of ontslaan sou word, het hy of sy volgens dié wet die reg tot uitbetaling gehad tot die voordeel wat betaalbaar sou wees vanuit 'n fonds, of enige ander pensioen- of voorsieningsfonds, waartoe hul voorheen bygedra het

of lidmaatskap behou het.(W.O.K., 1963:509)

Vierdens, ten opsigte van (t.o.v.) die verplasing en afstaan van sekere Kleurling onderwysers of persone in diens by skole wat onder die wet geressorteer het, was voorsiening gemaak dat so 'n persoon verplaas kon word van die pos waarin hy diens doen na enige ander pos in die genoemde skool of enige ander soortgelyke skool, of enige ander inrigting onder beheer van die Departement, of dit ingevolge hierdie wet of 'n ander wet ingestel was, en of dit 'n verplasing na 'n pos met 'n laer graad is of nie. Indien so 'n verplasing 'n vermindering van die onderwyser of persoon se pensioengewende verdienste vir die doeleindes van enige wet sou meebring, het die onderwyser die reg gehad dat so 'n verplasing nie sonder sy toestemming kon geskied nie, tensy dit plaasgevind het as gevolg van 'n verlaging van rang a.g.v. wangedrag of onbekwaamheid. In die geval waar 'n onderwyser sonder die vermindering van sy pensioengewende verdienste vir die doeleindes van enige wet verplaas was na 'n pos wat hy bekleed het, het hy die reg gehad om weer verplaas te word na 'n pos met die graad wat by sy salaris pas sodra 'n geskikte vakature ontstaan het. Binne die W.O.K. was ook voorsiening gemaak dat 'n onderwyser by 'n Staat-, nywerheid-, of verbeteringskool of 'n staatsondersteunde skool van sy reg of met sy eie toestemming tydelik aan die diens van die regering van 'n ander land of van 'n persoon afgestaan kon word op voorwaardes wat bepaal was deur die Minister van Kleurlingsake en in oorlegpleging met die Minister van Finansies.(W.O.K., 1963:511) In 'n geval waar 'n onderwyser tydelik afgestaan was aan die diens van selfregerende tuislande (of 'n ander land), het hy of sy die reg gehad om nie geraak te word deur die bepalings van die wet wat op hul van toepassing sou wees, indien hul 'n pos by die betrokke skool bly bekleed het, nie.

Vyfdens, in die geval waar 'n onderwyser weens sekere omstandighede buite sy beheer sonder die verlof van die Sekretaris van Kleurlingsake, of die hoof, of die bestuursliggaam van die betrokke skool, vir langer as 'n maand van sy diens afwesig was, en as gevolg van afwesigheid, ontslaan is. Het 'n onderwyser in so 'n geval van ontslag, die reg gehad om ter eniger tyd na die verstryking van die maand van afwesigheid soos hierbo vermeld, vir diens aan te meld. Hierdie tydperk van afwesigheid wat sonder die wete of verlof van die betrokkenes geskied het en sy of haar aanmelding vir diens na die verstryking van die maand, was onderworpe aan voorwaardes soos dit bepaal was deur die betrokke Minister. Onder

sulke omstandighede het dit dan by die betrokke Minister berus om so 'n onderwyser in sy vorige pos te herstel of in 'n ander pos aanstel. In 'n geval soos hierdie van ontslag, was die tydperk van afwesigheid van diens onderworpe aan die voorwaarde dat die afwesigheid beskou was as vakansieverlof sonder betaling of verlof soos deur die Minister van Kleurlingsake bepaal. (W.O.K., 1963:513) Binne hierdie konteks was daar ook sekere regte wat vir die Kleurling onderwyser na vore gekom het binne die prosedures vir wangedrag, wat ek nou wil bespreek.

Laastens, wat die prosedures vir wangedrag aangaan, het 'n onderwyser die reg tot wetlike prosedures gehad. Binne die W.O.K. se bepalings vir wangedrag het 'n onderwyser die reg gehad dat indien 'n klag van wangedrag aan hom of haar oorhandig word, dit per aangetekende pos of aangestuur, afgegee word by sy woonplek of die plek waar, sover bekend, hy die laaste gewoon het. Hiervolgens was dit die aangeklaagde onderwyser se reg dat so 'n aanklag van wangedrag 'n aansegging of kennisgewing moes bevat of met 'n aansegging gepaard moes gaan. Binne hierdie aansegging was dit die onderwyser se reg om ingelig te word, oor 'n redelike tydperk wat vermeld moes word, om 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag en, indien dit verlang was 'n skriftelike verduideliking van die aanklag van wangedrag te gee of dat hierdie aansegging vermeld, gestuur, of oorhandig word aan iemand wat by die aanklag betrokke is. Onder omstandighede waar geen aanklag van wangedrag teen 'n onderwyser of iemand wat uit sy diens geskors was gebring kon word nie, was dit die aangeklaagde se reg om toegelaat te word om sy diens so spoedig moontlik te hervat en het hy die reg tot besoldiging gehad vir die tydperk van sy skorsing indien dit nie alreeds gedoen was nie. In 'n geval waar die aangeklaagde onderwyser 'n aanklag ontken of versuim het om te voldoen aan die voorwaardes van die aansegging, was dit sy reg dat die Sekretaris van Kleurlingsake iemand moes aanstel om ondersoek na die aanklag in te stel. In terme van die ondersoek was dit die aangeklaagde onderwyser se reg om 'n redelike skriftelike kennisgewing te ontvang oor die tyd en plek vir die ondersoek wat vasgestel was. Dit moes gedoen word met die verstandhouding dat die Sekretaris die bevoegdheid gehad het om die ondersoek uit te stel indien goeie redes daarvoor aangevoer kon word. (W.O.K., 1963:517) Die algemene reg m.b.t. getuies en getuienis wat gegeld het met strafsake in 'n landdroshof, het met die nodige veranderinge ook gegeld vir die doeleindes van en by so 'n ondersoek. Dit was gedoen op die voorwaarde dat dagvaardings vir die aanwesigheid van

getuies wat betrokke is, uitgereik moes word deur die persoon wat die ondersoek instel. Die aangeklaagde onderwyser het hier die reg gehad om by die ondersoek teenwoordig te wees. Hierdie reg van verteenwoordiging kon deur die aangeklaagde of persoonlik of deur 'n verteenwoordiger aangehoor word. Vervolgens het so 'n onderwyser of sy verteenwoordiger die reg gehad om iemand wat as getuie ter stawing van die aanklag opgeroep is, onder kruisverhoor te neem, en stukke wat as getuienis voorgelê was, te sien, en om ander persone as getuienis op te roep, en of self getuienis af te lê.

Die W.O.K. het bepaal dat indien 'n onderwyser onskuldig bevind was aan 'n aanklag van wangedrag deur die persoon wat die ondersoek ingestel het, en die aangeklaagde as gevolg hiervan geskors was, dit die aangeklaagde se reg was om toegelaat te word om so spoedig moontlik diens te hervat. Weereens het so 'n onderwyser die reg tot besoldiging gehad vir die tydperk van sy skorsing, vir sover dit nie reeds gedoen was nie. In die geval waar 'n Kleurling onderwyser skuldig bevind was deur die persoon wat 'n aanklag van wangedrag ondersoek het, was dit die aangeklaagde se reg om binne veertien dae na die datum waarop hy of sy van die bevinding verwittig was, appèl aan te teken by die Minister van Kleurlingsake. Hierdie reg tot appèl kon aangeteken word deur 'n skriftelike kennisgewing van appèl te oorhandig of te pos aan die persoon wat die aanklag ondersoek het, waarin die gronde vir appèl volledig uiteengesit word. Gesien in die lig waar daar teen die bevinding geappelleer was, was die reg van die appellant (of aangeklaagde onderwyser) om 'n afskrif van die redes vir die bevinding te ontvang. (W.O.K., 1963:520) Indien die appellant binne sewe dae na die datum waarop 'n afskrif van die redes van die bevinding aan hom verstrekk was, by die Sekretaris van Kleurlingsake aansoek doen om 'n afskrif van die notule van die verrigtings by die ondersoek en die dokumentêre bewysstukke wat daarby toegelaat was, het hy of sy die reg gehad dat die Sekretaris dit moes voorlê.

In aansluiting hierby het die appellant ook die reg gehad, dat indien hy of sy aansoek gedoen het soos dit hierbo uiteengesit is, hy of sy binne veertien dae na die datum waarop die betrokke afskrif verstrekk was, of indien hy of sy nie aansoek gedoen het nie, binne een-en-twintig dae na die datum waarop die afskrif van die redes vir die bevinding verstrekk was, 'n skriftelike verdoë ter stawing van die appèl aan die Sekretaris vir Kleurlingsake voorlê. Die Sekretaris moes na ontvangs daarvan, of indien geen sodanige verdoë binne die vasgestelde

tydperk ontvang was nie, na die verstryking van die tydperk, die notule van die verrigtinge en getuienis van die ondersoek, die ander stukke in besit wat op die ondersoek of appèl betrekking gehad het, en 'n aanbeveling omtrent die appèl, aan die Minister van Kleurlingsake voorlê, om tot 'n finale beslissing te kom. Op 'n tydstip wanneer die Minister tot 'n finale beslissing oor die appèl gekom het, was dit die appellant se reg om skriftelik in kennis gestel te word oor die beslissing. 'n Onderwyser of iemand wat uit sy diens geskors was, het die reg gehad om toegelaat te word om sy diens so spoedig moontlik te hervat en moes sy reg tot besoldiging uitgevoer word vir die tydperk van sy skorsing indien dit nie alreeds gedoen was nie.

Indien die aangeklaagde onderwyser skuldig bevind was van wangedrag en nie binne die voorgeskrewe tydperk geappelleer het nie, of daarteen geappelleer het en die appèl geheel en al of ten dele van die hand gewys was ingevolge die wet, moes die Sekretaris behoudens die bepalinge by die Minister aanbeveel aan dat so 'n aangeklaagde onderwyser (a) gewaarsku of berispe word; (b) 'n boete van hoogstens tweehonderd rand opgelê word; (c) na 'n ander pos oorgeplaas word; se (d) besoldiging of rang, of sy besoldiging sowel as sy rang verlaag word; of (e) uit die onderwysdiens ontslaan word. Dit was gedoen met die verstandhouding dat behalwe wanneer die Sekretaris 'n aanbeveling kragtens paragraaf (a) of (e) gedoen het, 'n aanbeveling kragtens meer as een van die ander paragrawe gedoen kan word. Onder omstandighede waar 'n aangeklaagde onderwyser uit diens geskors was en die Minister met hom of haar gehandel het volgens paragrawe (a), (b), (c) of (d) van die prosedure, was dit so 'n onderwyser se reg om so gou moontlik toegelaat te word om sy diens te hervat, en moes besoldiging t.o.v. die tydperk van skorsing betaal word, indien dit nie reeds gedoen was nie. (W.O.K., 1963:520-523) Indien 'n onderwyser ingevolge die W.O.K. geskors of van wangedrag aangekla was, en van sy reg gebruik gemaak het om uit die diens van sy werkgewer te bedank of 'n ander werk aanvaar het, voordat die klag van wangedrag afgehandel was, was hy beskou om weens wangedrag uit die diens ontslaan te gewees het, met ingang van 'n datum wat deur die Minister bepaal was. Tensy, voordat kennisgewing van bedanking ontvang is of 'n ander werk aanvaar is, hy of sy in kennis gestel was dat hy of sy nie van wangedrag aangekla sal word nie of, na gelang van die geval, dat die aanklag van wangedrag teruggetrek is. (W.O.K., 1963:523)

Ek wil nou as 'n volgende stap gaan kyk na die wetlike regte wat vir Swart onderwysers binne die Wet op Onderwys en Opleiding voorgekom het.

3.3 DIE WET OP ONDERWYS EN OPLEIDING (W.O.S.), 1979 (WET NO.90, 1979):

Wat die Wet op Onderwys en Opleiding (W.O.S., 1979) betref, was dit in 1979 aangeneem om voorsiening te maak vir die beheer oor onderwys vir die Swartes. Op hierdie stadium was die onderwys vir Swartes onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding wat andersyds direk onder die leiding en beheer van die Minister van Onderwys en Opleiding gestaan het. Vir hierdie doel was die Minister belas met die verrigting van al die werksaamhede wat nodig was vir of in verband gestaan het met die algemene administrasie van onderwys vir Swartes. In so verre dit die W.O.S. self aangaan, het dit die Wetgewing op Swart Onderwys sedert 1953 vervang asook die wysigings wat daarmee gepaard gegaan het. Ek sal nou kortliks 'n tabel gee van die Swart onderwyswetgewing wat herroep was.

No. en jaar	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 47 van 1953	Wet op Swart Onderwys	Die geheel
Wet No. 44 van 1954	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1954.	Die geheel
Wet No. 36 van 1956	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1956.	Die geheel
Wet No. 33 van 1959	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1959.	Die geheel
Wet No. 55 van 1961	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1961.	Die geheel
Wet No. 24 van 1964	Wet op Buitengewone Onderwys vir die Swartes, 1964.	Die geheel
Wet No. 44 van 1970	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1970.	Die geheel

Wet No. 57 van 1975	Algemene Regswysigingswet, 1975.	Artikel 22
Wet No. 56 van 1977	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1977.	Die geheel
Wet No. 67 van 1978	Wysigingswet op Swart Onderwys, 1978.	Die geheel

(W.O.S.,
1979:49)

Soos in die geval van wetgewing vir Blanke en Kleurling onderwysers was het daar ook sekere wetlike regte vir Swart onderwysers binne hierdie wet voorgekom, wat ek graag wil uiteensit. Die regte vir Swart onderwysers het veral voorgekom in die dienstaat van aanstelling, bevordering en ontslag van onderwysers in Staatskole, gemeenskapskole en staatondersteunde skole; Afstaan van sekere onderwysers aan die diens van andere; Verplasing van sekere onderwysers in diens by Staatskole en gemeenskapskole; salarisse, salarisskale, toelaes en diensvoorwaardes van onderwysers in diens by Staatskole en gemeenskapskole; Pensioenregte en uitdienstredings voordele; Aanstellingsregte; Regte van ontslaande onderwysers in Staatskole en gemeenskapskole; Regte in die geval van wangedrag; Reg tot die stigting van onderwyserverenigings.

Eerstens, volgens die Wet op Onderwys en Opleiding (1979) het 'n Swart onderwyser onmiddellik voor die inwerkingtrede van hierdie wet sekere oorgangsregte gehad. Onder andere het 'n Swart onderwyser wat 'n pos beklee het en wat op die onderwysdiensstaat van 'n Staatskool was, die reg gehad om as outomaties aangestel beskou te word. Onder die omstandighede waar 'n onderwyser by 'n gemeenskapskool aangestel was (m.a.w. 'n skool wat gestig was om in die onderwysbehoefte van 'n spesifieke gemeenskap te voorsien) voor die inwerkingtrede van hierdie wet, en in diens van 'n skoolraad was (ingestel volgens 'n wet wat herroep was volgens artikel 45 van die Wet op Onderwys en Opleiding, 1979) om te onderwys in 'n pos wat deur die staat gesubsidieer was en op die onderwysdiensstaat van so 'n skool was, het die reg tot aanstelling gehad vanaf inwerkingtrede van hierdie wet. So 'n aanstelling was beskou asof dit deur die betrokke Minister self gedoen was. So 'n aanstelling by 'n gemeenskapskool was egter gekoppel aan die voorwaarde dat indien dit 'n

ongekwalifiseerde onderwyser of 'n onderwyser wat by die bedoelde inwerkingtreding van die W.O.S. alreeds uitdienstredingsouderdom (65 jaar vir manlike onderwysers en 60 jaar vir vroulike onderwysers) bereik het, beskou was om as op 'n tydelike basis aan gestel te wees. (W.O.S., 1979:17)

Onder die omstandighede waar 'n Swart onderwyser by 'n staatsondersteunde skool in diens was, het sy aanstelling, bevordering en ontslag berus by die betrokke bestuursliggaam van die skool wat onderwerp was aan die goedkeuring van die Minister. In so 'n geval was so 'n aanstelling gedoen op die voorwaarde dat indien so 'n onderwyser ontslaan word, die onderwyser die reg gehad het om aan te dring dat sy of haar ontslag eers vooraf deur die betrokke Minister verkry of goedgekeur moes word om dit te wettig. (W.O.S., 1979:17) Die betrokke Minister was alleenlik verantwoordelik vir die ontslag van 'n Swart onderwyser en om die rede was sy goedkeuring nodig. In die geval waar 'n onderwyser onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie wet in 'n pos diens gedoen het by 'n Staatsondersteunde skool, het so 'n onderwyser volgens die bepalings van die W.O.S. die reg tot aanstelling in so 'n pos gehad. In vergeleke met die reg om vrywillig diens te beëindig soos in die geval van 'n gemeenskapskool het 'n onderwyser by 'n staatsondersteunde skool ook die reg gehad om sy dienste te beëindig met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin hy of sy die ouderdom van 65 jaar, in die geval van 'n manlike onderwyser, en 60 jaar in die geval van 'n vroulike onderwyser bereik het (W.O.S., 1979:17). Dit kon plaasvind met die verstandhouding dat so 'n onderwyser volgens die bepalings van die wet vir 'n langer tydperk deur die bestuursliggaam of die Minister in 'n tydelike hoedanigheid aangestel word.

Tweedens, onder omstandighede waar 'n onderwyser in diens by 'n staatskool of gemeenskapskool aan die diens van 'n selfregerende tuisland (of ander regering), staatsdepartement of raad, inrigting of liggaam wat deur of volgens die een of ander wet ingestel was, of enige ander liggaam of persoon afgestaan was; of dit vir 'n besondere diens of tydperk was, het so 'n onderwyser die reg tot vrywillige verplasing gehad en was sy of haar toestemming nodig. In die geval van so 'n verplasing was 'n Swart onderwyser nog steeds onderworpe aan bepalings van die W.O.S. vir die tydperk waarin hy of sy afgestaan was.

Derdens, alhoewel 'n onderwyser wat by 'n staatskool of 'n gemeenskapskool in diens was, verplaas kon word deur die Minister, vanaf die pos waarin hy diens gedoen het na enige ander pos in dieselfde skool of enige ander staatskool of gemeenskapskool of in enige ander inrigting onder die beheer van die Departement ongeag of daardie verplasing na 'n pos met 'n laer graad was al dan nie, het so 'n onderwyser die reg tot die behoud en aanpassing van salarisrang gehad. Dit het beteken dat so 'n verplasing nie 'n vermindering van 'n onderwyser se pensioengewende verdienste moes meebring en sonder sy toestemming geskied nie. 'n Vermindering van pensioengewende verdienste en salarisrang kon geskied tensy so 'n verplasing die gevolg was van 'n verlaging van rang wat die gevolg was van wangedrag of onbekwaamheid.

Vierdens, met betrekking tot die regte wat vir Swart onderwysers in die diensvoorwaardes voorgekom het, het 'n onderwyser wat 'n pos op die diensstaat van 'n Staatsondersteunde of private skool bekleed het die reg op 'n proef aanstelling gehad, onmiddellik voor die datum waarop die bestuur van en beheer oor aan die Departement oorgedra was, met ingang vanaf die datum van die oordrag volgens die bepalings van die W.O.S. Onder die omstandighede waar 'n oorplasing plaasgevind het volgens die bogenoemde stappe, was dit 'n onderwyser se reg dat sy salaris aangepas moes word volgens die kerf van daardie skaal wat deur die betrokke Minister met die toestemming van die Staatsdienskommissie bepaal word. (W.O.S., 1979:19) Aansluitend hierby het enige onderwyser wat voor sy oorplasing ononderbroke heeltydse diens by 'n staatsondersteunde skool gehad het, die reg gehad dat sy diens as diens geag moes word vir verlofdoeleindes vir diens wat by die Departement verrig was. Hierdie reg was onderhewig aan die voorwaarde dat siekte en oplopende vakansieverlof waarop so 'n onderwyser geregtig was, onderworpe moes wees aan die voorwaardes van die Minister op aanbeveling van die Staatsdienskommissie, en dat dit as verlof beskou sou word wat volgens die bepalings van die W.O.S. opgeloop het. Hierdie bepaling was ook van toepassing op onderwysers in diens van 'n skoolraad in gemeenskapskole onder beheer van die Departement.

Vyfdens, ingevolge die Wet op Onderwys en Opleiding, 1979, het dit ook pensioenregte en uitdienstredingsvoordele van Swart onderwysers beskerm. In lyn met die bepalings van die Regeringspensioenwet, 1973 (Wet No. 57 van 1973), of die Wet op Pensioene vir Nie-Blanke

Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966), afhangend van die geval, het 'n Swart onderwyser die reg, behou wat by die inwerkingtreding van hierdie wet permanent of tydelik by 'n Staatskool, gemeenskapskool of staatondersteunde skool indiens was. Onder meer het 'n onderwyser die reg gehad op al die regte en voorregte wat onderworpe gebly het aan al die verpligtings wat vir pensioendoeleindes verkry of aangegaan was volgens die een of ander wetsbepaling wat onmiddellik voor die genoemde datum vir die implementering van die W.O.S. van toepassing was. (W.O.S., 1979:21)

Sesdens, gegrond in die bepalings van die W.O.S. m.b.t. aanstellingsvereistes Swart onderwysers die reg gehad op 'n proeftydperk in van 12 maande vir aanstellings en of bevorderings in onderwysposte by Staatskole en gemeenskapskole. Dit was onderhewig aan die voorwaarde dat die Sekretaris van Onderwys en Opleiding die tydperk kon verleng tot hoogstens 36 maande, met die verstandhouding dat indien 'n onderwyser wat op proef diens doen, bevorder kan word na 'n ander pos vir 'n korter proeftydperk, en in die nuwe pos diens kon doen wat deur die Sekretaris goedgekeur was. In aansluiting hierby moes die proeftydperk in diens vir die twee poste gesamentlik minstens 12 kalendermaande wees. Dit kon gedoen word op die voorwaarde dat die proeftyd van 'n onderwyser verleng kon word met die getal dae verlof (uitgesonderd verlof gedurende skoolvakansies) wat gedurende die proeftydperk of enige verlenging daarvan geneem was. (W.O.S., 1979:21)

As 'n sewende punt, in die geval waar 'n onderwyser in diens by 'n Staatskool of 'n gemeenskapskool langer as veertien dae weens omstandighede buite sy beheer van sy diens afwesig was en as gevolg hiervan weens wangedrag ontslaan was, het hy of sy die reg gehad om die Minister te versoek om hom of haar in diens te herstel of her aan te stel deur, na die verstryking van die tydperk (veertien dae) van afwesigheid vir diens aan te meld. Die reg tot heraanstelling was onderhewig aan die voorwaardes soos dit deur die betrokke Minister bepaal was. In so 'n geval was die tydperk van afwesigheid van diens geag as vakansieverlof sonder betaling, of verlof op ander voorwaardes wat deur die Minister bepaal was, te wees. In aansluiting hierby, het 'n onderwyser wat in 'n vaste hoedanigheid by 'n staatskool of 'n gemeenskapskool aangestel was, die reg gehad om sy of haar dienste te beëindig deur een skoolkwartaal skriftelik kennis te gee of binne 'n korter tydperk wat vir die Sekretaris aanneemlik was. Onder omstandighede waar 'n onderwyser in 'n tydelike of deeltydse

hoedanigheid diens by 'n Staatskool of 'n gemeenskapskool gedoen het, het so 'n onderwyser die reg gehad om sy of haar dienste te beëindig binne 24 uur met 'n skriftelike kennisgewing. (W.O.S., 1979:23)

Wat die prosedures vir wangedrag binne die W.O.S. aangaan, het 'n onderwyser die reg tot wetlike prosedures gehad. Volgens die W.O.S. se bepalings vir wangedrag het 'n onderwyser die reg gehad dat 'n aanklag van wangedrag aan hom of haar oorhandig word, per aangetekende pos aangestuur, afgegee word by sy woonplek of die plek waar, sover bekend, hy die laaste gewoon het. Hiervolgens het die aangeklaagde onderwyser die reg gehad dat so 'n aanklag van wangedrag 'n aanseggings of kennisgewing moes bevat of met 'n aanseggings gepaard moes gaan. Binne hierdie aanseggings was dit die onderwyser se reg om ingelig te word, oor 'n redelike tydperk wat vermeld moes word, om 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag en, indien dit verlang was 'n skriftelike verduideliking van die aanklag van wangedrag te gee of dat hierdie aanseggings vermeld, gestuur, of oorhandig word aan iemand wat by die aanklag betrokke is. Onder omstandighede waar geen aanklag van wangedrag teen 'n onderwyser of iemand wat uit sy diens geskors was gebring kon word nie, was dit die aangeklaagde se reg om toegelaat te word om sy diens so spoedig moontlik te hervat en het hy die reg tot besoldiging gehad vir die tydperk van sy skorsing indien dit nie alreeds gedoen was nie. In 'n geval waar die aangeklaagde onderwyser 'n aanklag ontken of versuim het om te voldoen aan die voorwaardes van die aanseggings, was dit sy reg dat die Sekretaris van Onderwys en Opleiding iemand moes aanstel om ondersoek na die aanklag in te stel. In terme van die ondersoek was dit die aangeklaagde onderwyser se reg om 'n redelike skriftelike kennisgewing te ontvang oor die tyd en plek vir die ondersoek wat vasgestel was. Dit moes gedoen word met die verstandhouding dat die Sekretaris die bevoegdheid gehad het om die ondersoek uit te stel indien goeie redes daarvoor aangevoer kon word. (W.O.S., 1979:27) Die algemene reg m.b.t. getuies en getuienis wat gegeld het met strafsake in 'n landdroshof, het met die nodige veranderinge ook gegeld vir die doeleindes van en by so 'n ondersoek. Dit was gedoen op die voorwaarde dat dagvaardings vir die aanwesigheid van getuies wat betrokke is, uitgereik moes word deur die persoon wat die ondersoek instel. Die aangeklaagde onderwyser het hier die reg gehad om by die ondersoek teenwoordig te wees. Hierdie reg van verteenwoordiging kon deur die aangeklaagde of persoonlik of deur 'n verteenwoordiger aangehoor word. Vervolgens het so

'n onderwyser of sy verteenwoordiger die reg gehad om iemand wat as getuie ter staving van die aanklag opgeroep is, onder kruisverhoor te neem, en stukke wat as getuienis voorgelê was, te sien, en om ander persone as getuienis op te roep, en of self getuienis af te lê.

Indien die persoon wat die ondersoek ingestel het, bevind het dat die aangeklaagde onderwyser onskuldig was aan wangedrag, en die aangklaagde as gevolg hiervan uit diens geskors is, het die aangeklaagde die reg gehad om so spoedig moontlik toegelaat te word om sy diens te hervat en moes sy besoldiging t.o.v. die tydperk van sy skorsing aan hom betaal word, vir sover dit nie reeds gedoen was nie. In die geval waar 'n onderwyser egter skuldig bevind was aan 'n aanklag van wangedrag, het die aangeklaagde die reg gehad om binne veertien dae na die datum waarop hy of sy van die bevinding verwittig was, appèl aan te teken by die Minister van Onderwys en Opleiding. Hierdie reg tot appèl kon aangeteken word deur 'n skriftelike kennisgewing van appèl te oorhandig of te pos aan die persoon wat die aanklag ondersoek het, waarin die gronde vir appèl volledig uiteengesit word. Gesien in die lig waar daar teen die bevinding geappelleer was, was dit die reg van die appellant (of aangeklaagde onderwyser) om 'n afskrif van die redes vir die bevinding te ontvang. (W.O.S., 1979:29) Indien die appellant binne sewe dae na die datum waarop 'n afskrif van die redes van die bevinding aan hom verstrek was, by die Sekretaris van Onderwys en Opleiding aansoek doen om 'n afskrif van die notule van die verrigtings by die ondersoek en die dokumentêre bewysstukke wat daarby toegelaat was, het hy of sy die reg gehad dat die Sekretaris dit moes voorlê.

Aansluitend hierby het die appellant ook die reg gehad, dat indien hy of sy aansoek gedoen het soos dit hierbo uiteengesit is, hy of sy binne veertien dae na die datum waarop die betrokke afskrif verstrek was, of indien hy of sy nie aansoek gedoen het nie, binne een-en-twintig dae na die datum waarop die afskrif van die redes vir die bevinding verstrek was, 'n skriftelike versoë ter staving van die appèl aan die Sekretaris vir Onderwys en Opleiding voorlê. Die Sekretaris moes na ontvangs daarvan, of indien geen versoë binne die vasgestelde tydperk ontvang was nie, na die verstryking van die tydperk, die notule van die verrigtinge en getuienis van die ondersoek, die ander stukke in besit wat op die ondersoek of appèl betrekking gehad het, en 'n aanbeveling omtrent die appèl, aan die Minister van Onderwys en Opleiding voorlê, om tot 'n finale beslissing te kom. Op 'n tydstip wanneer die Minister

tot 'n finale beslissing oor die appèl gekom het, was dit die appellant se reg om skriftelik in kennis gestel te word oor die beslissing. 'n Onderwyser of iemand wat uit sy diens gekors was, het die reg gehad om toegelaat te word om sy diens so spoedig moontlik te hervat en moes sy reg tot besoldiging uitgevoer word vir die tydperk van sy skorsing indien dit nie alreeds gedoen was nie.

Indien die aangeklaagde onderwyser skuldig bevind was aan wangedrag en nie binne die voorgeskrewe tydperk geappelleer het nie, of daarteen geappelleer het en die appèl geheel en al of ten dele van die hand gewys was ingevolge die wet, moes die Sekretaris behoudens die bepalinge by die Minister aanbeveel aan dat so 'n aangeklaagde onderwyser (a) gewaarsku of berispe word; (b) 'n boete van hoogstens tweehonderd rand opgelê word; (c) na 'n ander pos oorgeplaas word; se (d) besoldiging of rang, of sy besoldiging sowel as sy rang verlaag word; of (e) uit die onderwysdiens ontslaan word. Dit was gedoen met die verstandhouding dat behalwe wanneer die Sekretaris 'n aanbeveling kragtens paragraaf (a) of (e) gedoen het, 'n aanbeveling kragtens meer as een van die ander paragrawe gedoen kan word. Onder omstandighede waar 'n aangeklaagde onderwyser volgens paragrawe (a), (b), (c) of (d) van die prosedure, was dit so 'n onderwyser se reg om so gou moontlik toegelaat te word om sy diens te hervat, en moes besoldiging t.o.v. die tydperk van skorsing betaal word, indien dit nie reeds gedoen was nie. (W.O.S., 1979:31) Indien 'n onderwyser ingevolge die W.O.S. gekors of van wangedrag aangekla was, en van sy reg gebruik gemaak het om uit die diens van sy werkgewer te bedank of 'n ander werk aanvaar het, voordat die klag van wangedrag afgehandel was, was hy beskou om weens wangedrag uit die diens ontslaan te gewees het, met ingang van 'n datum wat deur die Minister bepaal was. Tensy, voordat kennisgewing van bedanking ontvang is of 'n ander werk aanvaar is, hy of sy in kennis gestel was dat hy of sy nie van wangedrag aangekla sal word nie of, na gelang van die geval, dat die aanklag van wangedrag teruggetrek is. (W.O.S, 1979:31)

Laastens, ingevolge die Wet op Onderwys en Opleiding het Swart onderwysers die reg tot die erkenning van onderwyserverenigings gehad, afhangende van die vereistes wat voorgeskryf was deur die Minister en tot watter mate so 'n vereniging die vereistes nagekom het. (W.O.S., 1979:47) In die volgende hoofstuk (4) wil ek graag die ooreenkomste en verskille t.o.v. die wetlike regte vir Blanke, Kleurling en Swart onderwysers bespreek soos dit voorgekom het in die onderskeie Onderwyswette vir Blankes, Kleurlinge en Swartes.

HOOFSTUK 4

4. DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE VAN DIE WETTE OP ONDERWYS VIR BLANKES, KLEURLINGE EN SWARTES:

Binne hierdie hoofstuk sal ek nou graag 'n uiteensetting wil gee van die ooreenkomste en verskille [wat voorgekom het] met betrekking tot die wetlike regte van onderwysers soos dit voorgekom het in die Onderwyswetgewing vir Blankes, Kleurlinge en Swartes. Dit sal gevolg word deur 'n bespreking van die onderskeie ooreenkomste en verskille soos dit voorgekom het binne hierdie onderskeie wette.

Na 'n ondersoek wat bemoeilik is deur i) die ingewikkeldheid van die verskillende wetgewings ii) ontoeganklikheid tot die komplekse wetlike taal van die Wet op Onderwys vir -Blankes (W.O.B.), -Kleurlinge (W.O.K.) en -Swartes (W.O.S.), kon ek van die ooreenkomste en verskille wat betrekking het op die wetlike regte van onderwysers egter uitlig. Vervolgens wil ek nou graag die tipe skole waarby onderwysers betrek was in die verskillende onderwysdepartemente uitlig, aangesien ek later na van dié tipe skole sal verwys ter verduideliking in my bespreking. In lyn met die W.O.B. het dit voorsiening gemaak vir onderwysers by openbare skole, private en staatsondersteunde skole; die W.O.K. het voorsiening gemaak vir onderwysers by staat-, nywerheid- en verbeteringskole, en sekere staatsondersteunde skole; en die W.O.S. het voorsiening gemaak vir onderwysers by staatskole, gemeenskapskole, en staatsondersteunde skole. Die laasgenoemde gee dus alreeds 'n aanduiding dat selfs op die vlak van die tipe skole die onderskeie wetgewings onder sekere omstandighede onderskeide getref het soos bv. die W.O.B. het voorsiening gemaak vir privaatskole wat nie deur die W.O.K. en W.O.S. aangespreek was nie. Uit die staanspoor moet ek dit noem dat wetgewing nie spesifiek verwys het na hierdie regte vir onderwysers nie, maar dat dit onder verskillende opskrifte of hofies binne die wette self voorgekom het. Hier wil ek graag noem dat binne die onderskeie wette daar verskillende benamings gebruik was waaronder onderwysers geressorteer het, soos byvoorbeeld in die Onderwyswet vir Blankes en Kleurlinge was daar in sommige gevalle nie direk verwys na onderwysers nie, maar was die benaming "personeel" of "iemand" gebruik.

4.1. Aanstellingsregte:

Wat die aanstellingsregte van onderwysers aangaan moes hierdie wetgewing voorsiening maak vir die ononderbroke dienslewering op skole. Daarom was 'n groot deel van die wetgewing gemik op oorgangsprosedures. Die eerste opvallende ooreenkoms wat voorgekom het in die verskillende Onderwyswette vir die onderskeie bevolkingsgroepe, was die reg tot aanstelling van onderwysers in poste wat hulle voor die instelling van hierdie wette beklee het. Volgens al drie die onderskeie wette nl. W.O.B. Hoofstuk 7, Artikel (Art.) 67; W.O.K. Art. 8; W.O.S. Art. 11 het dit bepaal dat 'n onderwyser die reg gehad het om as outomaties aangestel in 'n pos beskou kon word met die verskillende instellingdatums of inwerkingtreddingsdatums van hierdie wette binne die betrokke verskillende Onderwys Departemente. Wat egter interessant is, is die feit dat die W.O.S. van die W.O.B. en W.O.K. verskil het, op grond van dat daar duidelik binne die W.O.S. gestipuleer was, dat 'n ongekwalfiseerde onderwyser en 'n onderwyser wat aftreeouderdom bereik het werksaam by 'n gemeenskapskool, nie die reg gehad het om as outomaties aangestel in 'n pos te gewees het met die instellingsdatum van die wet nie, maar aangestel was op 'n tydelike basis.

Hierdie toedrag van sake was moontlik gegrond op die feit dat tot in 1953 Swart onderwys se administrasie en beheer gekompliseerd was omrede dit bestaan het uit vier tipe skole waaraan onderwysers verbonde was, nl.: private skole wat onderhou was deur godsdienstige gemeenskappe, wat, indien hulle dit sou verkies, aansoek kon doen vir amptelike erkenning en staatshulp; gesubsidieerde sendingskole wie se sillabusse voorgeskryf was deur Provinsiale Onderwysdepartemente; regering of staatskole wat onderhou was deur 'n onderwysdepartement; gemeenskaps- of stamskole, waar gemeenskappe of stamme die verantwoordelikheid aanvaar het vir die onderhoud van die skool. (Unesco, 1968:30) Teen hierdie agtergrond is dit te verstande dat die administrasie oor Swart skole en hul onderwysers met die aanname van die Wet op Onderwys en Opleiding 1979 gepaard gegaan het met komplikasies wat die aanstelling van onderwysers betref, veral dié vanuit gemeenskapskole waarvoor die staat in baie gevalle geen direkte beheer oor gehad het nie. Baie van hierdie betrokke Swart onderwysers was swak gekwalfiseerd, swak besoldig uit fondse van die ouers en gemeenskap, en was hulle aangestel deur bestuursliggame of skoolrade van die instansies wat hierdie skole met die nodige outonomieit onderhou het in vergeleke met Blanke en

Kleurling onderwys wat hoofsaaklik deur die staat gefinansier of gesubsidieer was. In die meeste gevalle was hierdie skoolrade se kriteria vir aanstellings, die onderrig van die kurrikulum en die vereistes wat aan onderwysers gestel was t.o.v. hul verantwoordelikhede nie dieselfde as dit wat deur die staat voorgeskryf was nie. Andersins was die aanstellings van onderwysers ook gedomineer deur die invloed van plaaslike inspekteurs van onderwys. (Hartshorne, 1992:289) In die lig van die bogenoemde stellings as moontlike redes vir die aanstelling van onderwysers vanuit gemeenskapskole in staatskole was 'n meganisme nodig om die beste kandidate vir staatskole te bekom.

Aansluitend hierby het die W.O.S. (Art. 13) 'n duidelike onderskeid getref by aanstellings in staatsondersteunde skole in vergeleke met onderwysers by staatskole. Alhoewel 'n onderwyser by 'n staatsondersteunde skool die reg tot outomatiese aanstelling geniet het, was so 'n onderwyser met die implementering van die W.O.S. nie as 'n professionele onderwyser in diens van 'n onderwysdepartement beskou nie, maar as amptenaar in die staatsdiens (soos bv. in die geval van 'n klerk of 'n gewone regeringswerknemer), tensy die Minister in 'n besondere geval anders bepaal het. Dit het geïmpliseer dat so 'n spesifieke onderwyser nie sekere regte (soos bv. dieselfde salaris t.o.v. dieselfde onderwysrang) kon geniet nie, in vergeleke met wat 'n onderwyser by 'n staatskool of gemeenskapskool geniet het nie, omdat daar 'n onderskeid t.o.v. hul status getref was op grond van hul kwalifikasies, voordele en verskillende regulasies wat van toepassing op die betrokkenes was.

'n Ander verskil wat die W.O.S. met die W.O.B. en W.O.K. gehad het, was dat 'n onderwyser onder die W.O.S. by 'n staatsondersteunde skool die reg gehad het om sy dienste of aanstelling te beëindig, indien die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool dit nie alreeds gedoen het nie, op die eerste dag van die maand wanneer hy of sy die aftreeouderdom bereik het. In die geval van 'n man was dit 65 jaar en 60 jaar in die geval van 'n vrou. (W.O.S., Art. 13) Wat die W.O.B en W.O.K. en staatsondersteunde skole aanbetref, word geen melding gemaak van die verskille soos dit hierbo uitgelig was nie. Vanaf 1966 tot 1972 met die aanname van die Bantoe Opvoeding Rekenings Wet (No. 20 van 1972) (Hartshorne, 1992:288) en sy gepaardgaande regulasies was daar eers aandag geskenk aan pensioene vir Swart onderwysers omdat die meerderheid Swart onderwysers voorheen werksaam was in gemeenskapskole sonder pensioenvoordele, in vergeleke met Blanke en

Kleurling onderwysers wat hierdie reg tot pensioene uit die staanspoor geniet het. Ter aansluiting hierby kon Swart onderwysers in die algemeen slegs in 'n permanente hoedanigheid eers kwalifiseer vir pensioene, maar tydelike onderwysers het glad nie vir 'n pensioen gekwalifiseer nie. Dit is hier duidelik dat in die geval van pensioene daar nie 'n gelyke maatstaf was vir Blanke, Kleurling en Swart onderwysers nie. In die geval van tydelike Blanke en Kleurling onderwysers het hulle wel gekwalifiseer vir 'n pensioen. Hierdie ongelyke toedrag van sake t.o.v. pensioene kan toegeskryf word aan die feit dat van hierdie regte verander en verskans was deur die betrokke Ministers in die verskillende etniese onderwysdepartemente wat sekere voorwaardes, voorskrifte en bepalings daar gestel het in lyn met die regering se diskriminerende beleid wat gegrond was op kleur, soos bespreek in hoofstuk 2.

4.1.1 Oorplasing of verplasing:

'n Ander ooglopende ooreenkoms binne die bogenoemde wette t.o.v. die wetlike regte van onderwysers het voorgekom onder omstandighede van oorplasing, sêkondering, verplasing en afstaan van persone of sekere onderwysers wat in diens was van die drie verskillende Onderwysdepartemente voor die nuwe wetgewing. In die geval waar 'n onderwyser se dienste benodig was deur oorgeplaas, verplaas, gesêkondeer of afgestaan te word aan die diens van 'n ander staatsdepartement of staatsinstansie, het so 'n onderwyser die reg gehad tot die behoud van sy salaris, salarisskaal, toelaes en verlofvoorregte. Gevolglik was hierdie reg 'n reg wat geldig was in al drie onderwysdepartemente.

Volgens die betrokke wetgewing t.o.v. oorplasing, sêkondering of, verplasing was 'n onderwyser se toestemming nodig indien hy afgestaan, verplaas, oorgeplaas, of gesêkondeer was, aan die diens van 'n ander en indien dit gepaard gegaan het met 'n verlaging van sy rang of 'n vermindering van sy pensioengewende verdienste. Onder omstandighede van verplasing, sêkondering of oorplasing, het 'n onderwyser die reg gehad om terug geplaas te word in sy oorspronklike pos of by dieselfde skool indien 'n vakature sou ontstaan, in 'n pos wat by sy rang pas, indien sy verplasing, sêkondering of oorplasing gepaard gegaan het met 'n verlaging van rang. Onder omstandighede waar 'n onderwyser afgestaan was aan die diens van 'n ander staatsdepartement, was die onderskeie wette se bepalings in verband met (i.v.m.)

verplasing ens. nog steeds op hulle van toepassing. Volgens die W.O.B. (Art. 69) was hierdie bepaling van toepassing op alle onderwysers onder sy jurisdiksie wat by departementele inrigtings in diens was en was toegepas in gevalle waar so 'n onderwyser gesêkondeer of oorgeplaas was. In die geval van die W.O.K. (Art. 9) was hierdie spesifieke bepaling van die wet, vir die toestemming van die betrokke onderwyser, van toepassing slegs onder omstandighede van verplasing en die afstaan van persone of onderwysers in diens by Staat-, nywerheid- of verbeteringskole en sekere Staatsondersteunde skole en word die prosedures in die geval van sêkondering en oorplasing nie duidelik uiteengesit soos in die W.O.B. nie. Binne die W.O.S. (Art. 16) was hierdie klousule wat toestemming betref, slegs van toepassing m.b.t. die verplasing van sekere onderwysers in diens by Staatskole en gemeenskapkole en was ander tipe skole nie ingesluit nie.

'n Belangrike verskil hier, is dat in die geval van die W.O.B. en W.O.K. word die bepaling van die wet van toepassing gemaak op alle skole wat in terme van die wet ingesluit word, maar in die geval van die W.O.S. word staatsondersteunde skole uitgesluit. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die bestuursliggame (of skoolrade) van sulke skole 'n mate van vryheid t.o.v. die aanstelling van onderwysers gehad het, omdat en sodoende die staat self nie direk betrokke was by die bestuur van hierdie skole nie. Wat egter nie vergeet moet word nie, was dat sedert 1955 tot en met die aanname van die Wet op Onderwys en Opleiding (1979) was die oorgrote meerderheid van Swart onderwysers in diens geneem deur skoolrade. Alhoewel die Sekretaris van Bantoe Opvoeding sekere besit het, het die aanstelling, dissipline en ontslag van onderwysers by hierdie skole wettiglik berus by die skoolrade. Hierdie skoolrade het 'n mate van direkte gemeenskaps betrokkenheid weerspieël, maar was nie ware verteenwoordigende liggame wat in die algemeen die vertrou en ondersteuning van die ouers en onderwysers geniet het nie. Op 'n vroeëre stadium voordat skoolrade of bestuursliggame geherorganiseer was op 'n etniese basis, was van die rade in stede meer effektief, regverdig in hul handeling met onderwysers, en was dit saamgestel uit verantwoordelike mense wat 'n mate van respek in hul gemeenskappe geniet het. Maar ongelukkig het die meerderheid bestaan uit lede wat onbevoeg was om hul verantwoordelikhede uit te voer, en het hulle aanstellings uitgevoer om hul eie oogmerke te bereik, of was hulle gedomineer deur plaaslike inspekteurs van onderwys. (Hartshorne, 1992:289) Aan die einde van die dag het hierdie eksperiment m.b.t. die invloed van plaaslike

inspekteurs op skoolrade egter gefaal, wat erken was toe die onderwysdepartement vir Onderwys en Opleiding van skoolrade in 1979 afgesien het. Dus kan tot die slotsom gekom word dat die skoolraad era in Swart onderwys tot nadeel van die onderwysers was, en min gedoen was om die belange van die onderwysers te bevorder, en het die onderwysprofessie verswak in sy onderhandelings met die sentrale departement. (Hartshorne, 1992:289) Andersins het hierdie toedrag van sake ook moontlik aanleiding gegee tot die agteruitgang van onderwysers se progressiewe moraal tussen die jare 1955 en 1980.

'n Ander verskil wat uitgelik kan word tussen die W.O.B. en W.O.K. in vergeleke met die W.O.S., was dat indien 'n Swart onderwyser spesifiek afgestaan was aan die diens van 'n ander staatsdepartement of selfregerende tuisland, die bepalings van die W.O.S. wat sy status aangaan, nog steeds op so iemand van toepassing was, terwyl dit nie die geval was binne die W.O.B. en W.O.K. nie. Dit kon moontlik as 'n beperkende maatreeël van die kant van die regering gesien word in lyn met hul apartheidsbeleid om Swart onderwysers op alle gebiede te beheer ten einde hul vryheid en ontwikkeling te strem, wat moontlik d.m.v. kontak met ander bevorder kon word.

4.1.2 Getroude vroue:

'n Interessante verskil tussen die regulasies van die W.O.B. en W.O.K. in vergeleke met dié van die W.O.S. (met verwysing na die twee eersgenoemde onderwysdepartemente) in die geval van 'n onderwyseres wat van voornemens was om in die huwelik te tree, was dat sy van haar reg kon gebruik maak om vrywillig uit haar pos te bedank of vrywillig ontslaan te word, vanaf die dag wat gevolg het op haar huwelik. Onder sulke omstandighede het so 'n getroude vrou die opsie gehad om op 'n tydelike basis in haar pos aan te bly vir 'n onbepaalde tydperk met die toestemming van die betrokke Minister. Binne die bepalings en regulasies van die W.O.B. en die W.O.K. was dit duidelik gestipuleer dat 'n getroude vrou nie permanent aangestel kon word nie, en sou dit eers in die jare wat sou volg verander word. Hiervolgens is dit duidelik dat die W.O.B. en W.O.K. 'n onderskeid getref het tussen 'n ongetroude onderwyseres en 'n getroude onderwyseres, aangesien hierdie reël nie gegeld het vir mans nie en dit ook nie voorgekom het in onderwyswetgewing vir die Swart bevolkingsgroep nie. In die geval van 'n huwelik was dit slegs van 'n onderwyser in diens

van die Departement van Onderwys en Opleiding (vir Swartes) verwag om hom of haar huweliksertifikaat voor te lê na 'n bepaalde datum en nie (in die geval van 'n vrou) uit haar pos te bedank nie.

Hierdie regulasie (van die W.O.B. en W.O.K.) was moontlik gebaseer op die konserwatiewe waardes en normes van die betrokke gemeenskappe wat van die standpunt uitgegaan het dat 'n getroude vrou se plek tuis was. Sover moontlik was diensvooruitsigte van getroude vroue in die onderwys beperk deur diskriminerende maatreëls, o.a. met verskillende belastingskale en salarisskale, pensioenvoordele, geen behuisingssubsidies, beperkte bevallingsverlof, in vergeleke met mans en ongetroude vrouens. Op 'n latere stadium sal ek ook na ander aspekte gaan kyk wat die getroude vrou in die algemeen benadeel het. Hierdie toedrag van sake kan as 'n direkte uitvloeisel van die apartheidsonderwysstelsel beskou word wat, ongeag sy versteekte etnies gebaseerde kurrikulum, reeds vroeg skoolseuns en dogters se denke beïnvloed het met die idee dat seuns en meisies verskillend behandel moes word. En in lyn hiermee dat seuns en meisies nie dieselfde geleentede op skool of gelyke geleentede na skoolverlating sou hê nie. (Christie, 1990:143) Op grond hiervan is dit te verstane waarom daar teen getroude vroue in terme van die W.O.B. en W.O.K. gediskrimineer was, en waarom die onderwysstelsel voorsiening gemaak het dat mans die meeste magtsposisies beklee het.

4.1.3 Proeftydperk:

Wat die aanstellingsvereistes op proef betref, was die W.O.S. die enigste wet wat duidelik die reg op 'n proeftydperk van minimum 12 maande en maksimum 36 maande uitgespel het. In die geval van die W.O.B en W.O.K. kon die voorwaardes m.b.t. die lengte van die proeftydperk gevind word onder die regulasies van die genoemde wetgewing en het die wetgewing self, dit nie direk aangespreek nie. Die W.O.B. het bepaal dat 'n onderwyser die reg tot 'n proeftydperk van 12 maande gehad het, terwyl die W.O.K. die reg tot 'n proeftydperk van 15 maande voorgeskryf het. Dit het beteken dat die proeftydperk bereken was vanaf Januarie waarin 'n onderwyser op proef aangestel was tot 31 Maart van die volgende jaar wat sodoende 'n volle kalender jaar van 15 maande ingesluit het wat volgens voorskrifte bepaal was.

Hierdie verskillende proeftydperke waaraan onderwysers in die verskillende onderwysdepartemente onderwerp was, kan beskou word as diskriminasie op die gebied van ras omdat die proeftydperk vir Kleurling onderwysers langer was as die van ander bevolkingsgroepe. Hierdie toedrag van sake m.b.t. tot die proeftydperk vir Kleurlingonderwysers sou eers later in die 1980's verander word. Die gronde vir die verskil van die proeftydperk van Kleurling onderwysers met ander bevolkingsgroepe kan aangevoer word, dat die betrokke Direkteur-generaal eers 'n bewys van geboorte of geboortesertifikaat vereis het, asook 'n aanneemlike gesondheidsertifikaat as 'n voorwendsel voordat 'n vaste aanstelling gemaak kon word. Die moontlike rede hiervoor kon wees dat dit 'n maatreël was om 'n onderwyser se gedrag, prestasie en lojaliteit teenoor die uitvoering van voorskrifte soos dit voorgeskryf was deur die onderwysdepartement te monitor, ten einde aanstellings te kontroleer en te beheer.

'n Ander interessante verskynsel was dat 'n Kleurling onderwyser volgens die bepalings en regulasies van die W.O.K. 'n tweetaligheidsertifikaat moes besit voor hulle permanent aangestel kon word in 'n onderwyspos. Dit was slegs onder sekere omstandighede onderworpe aan uitsonderings wat gemaak was deur die Direkteur in gevalle waar dit nie as nodig geag was nie. Binne die W.O.B. en W.O.S. was 'n tweetaligheidsertifikaat egter nie as 'n noodsaaklikheid vir 'n permanente aanstelling binne 'n pos beskou nie. Vir interessantheidshalwe maak die W.O.B. nie melding van 'n tweetaligheidsertifikaat vir onderwysers nie. Hierdie vereiste kan beskou word as nog 'n vorm van belemmering tot permanente aanstelling teenoor 'n spesifieke rassegroep wat 'n gevolg was van die apartheidsbeleid. 'n Moontlike rede wat vir hierdie maatreël aangevoer kan word, was dat daar op hierdie stadium geen eenvormigheid t.o.v. onderwysbeleid wat taal aangaan, was nie, omdat die verskillende bevolkingsgroepe onder verskillende Ministers se jurisdiksie geval het. Ook kan aangevoer word dat die regering van die dag op hierdie manier seker wou maak dat die twee amptelike tale se toekoms verseker word in die onderwys van Kleurlinge in hul oogmerk om die Kleurling langs die Blanke te ontwikkel.

4.2 Diensbeeindigingsregte:

Met verwysing na die regte wat onderwysers met betrekking tot hul ontslag weens

voortdurende swak gesondheid gehad het, het die W.O.B., W.O.K. en W.O.S. sekere ooreenkomste binne die wette self gehad wat soos volg uiteengesit kan word.

4.2.1 Ontslag weens siekte:

Onder die omstandighede waar 'n onderwyser byvoorbeeld afwesig was a.g.v. sy voortdurende swak gesondheid het al drie die wette voorsiening gemaak vir die reg van 'n onderwyser om vrywillig ontslaan te word uit die diens weens voortdurende swak gesondheid. Maar, in die geval waar 'n onderwyser egter deur die departement ontslaan was a.g.v. voortdurende swak gesondheid, was daar egter onderlangse verskille wat binne die wette self voorgekom het. Wat die W.O.B. Art. 71 (in alle tipe skole) aangaan het laasgenoemde onderwyser die reg gehad om op koste van die departement ondersoek te word deur minstens twee geneeshere wat deur die betrokke Minister self aangestel was. In hierdie geval kon so 'n onderwyser egter ook van sy reg gebruik maak om 'n dokter op sy eie onkoste aan te stel om as lid van so 'n span op te tree.

Binne die W.O.K. en W.O.S. het die wette self nie, soos in die geval van die W.O.B., 'n uiteensetting gegee van die prosedure vir die ontslag weens voortdurende swak gesondheid nie, maar was die aspek aangespreek binne die regulasies wat gepaard gegaan het met die wet. So byvoorbeeld was die W.O.K. se regulasie (B17.1) van toepassing op alle skole wat onder die wet geressorteer het. Hiervolgens kon die Direkteur 'n mediese raad op onkoste van die departement aanstel, om so 'n onderwyser te ondersoek. Aan die anderkant kon die onderwyser van sy reg gebruik maak om 'n dokter van sy eie keuse en op sy eie onkoste aan te stel om namens hom aan so 'n ondersoek deel te neem. Dit moet terloops genoem word, dat voor die W.O.B. van 1980, kon 'n onderwyser nie self 'n dokter van sy eie keuse op 'n mediese paneel aanstel om hom te ondersoek weens voortdurende swak gesondheid nie, en het hierdie mag by die Direkteur van onderwys berus. Wat die tipe skole betref het die W.O.S. van die W.O.B en W.O.K. verskil, omdat dit eerstens net voorsiening gemaak het vir onderwysers in staatskole en gemeenskapsskole. Tweedens was 'n onderwyser wat ondersoek moes word, verplig om ondersoek te word op 'n bepaalde datum soos deur die departement voorgeskryf was, en het hy of sy nie 'n keuse m.b.t. die datum self gehad nie. Aansluitend hierby was die ondersoek uitgevoer deur 'n distriksgeneesheer (Art. 21) wat

volgens die wet genoem word, daar word ook melding van 'n raad gemaak volgens die regulasies (21.1). Binne beide die W.O.K. en W.O.S. word die samestelling van so 'n mediese raad of paneel nie deur die wet self omskryf soos in die geval van die W.O.B. nie, maar word hierdie aspek aangespreek binne die regulasies van die betrokke wetgewing. Volgens al drie dié Onderwyswette kon 'n onderwyser weens wangedrag ontslaan word indien hy van sy reg sou gebruik maak om te weier of te versuim om aan so 'n gesondheidsondersoek deel te neem of daarop ag te slaan.

Opvallend van die W.O.S., was dat ontslag weens swak gesondheid slegs van toepassing was op staat-en gemeenskapskole. Dit kon dalk toegeskryf word aan die feit dat die regering van die dag slegs beheer of kontrole kon uitoefen oor onderwysers wat direk onder die beheer of gesag van die betrokke departement gestaan het. In die geval van staatsondersteunde en private skole was hul gesag baie minder omdat hierdie skole se beheer of bestuursliggame die diensvoorwaardes van onderwysers onder hul gesag gereguleer het volgens hul eie voorgeskrewe beleid, onafhanklik van die wat voorgeskryf was deur die staat aan sy werknemers.

'n Ander interessante opmerking wat voorgekom het in die W.O.S. was die feit dat 'n ondersoek vir voortdurende swak gesondheid in die geval van 'n Swart onderwyser gedoen was deur 'n distriksgeneesheer op 'n bepaalde datum. Hierdie prosedure kon moontlik toegeskryf word aan swak gesondheidsdienste wat aan die Swartes beskikbaar gestel was veral op plattelandse gebiede en as gevolg van die apartheidsbeleid wat nie voldoende gesondheidsfasiliteite aan Swartes beskikbaar gestel het nie. Sodoende was diegene aangewese op die dienste van 'n distriksgeneesheer wat deur die staat voorsien was. Onder andere kon baie mense onder die Swart bevolking ook nie die onkoste van 'n dokter bekostig nie a.g.v. hul swak lone en was hulle aangewese op die vry dienste van 'n distriksgeneesheer. Hierdie verskynsel kan ook dalk toegeskryf word aan rassediskriminasie wat teenoor die Swart bevolking geopenbaar was in vergelyke met die dienste wat die Blankes ontvang het. In baie gevalle het baie private dokters veral op plattelandse gebiede geweier om Swartes te behandel of was hulle bereid om dit teen hoë kostes te doen wat Swart onderwysers met hul swak salarisse nie kon bekostig nie en waarvoor die onderwysdepartement nie bereid was om hulle te subsidieer nie, soos ek dit op 'n latere stadium sal bespreek.

4.2.2 Ontslag weens wangedrag:

Binne die W.O.B, W.O.K. en W.O.S. is daar 'n duidelike ooreenstemming met betrekking tot die regte van onderwysers in die geval van die prosedures wat in verband staan met die aanklagte van wangedrag. So byvoorbeeld het onderwysers binne die betrokke afsonderlike wetgewing die reg gehad dat hulle eerstens in kennis gestel moes word van enige aanklag van wangedrag wat teen hulle aanhangig gemaak was; tweedens, het hulle die reg op verteenwoordiging en getuienis gehad; derdens het hulle, in die geval van hul onskuld, die reg op behoud van salaris gehad; en vierdens, het hulle die reg tot appèl gehad. Onder die apartheidsera met sy onderskeie wetgewing sou verwag word dat verskillende reëls vir die verskillende bevolkingsgroepe van toepassing sou wees, na aanleiding van die regeringsbeleid wat gevolg was. Hieruit blyk dit duidelik dat wanneer onderwysers van wangedrag aangekla was, ongeag ras of kleur, hulle onder dieselfde kam geskeer was. Moontlik was so 'n vermoede of aanklag van wangedrag dalk 'n verleentheid vir die betrokke onderwysdepartement, beleidsrigting, of die opvoeding van 'n rassegroep. Dit is interessant om daarop te let, dat daar wel 'n mate van deursigtigheid m.b.t. so 'n aanklag was wat deur wetgewing op die onderskeie onderwysdepartemente afgedwing was. Dit was 'n verskynsel wat nie te wagte sou gewees het gedurende die Apartheidsera nie, in dié sin dat die staat sy magte kon misbruik om sy werknemers te beheer en toe te sien dat sy beleid uitgevoer word soos voorgeskryf sonder enige teenstand. Wat interessant is in die geval waar 'n onderwyser skuldig bevind was aan wangedrag volgens die W.O.S., wat dit onderskei van die W.O.B. en W.O.K. op grond van ongelykheid, en in terme van die uiteensetting en melding daarvan, het die betrokke Minister van Onderwys en Opleiding die reg gehad om so 'n onderwyser vir 'n bepaalde tydperk nie in 'n onderwyspos aan te stel nie.

4.2.3 Uittree en pensioenregte:

Volgens die bepaling soos dit voorgekom het binne die W.O.B., W.O.K. (Reg.B9) en W.O.S. (Art.18) het 'n onderwyser die reg gehad om as outomaties ontslaan beskou te word, met die ingang van die eerste dag waarop 'n onderwyser sy uitreeouderdom bereik het en wetlik nie geforseer kon word om langer in die diens aan te bly nie, omrede die uitreeouderdom gespesifiseer was, 65 jaar in die geval van 'n man en 60 jaar in die geval van

'n vrou. Die W.O.S. is al wet waarin die uitreeouderdom duidelik gestipuleer was in die wet self, waar dit andersins in die W.O.B. en W.O.K. binne die regulasies voorgekom en uiteengesit was. Wat hier prominent na vore kom, was die feit dat daar in al drie die wette 'n onderskeid getref was tussen mans en vrouens veral wat uitreeouderdomme betref. Dit sou vanselfsprekend wees dat daar gevolglik ook verskille sou voorkom in terme van die voordele waarop die onderskeie geslagte geregtig op sou wees.

As gevolg van die aard van die Apartheidsbeleid wat gewortel was in diskriminasie, sou dit verder ook nog verdere finansiële verskille teweeg bring m.b.t. die salarisse en ander voordele vir onderwysers van verskillende bevolkingsgroepe. So, byvoorbeeld, was die salarisskale vir mans en vroue met Matriek en vierjaar opleiding (M + 4 of kategorie D volgens die ou salarisskale) per jaar (p.j.) van die verskillende bevolkingsgroepe volgens statistiek van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse Verhoudinge (S.A.I.R.V.) in 1975 soos volg:

	Mans	Vroue
Blanke	R 7020	R 5940
Kleurling	R 5580	R 5340
Swart	R 4050	R 3750 (S.A.I.R.V., 1976:215).

Uit hierdie statistiek is dit duidelik dat daar groot verskille was tussen die salarisskale van Blanke, Kleurling, en Swart onderwysers in die volgorde soos ek dit uiteensit, wat hul pensioene ook direk geraak het. Ook beklemtoon hierdie ongelyke salarisskale die feit dat daar teen die vrou in die onderwys wat salarisse spesifiek aangaan, gediskrimineer was. Ongeag die diskriminasie wat op grond van etnisiteit voorgekom het toon dit duidelike ongelykhede t.o.v. besoldiging vir dieselfde kwalifikasies en werk. Hierdie verskille in salarisstrukture was nog tot in die vroeë 1990's merkbaar, as direkte uitvloeisel van die Apartheidsera wat die Blanke bevolkingsgroep bo ander bevolkingsgroepe bevoordeel het.

'n Ander gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die salarisskale soos hierbo vermeld 'n aanduiding gee van Apartheidswetgewing se oogmerk wat die dominante rol van die man in die gemeenskap betref, en dat daar weinig erkenning gegee was aan die rol van die vrou. Daar was van haar verwag om 'n ondergeskikte rol te speel. (Dekker, 1994:9-13) In die geval

van Swart onderwysers was hulle benadeel wat pensioenregte betref. Dit was eers gedurende die laat 1960's tot vroeg in die 1970's dat slegs 'n beperkte aantal Swart onderwysers in staatskole vir pensioene gekwalifiseer het. Met die instelling van die Bantoe Opvoeding Rekening Wet (No.20 van 1972) en sy gepaardgaande regulasies, en tot en met die aanvaarding van die Wet op Onderwys en Opleiding (No.90 van 1979) insluitend die veranderinge wat in 1980 aangebring was, was Swart onderwysers geleidelik in lyn gebring met ander onderwysdepartemente wat pensioenregte betref.(Harthorne, 1992:288) Dit het beteken dat 'n groot meerderheid Swart onderwysers wat in gemeenskapskole gewerk het, nie hierdie voordeel geniet het nie. Baie gemeenskapskole was aangewese en afhanklik van hul eie finansiële hulpbronne omdat hulle nie deur die staat gesubsidieer was nie, en kon nie hierdie voordeel aan hul onderwysers bied nie. Sodoende was Swart onderwysers benadeel, wanneer hulle aftreeouderdom bereik het in vergelyke met Blanke en Kleurling onderwysers wat reeds voor die 1950's hierdie reg geniet het.

4.2.4 Bedankings:

Volgens die W.O.B, W.O.K. en W.O.S. is daar 'n ooreenkoms wat die reg tot vrywillige bedanking van onderwysers betref. Gevolglik het 'n onderwyser wat permanent aangestel was onder die verskillende wette, die reg gehad om sy dienste te beëindig deur middel van 'n skriftelike kennisgewing van een kalender- of skoolkwartaal. Tydelike of deeltydse onderwysers en onderwysers op 'n proeftydperk het egter die reg gehad om hul dienste binne 24 uur te beëindig. Gevolglik het 'n onderwyser die reg tot die uitbetaling van enige bydraes tot 'n pensioen of voorsieningsfonds gehad waartoe hy of sy bygedra het voor hul vrywillige bedanking.

4.3 Regte binne diensvoorwaardes:

Ooreenstemmend wat die diensvoorwaardes betref soos dit saamgevat was binne die W.O.B. Art. 68, W.O.K. Art. 11, en W.O.S. Art. 17, het al drie die wette dieselfde bepalings gehad ten opsigte van 'n onderwyser se reg vir die behoud van sy salaris, salarisskaal, toelaes, verlofvoorregte soos dit die geval was voor die inwerkingtreedingsdatum van die onderskeie wette vir die verskillende bevolkingsgroepe, alhoewel daar onderlangse verskille wat die

bedrae betref bestaan het a.g.v. die bevoordeling van Blankes bo die ander bevolkingsgroepe. (Hartshorne, 1992:288) So kan genoem word dat in die geval van Swart onderwysers hulle volgens die Wet op Bantoe Onderwys (1953) tot voor 1979 onderwerp was aan diskriminasie en ongelykhede t.o.v. verlofvoorwaardes, studieverlof, behuisingsubsidies, bevallingsverlof ens. wat nie aan hulle toegestaan was nie. Hierdie voordele aan Swart onderwysers was hulle ontsê omdat die land se beleid nie Swartes geakkomodeer het nie, in vergelyke met ander bevolkingsgroepe. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die vooruitgang van Swart onderwysers opsetlik deur die regering van die dag vertraag was, ten einde segregasie te onderhou.

4.3.1 Betaling van salarisse :

Binne al drie die bogenoemde Onderwyswette het onderwysers die reg tot salaris gehad in gevalle van oorplasing, en in gevalle van diens buite die betrokke onderwysdepartemente (bv. in 'n ander staatsdepartement). Waar 'n onderwyser in die geval van 'n oorplasing na die verskillende departemente oorgeplaas was, het 'n onderwyser die reg gehad dat sy salaris aangepas word by die salarisskaal wat op sy pos van toepassing was volgens die kerf wat die Minister (in die geval van die W.O.B. en W.O.K.) met goedkeuring van die Staatsdienskommissie (in die geval van die W.O.S.) bepaal het. 'n Verskil is dat die W.O.S. in die geval van die oornome van Staatsondersteunde en private skole die bepaling van toepassing gemaak het waar diegene op proef aangestel was. So het die inhoud van die W.O.B. nie binne die wet self melding gemaak dat 'n onderwyser by 'n Staatsondersteunde skool die reg gehad het om sy ononderbroke heeltidse diens voor die oorplasing na die departemente onder die W.O.K. en W.O.S., inaggeneem moes word vir verlofdoeleindes nie. Hierdie bepaling was natuurlik onderwerp aan die voorwaardes dat so 'n onderwyser se siekte- en oopende vakansieverlof onderworpe was aan die voorwaardes wat die betrokke Minister aanbeveel het, gesteun deur die aanbevelings van die Staatsdienskommissie.

Wat die betaling van salarisse self betref, waarvan ek alreeds melding gemaak het, was daar groot verskille in die salarisskale vir mans en vroue van die verskillende bevolkingsgroepe, wat veral Blankes bevoordeel het ten koste van ander bevolkingsgroepe. Ek wil nou graag die salarisskale van 1970 vir Blanke en Swart onderwysers vergelyk toe 'n verhoging toegestaan

was met dieselfde kwalifikasies (Matriek plus vierjaar onderwysopleiding of M + 4), ten einde aan te dui hoe groot die gaping tussen die groepe se besoldiging was. Onder andere was Swart onderwysers jaarliks die volgende verhoging betaal:

Mans: R 1200 x 60 - 1800 x 90 - 2160

Vroue: R 1080 x 60 - 1800 x 90 - 2070

Salarisskaal vir Blanke onderwysers met dieselfde kwalifikasies:

Mans : R 3000 x 180 - 4620

Vroue: R 2640 x 180 - 4080

Ter verduideliking was 'n Swart onderwyser (M + 4) in die geval van 'n man se minimum salarisskaal van R 1200 met 'n jaarlikse verhoging van R60 per jaar aangepas tot R 1800 per jaar, met 'n jaarlikse verhoging van R 90 tot 'n maksimum van R 2160 per jaar. In die geval van 'n Blanke onderwyser (manlik - M + 4) was die salarisskaal op daardie stadium met die verhoging alreeds minimum R 3000 met 'n jaarlikse verhoging van R 180 tot 'n maksimum salarisskaal R 4620. M.a.w. 'n Blanke onderwyser met dieselfde kwalifikasies as 'n Swart onderwyser het in vergeleke twee keer meer as sy Swart kollega verdien.

Uit die laasgenoemde data blyk dit duidelik dat Swart onderwysers wat toegetree het tot die professie 40% van die salaris van 'n Blanke met dieselfde kwalifikasies betaal was, en dat 'n jong Blanke onderwyser wat tot die professie toegetree het meer verdien het as wat 'n Swart onderwyser met 14 jaar onderwyservaring verdien het. (Hartshorne, 1992:287-288) Dit moet egter genoem word dat hierdie diskriminasie of gaping wat bestaan het t.o.v. salarisskaal tussen 1970 en 1980 verminder was, sodat Swart onderwysers se salarisse in die omgewing van 65-78% was, in vergeleke met Blanke onderwysers se salarisskaal met dieselfde kwalifikasies. As gevolg van hierdie gaping in salarisse het baie Swart onderwysers die professie na 1975 verlaat vir ander werkseleenthede in die private sektor.

4.3.2 Betaling van Vergoeding:

Wat die betaling van vergoeding aangaan het al drie stukke wetgewing ooreengestem met betrekking tot (m.b.t.) die betaling van vergoeding in die geval waar 'n onderwyser

waargeneem het in 'n pos waaraan 'n hoër salarisskaal gekoppel was. In hierdie verband het 'n onderwyser die reg gehad tot 'n waarnemingstoelae afhangend van die tydperk en aard van so 'n aanstelling, natuurlik onderhewig aan die verskillende vergoedingspakette wat van toepassing was op die verskillende betrokke onderwysdepartemente. Gegrand op dieselfde beginsel vir die betaling van vergoeding het 'n onderwyser in al drie stukke wetgewing ook die reg gehad op die erkenning van diens in private ondernemings of ander staatsdepartemente wat vir salarisdoeleindes in ag geneem moes word.

Onder omstandighede, waar 'n onderwyser geskors was, het die W.O.B., W.O.K. en W.O.S. ook die reg tot vergoeding ingesluit indien sy onskuld bewys was. Sodoende moes alle agterstallige bedrae aan so 'n onderwyser betaal word, indien dit nie alreeds betaal was nie. Die reëls wat hier gevolg was in die verskillende onderwysdepartemente t.o.v. skorsing was dus eenvormig, maar het gepaard gegaan met sekere finansiële verskille. In die konteks waar 'n onderwyser deur 'n betrokke departement verplaas was buite 'n voorgeskrewe radius van sy tuisdorp, het al drie wette voorsiening gemaak vir die reg tot vergoeding t.o.v. reiskoste, verblyftoelae, verplasingskoste en vervoervoorregte vir 'n so onderwyser.

4.3.3 Reg tot (stigting van en deelname in) onderwysersverenigings:

Alhoewel die W.O.K. melding maak van die stigting van onderwysersverenigings, was die W.O.B. en W.O.S. die enigste wette wat aanvanklik voorsiening binne die wet self gemaak het vir die erkenning van onderwysersvereniging en onderwysers se deelname daaraan. In die geval van die W.O.S. (1979) was dit 'n kwessie wat uit die staanspoor aandag en erkenning geniet het met latere wysigings gedurende die 1980's. So, byvoorbeeld, het die W.O.K. en W.O.S. in hul oorspronklike vorm, m.a.w. met hul implementering, bepaal dat die erkenning van onderwyserverenigings afgehang het van die goedkeuring van die betrokke Minister en Direkteur. In die geval van Swart onderwysers was hulle deur die W.O.S. in die tydperk voor en na 1953 verbied om enige kritiek te lewer op die onderwysdepartement. Vir hierdie doeleindes was onderwysersverenigings as spreekbuis vir Swart onderwysers verbied. Na die 1976 onluste het die Onderwysdepartemente vir Kleurlinge en Swartes eers aandag aan die kwessie vir die erkenning van onderwysersverenigings geskenk, weens druk van die kant van onderwysers, wat 'n omwenteling in onderwys meegebring het. Binne die W.O.K. sou daar

eers in die laat 1980's erkenning gee word aan nuwe onderwysersverenigings soos bv. die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysers Unie (S.A.D.O.U), behalwe die African Teacher's Association of South Africa (A.T.A.S.A.) en Kaaplandse Professionele Onderwysersvereniging (K.P.O.) wat op daardie tydstep baie nou met die regering van die dag saamgewerk het. (Hartshorne, 1992:300-320)

Wat die stigting en erkenning van onderwysersverenigings aangaan, het dit afgehang tot watter mate so 'n onderwysersvereniging bereid was om saam te werk met die regering van die dag in die uitvoering van die apartheidsbeleid. (Hartshorne, 1992:300) Onder hierdie omstandighede was die regering wat apartheid propageer het, nie bereid om 'n onderwysersvereniging te erken, wat moontlik teenstand kon bied vir sy onderwysbeleid vir die verskillende bevolkingsgroepe nie. 'n Onderwysersvereniging en sy lede se deelname was dus gemeet aan die lojaliteit wat so 'n vereniging aan die regering van die dag geopenbaar het. As 'n uitvloeisel van hierdie houding was onderwysersverenigings wat onder die W.O.K. en W.O.S. geressorteer het, volgens streng maatreëls beheer, om sodoende hul lede in toom te hou vir moontlike uitsprake teen 'n betrokke onderwysdepartement of 'n wet van die parlement. Hiervolgens het 'n onderwyser binne die W.O.B. (veral na 1988 met die aanname van die Wet op Onderwysaangeleenthede (1988) - Volksraad), soos in die geval van die W.O.K. en die W.O.S., om nie as individu kritiek te lewer in die openbaar op enige staatsdepartement nie. Dit was gedoen omdat hy of sy in so 'n geval hul skuldig gemaak het aan wangedrag wat kon lei tot hul ontslag en skorsing. Hierdie maatstaf van die W.O.B. kan moontlik toegeskryf word aan verwickelinge gedurende die 1980's teen die apartheidsbeleid en sy onderwysstelsel, en omdat baie Blanke onderwysersverenigings en onderwysers gewikkel was in onderhandelings vir eenheid met progressiewe onderwyserverenigings van ander bevolkingsgroepe, wat hul moontlik kon beïnvloed teen die regering se beleid en kon lei tot hul deelname in ongemagtigde optredes. Op hierdie manier het die regering dus verseker dat sy apartheidsbeleid uitgevoer kon word, deur moontlike teenstand uit die onderwyskringe te neutraliseer met intimiderende wetgewing. Verder kon 'n onderwysersvereniging wat die erkenning van die regering of staat geniet het weens hul lojaliteit, verseker wees van verteenwoordiging op die verskillende onderwysrade wat vir die onderskeie bevolkingsgroepe geskep was. (Hartshorne, 1992:318-319) Onder omstandighede waar 'n onderwysersvereniging hom aan die werksaamhede of deelname van sulke

staatstrukture onttrek het, was 'n organisasie ontsê van die voorregte wat hul voorheen kon geniet het, o.a. deelname aan besluite wat hul lede direk sou raak.

4.4. Politieke en Burgerlike regte:

Met betrekking tot die politieke en burgerlike regte van onderwysers was die W.O.B. die enigste wetgewing onderhewig aan sekere voorwaardes, wat voorsiening gemaak het vir die politieke regte van Blanke onderwysers binne die inhoud van die wet self. So het 'n Blanke onderwyser die reg gehad om as lid aan te sluit en te dien op die bestuur van enige wettige politieke party. Hierdie reg was onderhewig aan omstandighede waar so 'n onderwyser egter nie in die openbaar, of in die pers, of deur sy optrede die belange van die politieke party, organisasie of departement benadeel nie. Dit is hieruit duidelik dat die politieke regte en burgerlike regte wat onderwyser onder sekere omstandighede kon geniet het binne die W.O.B., W.O.K. en W.O.S., streng onderworpe was aan die bepalings van Apartheidswetgewing. Wat egter genoem kan word, is dat die W.O.S. (1979) 'n minimale verbetering gebring het, in die sin dat Swart onderwysers toegelaat was om die onderwysdepartement, maar nie enige ander staatsdepartement kon kritiseer, onderworpe aan die voorskrif dat hierdie kritiek gelewer word by 'n vergadering van onderwysersvereniging wat deur die onderwysdepartement erken was en nie elders nie. Gedurende die 1980's sou onderwysers wat by nuwe en meer progressiewe unies aangesluit het, egter uitvind dat hulle nie deur hierdie laasgenoemde klousule beskerm was nie, omdat van hul unies nie deur die regering erken was nie. (Hartshorne, 1992:289)

4.5 Reg tot gewetensbesware:

Dit is belangrik om daarop te let dat binne die regulasies van die W.O.K. spesifiek voorsiening gemaak was vir 'n onderwyser se reg tot gewetensbeswaar of weiering om sekere onredelike pligte (anders as die normale pligte wat met die bestuur van die skool gepaard gaan) uit te voer. Soos byvoorbeeld in die geval waar daar van 'n onderwyser verwag word om 'n sekere geloof te verkondig, kon so 'n onderwyser weier weens sy gewetensbeswaar. In hierdie opsig verskil die W.O.B. en W.O.S. van die W.O.K. omrede die voorafgenoemde wette in hul regulasies nie hiervoor voorsiening gemaak het nie. Hierdie reg kon waarskynlik

daaraan toegeskryf word dat dit erkenning gegee het aan die verskillende gelowe (o.a. Islam en Christelike gelowe en ander denominasies) wat binne die Kleurling gemeenskappe beoefen word, met die nodige respek wat daaraan verbonde was.

Ander aspekte waar ongelykhede t.o.v. die regte van Nie-Blanke (Kleurling en Swart) onderwysers tekortkominge ondervind het, was in die geval van promosiegeleenthede en beroepsvooruitsigte benede skoolvlak en junior toesighoudende posisies omdat aanvanklik gedurende die 1960's en vroeë 1970's slegs vir Blankes gereserveer was. In baie gevalle was van hierdie inspekteurs van onderwys laer gekwalifiseer as hul onderdane. Ook was daar ongelykhede in skole wat die werkslading van onderwysers beïnvloed het soos onder andere die grootte van klasse waaraan onderwysers binne die W.O.K. en W.O.S. aan blootgestel was, waarin hul geen regte gehad het om dit ten te staan nie. Die ratio's vir onderwysers binne die W.O.K. en W.O.S. het gedurende die 1960's gewissel van 1 : 58, 1970's 1 : 60, en teen 1980 het dit verbeter tot 1 : 46 waar Swart onderwysers die swaarste getref was. (Hartshorne: 1992, 290) Gepaardgaande met hierdie ratio's was Blanke, Kleurling, en Swart leerders se onderwys ongelyk gefinansier deur die regering wat 'n agterstand in onderwys veroorsaak het. (Unesco: 1968, 35 - 39) Ook was die voorsiening van onderwysers aan Nie-Blanke skole onbevredigend ongeag die omstandighede waaronder hul moes onderwys.

Uit die bogenoemde verskille en ooreenkomste wat uitgelig was m.b.t. die W.O.B., W.O.K. en W.O.S. blyk dit dat Apartheidswetgewing binne die verskillende onderwyswette en hul regulasies op die een of ander manier sy beginsel van diskriminasie hoe gering ook al, laat geld het. Dit sou hierdie wetgewing wees wat op 'n latere stadium teenstand uit alle oorde sou uitlok vir 'n meer gelyke regte aan onderwysers uit alle bevolkingsgroepe en om te voorkom dat die een groep bo die ander bevoordeel word. In die volgende hoofstuk (5) sal ek gaan kyk na watter gebeure aanleiding gegee tot ontevredenheid met ongelykhede en onderdrukking, en wat gemik was op die demokratisering van die onderwys vir gelykhede en die deelname van almal.

HOOFSTUK 5

5. Konteks van verandering ten opsigte van Apartheid:

Omdat ek met regte in wetgewing binne my mini-tesis werk, wil ek die veranderinge wat ten opsigte van Apartheid plaasgevind het, verduidelik in terme van die konsepte gelykheid en demokrasie. Ek moet dit beklemtoon dat die konsepte van gelykheid en demokrasie kompleks en omstrede is. Onder andere gaan ek nie hierdie verskillende argumente aanpak nie, maar gaan ek 'n sekere kort omskrywing van gelykheid en demokrasie gee. Wanneer ek die konsep van gelykheid gebruik, wil ek dit omskryf in terme van mense se gelyke behandeling van gemeenskaplik aanvaarde kriteria op bv. sosiale, politieke, ekonomiese, regterlike en godsdienstige vlakke. Dit impliseer dat daar nie onderskeid tussen die geregverdigde kriteria vir behandeling van mense getref moet word op grond van onregverdigde kriteria soos kleur of ras nie, maar dat mense in openbare sake behandel moet word volgens hierdie algemeen aanvaarde kriteria. Ondermeer sal dit beteken dat mense bywyse van gemeenskaplike menslikheid, sekere basiese algemene regte moet geniet.

Binne hierdie konteks is dit belangrik dat 'n onderskeid getref moet word tussen gelyke behandeling en gelyke kriteria vir behandeling. In elke gemeenskap kan mense nie identies behandel word nie, jonges, siekes, en misdadigers word anders behandel; maar die kriteria van behandeling is van toepassing op almal wat daaraan voldoen en op hierdie wyse is dit 'n regverdiging vir ongelyke behandeling. Dit beteken dus dat die kriteria gelyk is, maar die behandeling verskil. Wat die konsep van "gelyk" aangaan, moet 'n onderskeid getref word tussen die konsep "dieselfde" en die kriteria vir "regverdig" wat hiermee gepaard gaan. Ten opsigte van die konsep "dieselfde", word mense met verskillende talente gebore, dus kan hulle nie dieselfde behandel word nie soos bv. 'n swak leerder het meer aandag en ondersteuning nodig as 'n selfgemotiveerde knap leerder. Onder andere is daar ook verskillende groepe in 'n gemeenskap bv. jonges, ouer mense, siekes, misdadigers ens. wat elkeen anders behandel word. Vir hierdie die rede kan gelyk nie dieselfde beteken as "dieselfde behandeling" nie. Ondermeer, kan die konsep "regverdig" of regverdigde behandeling omskryf word binne die konteks dat daar aanvaarbare kriteria bestaan waarvolgens 'n mens se menslikheid tot vrugbare uiting kan kom. In lyn hiermee is daar

algemeen aanvaarde kriteria vir die behandeling van bv. kinders, siekes, pensioenarisse ens. Individue wat binne hierdie groepe val, is elkeen onderhewig aan die algemeen aanvaarde kriteria vir so 'n groep soos bv. kriteria (of regte) wat van toepassing is op alle kinders of regte vir alle pensioenarisse.

Ten opsigte van wat die aanvaarde kriteria vir die behandeling van individue (binne sekere groepe) is, het dit te doen met kriteria wat relevant is tot die ontwikkeling van die individu. Byvoorbeeld rasionele kapasiteit is 'n relevante kriteria vir die ontwikkeling van 'n individu se menslikheid. Jong mense wat nog nie rationeel ten volle ontwikkel het nie (of geestelike gestremdes), word deur die reg beskerm (en dus anders behandel as bv. rasionele volwassenes). Kriteria gebaseer op rasseverskille is nie relevant vir die ontwikkeling van 'n persoon se menslikheid nie, en daarom is die gebruik daarvan vir die behandeling van persone onregverdig. In lyn hiermee is kriteria gebaseer op rasseverskille ook nie algemeen aanvaarbaar nie (omrede dit in besit was van 'n eksklusiewe klein Blanke magsgroep). Dus sal ek gelykheid interpreteer in terme van algemeen aanvaarde relevante en regverdige kriteria waarvolgens individue behandel word. In die volgende hoofstukke sal ek "regte" gebruik as 'n manifestering van sulke kriteria.

In aansluiting hierby sal ek demokrasie interpreteer as die sisteem waarbinne mense behandel word in terme van hierdie aanvaarde, relevante en regverdige kriteria en 'n sisteem waarbinne burgers deel kan hê (in die vorm van direkte deelname of verteenwoordiging) in besluitnemingsprosesse. Vervolgens kan die konsep van demokrasie omskryf word in terme van die reg van almal of alle burgers van 'n land, om deel te hê in die besluit oor sake van algemene belang bywyse van verteenwoordigende of deelnemende prosesse. Hierdie demokratiese prosesse sluit onder andere in, die reg tot vrye verkiesings, die stemreg aan alle kwalifiserende burgers van die land, die vryheid van verkiesingsveldtogte in opposisie teen die regering, en die beskerming van 'n stemgeregtigde teen intimidasie d.m.v. geheime stembriewe. Verder sal die omvang van demokrasie afhang of sulke verkiesings 'n effektiewe keuse aanbied m.b.t. 'n verskeidenheid partye (politie of andersins), of die verkose liggaam van verteenwoordigers die reg het tot die daarstelling van wetgewing, en of besluite en idees in die openbaar bevraagteken, bespreek, gekritiseer, of teengestaan kan word, sonder dreigemente van inmenging en arrestasies. In my omskrywing van demokrasie word

menswaardigheid van die mens as individu en sekere regte gewaarborg vir elke burger van die land, en sluit dit die sekuriteit teen arbitrêre arrestasie en inhegtenisneming, vryheid van spraak, vryheid van pers, vryheid van assosiasie, vryheid van beweging, vryheid van geloof ens. in. Omdat ek met regte in wetgewing werk en dit wil verduidelik in terme van gelykheid en demokrasie, sal dit nie beteken dat die wetgewing gelyk en demokraties is nie, maar dat dit gemotiveer is deur konsepte van gelykheid en demokrasie wat verandering genoodsaak het en bygedra het tot die stryd teen Apartheidswetgewing.

In hierdie hoofstuk wil ek graag gaan kyk na watter hoof gebeure aanleiding gegee het tot die ontevredenheid met die apartheidsbeleid wat gepaard gegaan het met ongelykhede, onderdrukkende en onaanvaarde behandeling, gemik op die demokratisering van Suid-Afrika ten gunste van algemeen aanvaarde kriteria of regte, regverdige behandeling en relevante besinninge en deelname (direk of indirek) in besluitnemingsprosesse. Ten einde 'n beter begrip te verkry t.o.v. die veranderinge wat moes plaasvind om 'n nuwe beleid vir S.A. te formuleer, gegrond op die deelname van alle bevolkingsgroepe binne alle sferes van die samelewing, is dit belangrik om te gaan kyk na watter spesifieke omstandighede hierdie veranderinge ten gunste van gelykheid in lyn met algemeen aanvaarde kriteria, regverdige behandeling en relevante besinninge en demokrasie of direkte of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse genoodsaak het. Binne hierdie konteks wil ek nie 'n historiese analise gee nie, maar wil ek net kortliks 'n breë raamwerk voorsien van 'n paar belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis en die onderwys vir Nie-Blankes (m.a.w. Kleurlinge en Swartes). Ek moet dit egter duidelik stel, dat hierdie verset teen Apartheid, met sy ongelykhede en in sy onderwysstelsel, nie in Junie 1976 begin het nie, maar dat dit op hierdie tydstip 'n hoogtepunt bereik het ten gunste van algemeen aanvaarde kriteria of regte, regverdige behandeling en relevante besinninge en die deelname van almal in besluitnemingsprosesse (of demokrasie) in alle sferes van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die jaar 1976 kan dus uitgesonder word as die tydperk waarin 'n stryd vir 'n meer regverdige demokratiese politieke en onderwysstelsel daadwerklik begin het, en 'n nuwe era van verset teen Apartheid van stapel gestuur is. Met hierdie gebeure vir die verandering van apartheid as agtergrond, wil ek skets hoe onderwyswetgewing binne hierdie konteks geforseer was om te verander, t.g.v. algemeen aanvaarde kriteria of regte, regverdige behandeling, relevante besinninge en die deelname van alle bevolkingsgroepe (direk of indirek) in besluitnemingsprosesse, wat deur die 1976 opstand

geinspireer was.

5.1 Verset teen ongelykheid en onderdrukking vanaf 1652 tot 1930's:

Uit die geskiedenis van S.A. blyk dit dat daar reeds met die aankoms en vestiging van slawe aan die Kaap en met die opening van die eerste skool, met watter oogmerke of doel dit ook al in 1658 gestig was (of dit in die belang van die intellektuele of morele welstand van die slawe was, of om hul meesters se opdragte te gehoorsaam), was daar verset van die kant van die slawe ten gunste van veranderinge vir hul regverdige behandeling veral in die onderwys. (Christie, 1990:222) Op 'n latere stadium, met die aankoms van sendelinge en die vestiging van sendingskole vir Nie-Blankes (Kleurlinge en Swartes), was daar 'n voortsetting van verset teen die ongelykhede en onderdrukking wat op hul van toepassing was, soos dit was in die geval van die slawe. Met hierdie poging tot verset is dit alreeds duidelik dat vroër in die geskiedenis van S.A. pogings tot verset gemotiveer was om algemeen aanvaarde kriteria of regte, regverdige behandeling met gepaardgaande besinninge en 'n vorm van deelname in besluitnemingsprosesse te weeg te bring. In baie gevalle was sendelinge en sendingskole, nie verwelkom deur veral Swart stamhoofde nie. Stamhoofde het in sulke gevalle, verhoed dat kinders onder hul jurisdiksie sendingskole bywoon en daar onderrig ontvang, uit vrees vir die invloed wat hierdie skole op hul gesag kon hê. In gevalle waar kinders wel toegelaat was om hierdie sendingskole by te woon, was dit gedoen om voordeel te trek uit voordele wat met die skoling gepaard gegaan het, soos bv. die verskaffing van klerasie. (Christie, 1990:222) Gewoonlik, nadat hierdie voordele bekom was, was hierdie kinders onder normale omstandighede uit dié skole onttrek of was hulle geroteer met ander kinders uit die stam. Alhoewel onderwysgeleenthede op hierdie tydstip alreeds deurspek was met ongelykhede, sou Nie-Blankes eers later die waarde van sendingskole en hul onderrig besef, as 'n weg vir hul vooruitgang en middel om hul omstandighede te verbeter vir regverdige behandeling.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar gedurende die tydperk van slawerny tot en met die 1920's sporadiese gevalle van onrus in Nie-Blanke skole regoor die land teen hul ongelyke behandeling en onderdrukking was. Op hierdie stadium was die vorms van verset teen die onderdrukkende maatreëls alreeds gekenmerk deur studentebetogings, optogte, opstande en

die boikotte van kerke en klasse. In baie gevalle het die verset t.g.v. die verandering van hul omstandighede vir algemeen aanvaarde regte en deelname in besluitnemingsprosesse, meestal voorgekom by plattelandse sekondêre skole, onderwyser opleidingskolleges en sendingskole, en was dit gelei deur studente wat aan die inrigtings geloseer het. In meer as een opsig was hierdie teenkantiing hoofsaaklik gemik teen toestande by hierdie Nie-Blanke sendingskole self, wat onder andere klagtes van swak kos, verpligte hande arbeid ens. ingesluit het. (Hirson, 1979:27) Op die een of ander manier het hierdie verset uit die geledere van die studente direk verband gehou met diskriminasie wat teen hulle geopenbaar en toegepas was wat hul voorregte en behandeling betref, in vergeleke met die voorregte wat Blankes geniet het. Gewoonlik, het die straf vir die deelname aan verset optrede gepaard gegaan met skorsings uit die betrokke inrigtings. Onder omstandighede was dit gemik teen die onderdrukkende onderwysstelsel en sy uitvloeisels in die sendingskole self. Teen hierdie kort agtergrond is dit duidelik dat Nie-Blankes gedurende die 1920's hoofsaaklik aangewese was op sendingskole, waar bywoning vrywillig en onder die beheer van 'n sendinggenootskap, was. (Nkomo, 1990:50) Wat belangrik is, is om daarop te let dat Nie-Blanke gemeenskappe nie sonder probleme en verset, die onderrig by sendingskole aanvaar het nie. Daar was baie Nie-Blankes wat die ongelykhede en rassistiese strukture waarop die onderwys van sendingskole gebaseer was, bevraagteken het en hul teenkantiing uitgespreek het vir 'n meer regverdigde kriteria, 'n regverdigde bestel en relevante besinninge asook deelname direk of indirek in besluitnemingsprosesse vir almal. Hierdie merkbare ongelykhede wat toe al binne die konteks van die Suid-Afrikaanse onderwys voorgekom het, het dikwels beteken dat die sosiale verhoudings tussen bevolkingsgroepe hoofsaaklik gereguleer was deur die onderdrukking van Nie-Blankes (veral Swartes) en die bevordering van 'n ideologie ten gunste van Blankes. (Nkomo, 1990:50)

In aansluiting hierby sou die gebrekkige finansiëring van onderwys by sendingskole a.g.v. die toenemende inkorting van staatsubsidies, veroorsaak dat baie min Nie-Blanke (Swartes en Kleurlinge) leerders standerd ses behaal het in vergeleke met Blanke leerders. Hierdie gebrekkige gedifferensieërde voorsiening van finansies gedurende die 1920's kan toegeskryf word aan 'n sistematiese stelsel vir statistieke wat gevolg en bereken was op grond van die kleur van 'n skool se leerders. (Nkomo, 1990:52) So byvoorbeeld was meer geld voorsien aan Blanke skole in vergeleke met Nie-Blanke skole, wat in latere jare sou lei tot uiterste

ontevredenheid. Hierdie swak voorsiening van fondse vir onderwys sou veroorsaak dat baie Nie-Blanke kinders binne 'n stedelike opset sou opgroei tot volwassenheid sonder enige formele skoling. Aan die teenoorgestelde kant was daar oorgenoeg onderwysgeleenthede aan Blanke kinders voorsien, wat hul sosiaal en ideologies opgelei het vir hul insluiting binne die breë sfeer van Blanke Suid-Afrikanisme en hul opperheerskappy. (Nkomo, 1990:51-52) Hierdie ongelyke en diskriminerende omstandighede en hulpbronne, sou die Nie-Blanke motiveer om hul omstandighede te verbeter vir 'n meer demokratiese bestel gebaseer op algemeen aanvaarde kriteria en die deelname van almal. Teen hierdie agtergrond en redes wat aangevoer kan word vir verset was ouers, onderwysers, studente, en Nie-Blanke gemeenskappe gedurende verskillende fases betrokke, teen die gesegregeerde onderwysstelsel. (Kallaway, 1984:78) Dit was veral teen die einde van die 1930's dat ouers uit die gelede van die Nie-Blanke bevolkingsgroep in Natal en Transkei verenigings gestig het, om die onderwysstelsel teen te staan vir algemeen aanvaarde regte, regverdige behandeling en deelname in besluitnemingsprosesse. Protesaksies was veral gemik op die struktuur en die inhoud van die Nie-Blanke onderwysstelsel, en eise was gemaak vir daadwerklike veranderinge binne die onderwysstelsel self. Hierdie verset sou egter nie hier stop nie.

Gedurende 1954 sou hierdie vroeë aksies van verset 'n meer ernstige vorm aanneem met die instelling van die Wet op Bantoe (of Swart) Onderwys (1954), wat meer gevorderd was as vorige segregasie maatreëls omdat dit in wetgewing saamgevat was en dit die onderwys van Nie-Blankes veral Swartes direk geraak het. Hierna sal ek later in die hoofstuk verwys. Met die aanvaarding van hierdie wetgewing, het die staat daadwerklik begin om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die onderwys vir Blankes en die van Nie-Blankes (in hierdie geval van Swartes) wat ernstige gevolge vir die toekoms ingehou het, omdat dit die ongelykhede tussen Blank en Nie-Blank beklemtoon het en sou dit verdere verset teen Apartheidswetgewing motiveer vir algemeen aanvaarde regte, regverdige behandeling, die relevante besinninge en direk of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse. Onderwys sou nie meer dieselfde wees nie, omdat dit gegrond was op ongelykhede en rassediskriminasie wat 'n wye reaksie onder Nie-Blankes sou uitlok teen hul onderdrukking. Op hierdie stadium het die regering van die dag d.m.v. wetgewing vir onderwys begin, om 'n soliede infrastruktuur van staatskole en 'n gepaardgaande burokrasie opgebou tot voordeel van Blanke kinders en tot nadeel van Nie-Blankes in die algemeen. Onder sekere omstandighede sou

onderwysgeleenthede van Nie-Blankes weerhou word, of sou hulle blootgestel word aan 'n gesegregeerde onderwysstelsel wat hulle met ongelykhede sou onderdruk. Hierdie onderdrukking veral in die onderwys sou teenkanting vanuit 'n wye spektrum uitlok, vir 'n meer regverdig bestel gegrond op algemeen aanvaarde regte, die relevante besinninge en deelname (direk of indirek) in besluitnemingsprosesse.

5.2 Versetbewegings gedurende die 1940's tot die 1960's:

Gedurende die tydperk vanaf die 1930's tot laat in die 1940's (veral tussen 1939 en 1945) het protesveldtogte, gemotiveer deur die ontevredenheid met die ongelykhede en onderdrukking, met spesifieke verwysing na die onderwysstelsel, saamgeval met gebeure buite skoolverband soos onder andere die uitbreek van die Tweede Wêreld Oorlog. Op hierdie stadium was die interne probleme van Suid-Afrika en dié van die wêreld hoog op die agenda van studente se besprekings wat uiteindelik oorgevloei het in stakings en opstande, en uiteindelik aanleiding gegee het tot baie van hul skorsings. (Christie, 1990:225) Hierdie stakings en opstande was gemotiveer deur die opkoms van Nie-Blanke nasionalitiese politieke bewegings ten gunste van die verandering van onderdrukkende segregasie maatreëls vir meer algemeen aanvaarde regte wat voorsiening moes maak vir die deelname van alle bevolkingsgroepe in besluitnemingsprosesse. Dit was ook gedurende die vroeë 1940's dat Nie-Blanke onderwysers deur middel van protesoptogte en wegbly aksies teen Apartheidswetgewing, gesteun deur die betrokke gemeenskappe, van hulle in die publiek laat hoor het t.g.v. algemeen aanvaarde kriteria, regverdig behandeling en die relevante besinninge, en die deelname in besluitnemingsprosesse. Hierdie verset aksies was gemotiveer deur eise vir hoër salarisse, beter werksomstandighede, vrye en universele onderwys, en meer skole, waarop die regering moes reageer, omdat daar verskille was met dié voorregte wat Blankes gehad het. (Kallaway, 1984:84) Ongeag hierdie verset optrede teen regeringsbeleid gedurende die 1940's, het dit ook aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n nuwe geslag Nie-Blanke aktiviste. Hierdie nuwe geslag aktiviste was meer vasberade en militant as die vorige geslag "konserwatiewes" wat Nie-Blanke (of Swart) politiek oorheers het vir meer as drie dekades. As voorbeeld, was die Congress Youth League (C.Y.L.) van die African National Congress (A.N.C.) in 1943 gestig, wat met 'n program van aksie in 1949 sou begin in hul strewe om Swart nasionalisme en selfbeskikking te bevorder en om Blanke oorheersing met al sy vorme van segregasie uit

te wis. In aansluiting hierby sou die laasgenoemde organisasies Apartheidswetgewing ten alle koste uitdaag vir 'n aanvaarde en verteenwoordigende opset vir almal. Hierdie nuwe geslag Nie-Blanke (of Swart) aktiviste het die ou persepsies van Nie-Blanke politiek verwerp ten einde hulle instaat te stel om dit te verander na nuwe persepsies oor hul politieke omstandighede. (Reader's Digest, 1988:360) Onder andere kan tot die gevolgtrekking gekom word, dat baie leiers van die A.N.C. en ander politieke organisasies wat produkte van die ongelyke en onderdrukkende onderwysstelsel en sendingskole was, sektore van die Nie-Blanke bevolking gemobiliseer en saamgesnoer het, teen Blanke oorheersing. (Gister en Vandag, 1996:15) Teen die einde van die 1940's het dit duidelik geword dat die stelsel van sendingskole wat aanvanklik ingestel was as 'n maatreël om beheer oor gemeenskappe op sosiale vlak uit te oefen deur hulle van ander gemeenskappe te isoleer, misluk het. Om die rede sou die stelsel van sendingskole van buite sowel as binne die stelsel self uitgedaag word, t.g.v. 'n stelsel van demokratisering in die onderwys.

As 'n verdere uitvloeisel sou die verset t.g.v. algemeen aanvaarde regte teen apartheid en sy onderwysstelsel in die jare wat sou volg, maar veral na die bewind van die Nasionale Party in 1948, voortgesit word deur Nie-Blankes in hul stryd teen die uitsluiting van hul politieke, ekonomiese, sosiale regte en vryhede sedert Uniewording (1910). Met die bewind van die Nasionale Party was meer kontrole oor die Nie-Blanke jeug uitgebrei en was daar nog nie begin met 'n veldtog om hul in massas te skool nie. (Nkomo, 1990:56) M.a.w. hul onderwysstelsel en geriewe was nog steeds ongelyk en onderdrukkend. Onder hierdie omstandighede het die A.N.C. op die vooraand van die Wet op Bantoe Onderwys in Junie 1952, as teenreaksie 'n versetveldtog (Defiance Campaign) van stapel gestuur om Apartheidswetgewing teen te staan, met die oog op algemeen aanvaarde geleenthede en deelname in besluitnemingsprosesse. Hierdie versetveldtog sou Nie-Blankes (Swartes, Kleurlinge en Indiërs) saamsnoer en inspireer teen die ongelykhede en onderdrukking van Apartheid, ten einde 'n regverdige bestel te bereik. In die maande wat sou volg was paswette oortree, Blanke wagkamers deur Swartes beset, aandklokkeëls, ens. oortree. (Gister en Vandag, 1996:17) In respons hierop het die Nasionale Party regering enige vorm van weerstand probeer stuit met die aanname van die Wet op Openbare Veiligheid (1953) waarvolgens die regering gemagtig was om 'n noodtoestand in enige deel van die land af te kondig indien die openbare veiligheid van die land bedreig sou word. In lyn met hierdie

wetgewing het die Strafwysigingswet (1953) ter aanvulling swaar strawwe voorgeskryf vir diegene wat wette uit protes oortree of protesaksies aangemoedig het. (Gister en Vandag, 1996:17) Met die aanvaarding van die Wet op Bantoe Onderwys in dieselfde jaar (1953) het die Suid-Afrikaanse regering totale beheer verkry oor veral onderwys vir Swartes. Volgens die bepalinge van hierdie wet was die administratiewe verantwoordelikheid van Swart onderwys oorgedra vanaf die provinsiale magte na 'n sentrale regeringsdepartement. Dit het beteken dat die inhoud van leerplanne, die indiensneming van onderwysers, die toelating van leerlinge, ens. waarvoor skole voorheen 'n mate van onafhanklikheid of selfbeskikking gehad het, voorts onderworpe was aan goedkeuring van 'n sentrale gesag. Dit het in die praktyk beteken dat alle Swart skole geforseer was om by die departement te registreer. Ook moes Swart staatsondersteunde skole beman word deur onderwysers wat deur die regering opgelei was. Dit was ook verpligtend dat alle skole die amptelike leerplanne soos dit deur die staat voorgeskryf was, moes gebruik. Dit het dikwels tot groot ontevredenheid gelei. Onder andere het die leerplanne vir primêre skole klem gelê op onderdanigheid, gemeenskaplike lojaliteit, etniese en nasionale verskille, die aanvaarding van voorgeskrewe sosiale rolle, vroomheid en identifisering met die plattelandse kultuur. (Kallaway, 1984:268) Dit is hieruit duidelik wat Apartheid se oogmerke met Swart onderwys was, onderdanigheid, identifisering met 'n bepaalde gemeenskap, etniese en nasionale verskille, voorgeskrewe sosiale rolle, en identifisering met die plattelandse kultuur. Die Wet op Bantoe Onderwys (1953) sou uit alle oorde teengestaan word, gemotiveer deur die konsepte van gelykheid in terme van aanvaarde kriteria, regverdige behandeling met die relevante besinninge en demokrasie gegrond in direkte of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse, teen die uitvloeisels van Apartheid. Terselfdertyd was 'n kommissie vir Kleurling onderwys in die Kaap saamgestel, alhoewel die Wet op Onderwys vir Kleurlinge eers in 1963 aanvaar was. Hiervolgens sou beheer uitgeoefen word oor die onderwys van kinders wat as Kleurlinge geklassifiseer was, en sou hul onderwys oorgedra word vanaf provinsies na 'n afdeling van onderwys binne die Departement van Kleurlingsake wat geskep was. Kort hierna was die laaste fondament vir gesegregeerde onderwys en skoling gelê met die aanname van die Wet op Onderwys vir Indiërs van 1965 wat beheer uitgeoefen het oor persone wat geklassifiseer was as Indiërs en hul onderwys wat oorgedra was vanaf provinsies na die Departement van Indiërsake. (Kallaway, 1984:88) Hierdie bogenoemde Apartheidswetgewing sou in die jare wat volg vernet in die onderwys sterk ondersteun ten einde 'n algemeen aanvaarde en

deelnemende stelsel in die onderwys totstand te bring.

Die eerste daadwerklike verset teen die ongelykhede en onderdrukking van die Wet op Bantoe Onderwys (1953), het gekom van Swart onderwysers wat direk geraak was deur onderdrukking van die nuwe onderwyswetgewing. Bantoe Onderwys het by implikasie beteken dat Swart onderwysers elke dag dubbelskofte moes werk, hul klasse se groottes sou toeneem, hul salarisse sou nie verbeter nie, en hulle sou regeringswerkers word in vergelyke met die voorregte wat Blanke onderwysers geniet het. In reaksie op Bantoe Onderwys was die teenstand van onderwysers hoofsaaklik gedurende die 1950's, afkomstig uit twee oorde naamlik van die "Cape and Transvaal African Teacher's Associations" (C.A.T.A. en T.A.T.A.) wat 'n beroep op ouers gedoen het om Bantoe Onderwys met alle mag teen te staan vir 'n gelyke bestel in onderwys. (Christie, 1990:226) Die regering het in reaksie op hierdie verset, militante onderwysers summier ontslaan. Gedurende 1954 het die A.N.C. die Resist Apartheid Campaign van stapel gestuur vir 'n deelnemende bestel vir almal, wat onder andere Bantoe Onderwys teengestaan het ten gunste van (t.g.v.) 'n algemeen aanvaarde onderwysstelsel met regverdigte behandeling. Maar hulle moes hierdie veldtog laat vaar a.g.v. 'n gebrek aan finansies. Kort voor die Kongres van die Mense (Congress of the People) en die aanname van die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) (Junie 1955) te Kliptown, Johannesburg, wat die noodsaaklikheid van veranderinge in regeringsbeleid beklemtoon het, was 'n onsuksesvolle skoleboikot deur die C.Y.L. uitgeroep. As gevolg van onsekerheid en onderlinge verskille het hierdie skoleboikot van die C.Y.L. misluk. Die mislukking wat hoofsaaklik toegeskryf kon word aan logistieke probleme. (Christie, 1990:227) Onder meer het die regering in reaksie die Vryheidsmanifes wat gegrond was in gelykheid en demokrasie, as hoogverraad beskou en het die polisie toegeslaan op die huise van prominente Nie-Blanke opposisieleiers. Gedurende 1956 was 156 persone uit Blank en Nie-Blank geledere op aanklag van hoogverraad in hegtenis geneem o.a. Albert Luthuli, Nelson Mandela, Joe Slovo en andere. (Gister en Vandag, 1996:19-20) Na 'n uitgerekte verhoor wat in die 1960's gevolg het, en Nie-Blanke versetbewegings geknou het, was van die aangeklaagdes onskuldig bevind en het 'n groot aantal van die leierkorps uitgewyk na die buiteland.

Na 'n breuk in die geledere van die A.N.C. (1958) as een van die versetbewegings wat hom beywer het vir veranderinge in S.A. vir 'n demokratiese bestel, was die Pan Africanist

Congress (P.A.C.) gestig. Die P.A.C. het hom ten doel gestel om Blanke oorheersing in S.A. te beëindig deur 'n stryd van bloedvergieting van stapel te stuur, omdat hulle geglo het dat die vryheid van Nie-Blankes sleg deur so 'n stryd verkry kon word en dat die A.N.C. te gematig was. (Gister en Vandag, 1996:20-21) Kort hierna het die P.A.C. in 1963, met 'n veldtog teen die paswette begin in reaksie teen Apartheid, waar Swart mans versoek was om hul passe tuis te los en hulself vir arrestasie by plaaslike polisieostasies aan te meld. Gehoorsaam aan die opdrag van die P.A.C., het baie Swartes in verskeie dele van die land op 21 Maart 1961 hul passe verbrand en toegesak op polisiekantore met die versoek om gearresteer te word. In baie gevalle het hierdie protesveldtog vreedsaam verloop, maar in Sharpeville (naby Vereniging) en Langa in Kaapstad het die protesveldtog egter uitgeloop op bloedvergieting. By Sharpeville het die polisie gewapen met masjiengewere losgebrand op 10 000 betogers, en 69 persone gedood en 178 gewond. (Readers Digest, 1988:402-407) In Langa was die dodetal minder en was twee mense doodgeskiet. Hierdie gebeure was gevolg deur stakings, protesoptogte, arrestasies en die afkondiging van 'n noodtoestand in 122 van die land se 226 distrikte (a.g.v. die reaksie teen die wat gesneuwel het in die stryd vir veranderinge en demokrasie). Kort hierna sou die A.N.C. en P.A.C. verban word (Nkomo, 1990:57) en oorgaan tot 'n gewapende stryd wat ondergronds bedryf sou word, ten einde die ongelykhede en onderdrukking van Apartheid aan te spreek vir 'n meer demokratiese regeringstelsel.

Wat veral die onderwys betref, was die 1960's gekenmerk deur opstande op universiteitskampusse en skoolonrus teen die Wet op Universiteite (1959) en teen S.A. se republiekwording (op 31 Mei 1960). Hierdie onrus toestande wat na die aanname van die laasgenoemde wet gevolg het, kan as 'n direkte oorsaak beskou vir verdere opstande wat sou volg teen Apartheidswetgewing in die onderwys, met die doel om algemeen aanvaarde regte, regverdigte behandeling met die relevante besinninge en direkte of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse te bevorder. Alhoewel hierdie periode stil verloop het in terme van algemene verset teen Apartheid, is klem gelê op die behoeftes van die ekonomie. Teen die einde van die 1960's was die nagevolge van die gesegregeerde onderwysstelsel in alle sferes van die samelewing merkbaar, wat veral die ekonomie van die land nadelig beïnvloed het. Dit kon toegeskryf word aan die feit dat onderwys nie in die aanvraag na geskoolde arbeid kon voorsien nie, omdat daar nog nie vrye onderwys voorsien aan en uitgebrei was na veral

Swartes nie.(Nkomo, 1990:57) Die onvermoë van die regering om in hierdie behoeftes te voorsien, sou uiteindelik 'n breuk in die geledere van die Nasionale Party gedurende die vroeë 1970's te weeg bring, tussen die verligtes (dié ten gunste van hervorming) en die verkrampes (diegene teen hervormings).(Callinicos, 1977:159) Terselfdertyd was veral Swartes vir bykans 'n dekade sonder politieke organisasies en leiers gelaat, totdat Steve Biko in die begin van die 1970's op die voorgrond getree het met sy Swart Bewussynsbeweging (S.B.B.) in die stryd teen Apartheid en Bantoe onderwys vir daadwerklike veranderinge, wat algemeen aanvaarde regte, regverdige behandeling met die relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse kon bevorder. Aanvanklik het Swart studente in hul stryd teen Apartheidswetgewing, saamgewerk met die National Union of South African Students (N.U.S.A.S.) wat 'n nie-rassige studente organisasie was. En sou Swart studente op 'n latere stadium onder leiding van (o.l.v.) van mense soos Steve Biko, van N.U.S.A.S. wegbreek om die South African Student's Organisation (S.A.S.O.) te stig, omdat N.U.S.A.S nie radikaal genoeg was in hul stryd vir 'n meer algemeen aanvaarde, regverdige en deelnemende bestel in S.A., teen Apartheid nie.

5.3 Versetbewegings gedurende die 1970's tot in 1993:

Die Swart Bewussynsbeweging (S.B.B.) was 'n belangrike versetbeweging wat sy oorsprong by universiteite gehad het, en later ontwikkel het in 'n algemene politieke beweging vir verandering binne die Suid-Afrikaanse konteks teen Apartheidswetgewing ten einde algemeen aanvaarde kriteria, regverdige behandeling en gepaardgaande besinninge en deelname (direk of indirek) in besluitnemingsprosesse te bewerkstellig. Onder andere was daar in 1972 drie S.B.B. organisasies gestig nl. die South African Students Movement (S.A.M.S.), Black People's Convention (B.P.C.) en die Black Community Project (B.C.P.).(Christie, 1990:234) Die S.B.B. het hom dit ten doel gestel om die Swart jeug te vervreem en veranderinge teweeg te bring teen Apartheid, ten opsigte van die bestaande politiese, ekonomiese en sosiale strukture, gedragpatrone van toegewendheid, passiwiteit, die aanvaarding van sielkundige en rasse ondergeskiktheid, wat gepropageer was deur verskeie agentskappe van sosiale beheer veral Bantoe onderwys.(Nkomo, 1990:58) Dit sou eers veel later wees dat die regering die mag van die S.B.B. vir verandering sou besef, veral met hierdie organisasies se deelname aan

stakings in Durban (1973), en reëlings om Frelimo se bewindsoorname in Mosambiek (1974) te vier. In die daaropvolgende jare was van die S.B.B. se leiers inhegtenis geneem en het van hulle die land verlaat. Ironies genoeg, het die verhoor van die leiers van die S.B.B. kort hierna saamgeval met die uitbreek van die Soweto onluste Junie 1976, en was dit duidelik dat die S.B.B. die klimaat vir hierdie opstande en die stryd vir 'n regverdig bestel vir almal gebaseer op algemene aanvaarde kriteria of regte, relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse, voorberei het.

Die gebeure wat die studente opstand in die Swart woonbuurt van Soweto voorafgegaan het op 16 Junie 1976, het aan Suid-Afrika 'n spesiale plek in die geskiedenis van onderwys gegee. Studente opstande het sedert die 1960's 'n nuwe betekenis gekry toe die mag van die staat uitgedaag sou word deur studente om hul ontevredenheid met Apartheid te kenne te gee tot voordeel van Nie-Blankes en demokrasie. Die Soweto onluste het die toon aangegee vir 'n verskynsel wat in die algemeen oral sou voorkom, in die vorm van skoolboikotte, wegbly aksies en optogte wat die regering van die dag sou dwing om hul beleid te verander ten einde alle bevolkingsgroepe te akkommodeer.

Die 1976 Soweto onluste kan hoofsaaklik toegeskryf word aan drie hoof oorsake wat onderskei kan word. Tydens die eerste helfte van 1976 het dit duidelik geword dat daar groot ontevredenheid onder leerlinge, onderwysers en ouers bestaan het oor die bepaling dat leerlinge onderrig in die helfte van hul vakke deur die medium van Afrikaans moes ontvang. Voorts was daar verskeie besware geopper teen die gebruik van Afrikaans; onder andere, dat baie min onderwysers gekwalifiseer was om in Afrikaans te onderrig en Engels in die algemeen gesien was as 'n voorvereiste vir klerklike poste Afrikaans, om ideologiese redes, onaanvaarbaar was. (Hirson 1979:175) Onverskilligheid aan die kant van die regering en die Departement van Bantoe-onderwys om hierdie kwessie aan te spreek, sou indirek bydra tot die uitbarsting in 1976. Ongeag hierdie ontevredenheid was daar ook 'n dieperliggende oorsaak naamlik dat Swartes ontevrede was oor hul politieke magteloosheid, ekonomiese agterlikheid en sosiale onsekerheid en sou alles in die stryd werp om hul omstandighede te verbeter. (Gister en Vandag, 1996:32) Hierdie kwessie oor taal wat as uitvloeisel van Apartheidswetgewing beskou is, sou verdere verset vir verandering in lyn met algemeen

aanvaarde regte, regverdigte behandeling, relevante besinninge en direkte of indriekte deelname in besluitnemings prosesse motiveer. Gedurende dieselfde tydperk het Suid-Afrika se ekonomie ook 'n negatiewe groeikoers getoon wat die gevolg was van 'n daling in die goudprys. Die klimaat van onsekerheid wat hierdeur geskep was, is nog verder vererger deur ander eksterne faktore soos byvoorbeeld die styging van die olieprys in 1973. Hierdie oliekrisis het die belangrikheid van Afrikalande as handelsvennote vir olie van Westerse nywerheidstate verhoog, en Suid-Afrika se belangrikheid in handel verlaag. Asof dit nie genoeg was nie, het die onafhanklikheidswording van Mosambiek en Angola in 1975 die revolusionêre klimaat in Suid-Afrika vir verandering teen Apartheid aangeblaas, in die sin dat hierdie lande se versetbewegings teen oorheersing van Nie-Blankes in S.A. sou inspireer vir 'n bestel gebou op algemeen aanvaarde kriteria, regverdigte behandeling, relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse ter plaatse.

Hierdie ekonomiese agteruitgang wat Suid-Afrika in die middel-sewentigerjare beleef het, het die Nie-Blanke (Kleurlinge en Swartes) stedelike bevolking veral swaar getref, en sou hul ontevredenheid met ongelykhede en onderdrukking a.g.v. apartheid vergroot. Gedurende die voorafgaande jare van ekonomiese groei het verstedeliking van Nie-Blankes (veral onder Swartes) drasties toegeneem, en het die resessie wat hierna gevolg het, het die lewenskoste van die verstedelike Nie-Blanke verhoog, werkloosheid laat toeneem en behuising tekorte laat ontstaan, iets wat tot 'n minder mate Blankes geraak het. (Callinicos, 1977:158-162) Hierdie toedrag van sake sou beklemtoon word in die stryd en verset vir veranderinge van Nie-Blankes teen Apartheid vir algemeen aanvaarde regte en verteenwoordiging in die regering van die land. Uiteindelik sou hierdie faktore 'n bydrae lewer tot 'n verhoogde misdaadsyfer wat die spanning in Soweto (1976) verder verhoog het. Verder het die geweldige toename in die Swart stedelike bevolking die onderwysstelsel beïnvloed. So byvoorbeeld het die swart skoolgaande bevolking gedurende die tydperk 1970 tot 1975 landswyd met 160% vermeerder met die grootste konsentrasie in die stedelike skole. In sommige skole was die ratio 1:70 per klaskamer. (Unterhalter, 1991:36-43) A.g.v. hierdie oorvol skole en die toenemende swak vooruitsigte op werksgeleenthede, het Swart leerlinge se woede toegeneem teenoor die Blankes wat as onderdrukkers gesien was, en hul ouers wat niks gedoen het om hul situasie te verbeter nie. In die lig van die ongunstige omstandighede waaraan Swart leerlinge blootgestel was, het dit hul verset teen Apartheidswetgewing versterk, ten einde konkrete

veranderinge teweeg te bring, wat algemeen aanvaarde kriteria, regverdige behandeling, relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse as gevolg kon hê.

Wat aanvanklik op 16 Junie 1976 in Soweto begin het as 'n studente protes teen Afrikaans, sou as katalisator dien vir soortgelyke opstande in Nie-Blanke woonbuurtes, universiteite, tuislande en selfs onder werkers in hul versetbewegings teen Apartheid om hul omstandighede te verbeter t.g.v. regverdige behandeling. Op hierdie stadium was die eise wat gestel was nie slegs opvoedkundig van aard nie, maar het dit ander politieke eise en aspirasies van onbevoorregte bevolkingsgroepe weerspieël. Pogings deur die staat om hierdie opstande te onderdruk by wyse van skorsings, die sluiting van skole, die arrestasie van studente en onderwysers en die verbanning van 18 Swart bewussynsorganisasies, kon nie die gees van ontevredenheid met apartheid breek nie. Dit sou eers agtien maande later teen die einde van 1978 wees, dat die Soweto opstand begin kwynt het. (Christie, 1990:239) Alhoewel die kostes en opofferings aan hierdie opstand teen Apartheidswetgewing enorm was, was daar konkrete prestasies en veranderinge geskoei op algemeen aanvaarde regte en deelname in besluitnemingsprosesse, wat die kostes daaraan verbonde die moeite werd gemaak het.

Veranderinge en verbetering wat direk na die opstande gevolg het op die gebied van veral Swart onderwys, was die onmiddellike herroeping van die regulasie wat Afrikaans as medium van onderrig verpligtend gemaak het, en die skraping van die benaming van die Departement van Bantoe Onderwys t.g.v. die benaming Departement van Onderwys en Opleiding. Op 'n meer positiewe noot om samewerking te verkry, en met die hoofdoel om opgehoopte probleme op te los, was die salarisse van gekwalifiseerde Swart onderwysers verhoog asook die besteding aan Swart onderwys verhoog, en was daar nou ook meer aandag gegee aan die instelling van tegniese of nywerheidsopleiding aan Swart skole. (Kallaway, 1984:351) In die lig van hierdie veranderinge wat gevolg het, is dit duidelik dat daar nou pogings aangewend was om 'n meer regverdige en deelnemende stelsel te bewerkstellig. Dit sou egter eers teen die einde van 1978 wees dat die staat sou begin met 'n beleid van versoening en die Minister van Onderwys en Opleiding sy voornemens sou aankondig vir nuwe en belangrike wetgewing. Vervolgens was die Wet op Opvoeding en Opleiding in 1979 met geringe veranderinge op die betrokke wet later in dieselfde jaar afgekondig wat die Wet op Bantoe Opvoeding van 1953 vervang het, asook die Wet op Spesiale Opvoeding vir Bantoes van 1964. Die Wet op

Onderwys en Opleiding (1979) het die demokratiseringsproses van onderwys vir Swartes begin soos dit gesien kan word, aan demokratiese aspekte wat binne die inhoud van die wet gedek was en stappe om die algemeen aanvaarde en regverdigte onderwys vir alle bevolkingsgroepe te bevorder, verskillend van dit wat deur oorspronklik deur Apartheidswetgewing gepropageer was. Ter verduideliking van laasgenoemde het die inhoud van die wet self aandag geskenk aan die volgende aspekte: konsultasie deur die Minister van Onderwys en Opleiding met die Adviesraad vir Opvoeding; Christelike karakter van opvoeding; Inagneming van die beginsel van moedertaal onderrig; Instelling van verpligte skoolbywoning; Erkenning van ouer en gemeenskap betrokkenheid; Skool gesondheidsdienste; Voorsiening te maak vir die Minister om skole te stig of te sluit, die mag om onderwysers aan te stel, te promoveer en af te dank, en boetes vir wangedrag uit te lê; Voorsiening te maak vir 'n Onderwysersraad vir Swartes en alle onderwysers moes hier registreer. (Wet op Onderwys en Opleiding, 1979) Hierdie veranderde wetgewing ten gunste van die demokratisering van onderwys, het heelwat verskil van die oorspronklike vorm van die Wet op Bantoe Onderwys (1953), waarin baie van die nuwe bepalings glad nie voorgekom of bestaan het nie. Soos byvoorbeeld die erkenning van ouer en gemeenskap betrokkenheid en verpligte skoolbywoning vir Swart leerlinge. Die reaksie op hierdie veranderde wetgewing wat sekere demokratiese beginsels ingesluit het, was gemeng, omdat sommige dit aanvaar het terwyl ander dit verwerp het. Hierdie reaksies was gegrond op die feit dat die Wet op Onderwys en Opleiding (1979) nie ver genoeg gegaan het om die aspirasies van veral die Swartes t.o.v. gelykheid, aan te spreek nie. (Kallaway, 1984:352) Nogtans was hierdie hervormings die uitvloeisel van verset teen Apartheidswetgewing wat gemotiveer was deur algemeen aanvaarde regte, regverdigte behandeling, die relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse.

Ander belangrike positiewe uitvloeisels van die 1976 onluste, op ander sferes van die samelewing, sou wees dat die regering se reaksie op hierdie opstand gelei het tot meer deelnemende beleidsrigtings om stelselmatig algemeen aanvaarde en regverdigte geleenthede vir alle bevolkingsgroepe van die land te skep. Hierdie stap van demokratiese veranderinge sou begin word in die ander sferes van die samelewing d.m.v. aanvaarding van die Wet op Gemeenskapsrade. Binne die konteks van die wet het dit die volgende demokratiese prosesse geïnspireer: voorsiening was gemaak vir meer verantwoordelikhede en magte aan Nie-Blanke

(veral Swart) woonbuurtrade; die totstandkoming van die Stedelike stigting deur privaat ondernemings om veranderde verhoudings te stimuleer; die skepping van nuwe behuisingskemas; om die swart jeug te aktiveer; die stimulering van weerstandpolitiek met die stigting van groepe soos byvoorbeeld die Teachers Action Committee, Azanian People's Organisation ens.; versterking van verbanne organisasies soos die P.A.C. en A.N.C. en studente wat aangesluit het by hierdie organisasies buite die land se grense. (Gister en Vandag, 1996:33) Ongeag hierdie bogenoemde veranderinge wat gestimuleer is, het dit aanleiding gegee tot die volgende positiewe stappe nl. die aanstelling van die De Lange Kommissie (1979) om alle aspekte van onderwys en opvoeding te ondersoek en aanbevelings aan die staat te maak; die Cillie Kommissie wat die oorsake van die 1976 Onluste ondersoek het; die Wiehahn Kommissie se ondersoek na industriële verhoudings; die Rieker Kommissie se ondersoek na voldoende benutting van mannekrag. (Kallaway, 1984:355)

Wat die 1980's betref, was dit gekenmerk deur die begin van skoleboikotte in reaksie teen die stadige pas waarop onderwyservormings plaasgevind het, veral na die 1976 onluste. Hierdie skoleboikotte het by Kleurlingskole in Kaapstad begin waar leerlinge aangedring het op 'n nie-rassige, vry en verpligte onderwysstelsel. (Christie, 1990:244) Uit die laasgenoemde blyk dit duidelik dat hierdie versetbeweging gemotiveer was deur algemeen aanvaarde regte, regverdigde behandeling en deelname in besluitnemingsprosesse teen Apartheidswetgewing en sy diskriminerende en etniese onderwysstelsel. Soos in die geval van die 1976 opstande het dit nie lank geduur voor dit regoor die land versprei het nie. Kort na die uitbreek van hierdie boikotte het duisende Swart en Indiër skole hierby aangesluit in verset teen die onderwysstelsel vir die verskillende bevolkingsgroepe met sy ongelyke uitvloeisels. In sekere streke van die land was skole gesluit. Ongeag dit het honderde onderwysers in die publiek hierdie boikotte ondersteun en hul steun gegee aan die studente in hul stryd teen Apartheid vir verandering t.g.v. algemeen aanvaarde regte en direkte of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse, en was die breë gemeenskap ook betrek. Weereens het die staat op die protesaksies teen die ongelykhede en onderdrukking, gereageer met waarskuwings en polisie optrede om hierdie verset aksies t.g.v. die demokratisering van die land, te kniehalter. In respons op hierdie verset het die staat politieke vergaderings verban, studente leiers geïntimideer en studente gedreig met skorsings en baie mense beseer met polisie optredes. Hierdie skoleboikotte was hoofsaaklik gemotiveer deur swak toegeruste skole en verweerde

skoolgeboue. Baie skole het ook 'n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers ervaar en was veral politieke bewuste onderwysers ontslaan of geïgnoreer by aanstellings. Behalwe hierdie genoemde faktore het studente geprotesteer teen lyfstraf, die teenwoordigheid van die veiligheidspolisie by skole, en het aangedring op onafhanklike Studenterade. Verdere versetbewegings teen Apartheid sou teen hierdie agtergrond plaasvind ten einde as hoofdoel 'n algemeen aanvaarde regte, regverdigte behandeling met die relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse te bereik.

Soos in die geval van die 1976 onluste, het hierdie skole boikotte van die 1980's plaasgevind teen die agtergrond van ekonomiese probleme. (Nkomo, 1991:59) Die inflasiekoers was hoog en werkloosheid het geleidelik toegeneem. Werkloosheid onder die Nie-Blankes (veral Swartes) het gestyg vanaf 11,8% in 1970 tot 21,1% in 1981 en het almal die ekonomiese druk ervaar. (Christie, 1990:245) Op hierdie tydstip het skole die vergaderplekke van studente geword en is alternatiewe onderwysprogramme aangebied ten einde die ideaal van algemeen aanvaarde regte en deelname in besluitnemingsprosesse te bereik. Die stigting van die Congress of South African Students (C.O.S.A.S.) in 1979 het hierdie proses van 'n gesistematiseerde mobilisasie en die organisasie van skole aangehelp wat merkbaar was met die 1980 boikotte. (Nkomo, 1990:62) Ongeag beloftes wat deur die staat gemaak is en die aanbevelings van die De Lange Kommissie wat op grond van sekere aspekte verwerp was, is onderwys hoog op die politieke agenda geplaas. In reaksie het kabinets Ministers begin onderhandel met gematigde (veral Swart) leiers en dit was nie lank hierna nie of 'n amptelike aankondiging word gemaak vir verpligte skoolbywoning van Swartes. (Kallaway, 1984:357)

Teen 1983 het die regering onder leiding van P.W. Botha 'n nuwe grondwet aanvaar wat voorsiening gemaak het vir die insluiting van Kleurlinge en Indiërs met beperkte seggenskap in die sentrale regering van die land. In terme van hierdie grondwet het dit voorsiening gemaak vir een parlement met drie wetgewende kamers: een vir Blankes (Volksraad), Kleurlinge (Raad van Verteenwoordigers) en Indiërs (Raad van Afgevaardigdes) verkies volgens hul eie etniese kieserslyste. (Gister en Vandag, 1996:38) Ongelukkig het hierdie grondwet nie die politieke aspirasies van die Swartes deur konstitusionele veranderinge aangespreek nie en was dit deur die meerderheid van die Nie-Blanke bevolking verwerp. As 'n rede van verset teen Apartheid en geïnspireer deur die doel van 'n gelyke en deelnemende

(demokratiese) regeringstelsel vir alle bevolkingsgroepe van die land, was die verkiesings wat sou volg vir 'n drie kamer parlementêre stelsel ontwig. Gedurende 1984 is die United Democratic Front (U.D.F.) en National Forum (N.F.) as versetbewegings gestig om die Nie-Blanke massas te organiseer. Die stigting van hierdie laasgenoemde organisasies het hul beywer om Apartheid ten alle koste te opponeer en om algemeen aanvaarde kriteria, regverdige behandeling met gepaardgaande relevante besinninge, asook om direkte of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse in S.A. te bewerkstellig. Op dieselfde tydstip is gesprekke vir eenheid begin om alle werkers te verenig met die stigting van die Congress of South African Trade Unions (C.O.S.A.T.U.) (Nkomo, 1990:63) wat hulle dit ten doel gestel het om alle organisasies saam te verenig teen die nuwe grondwet van 1983. As gevolg van die verset waarmee die regering te kampe gehad het a.g.v. hul voorgestelde grondwet het hul in 1985 verdere hervormings belowe vir die demokratisering van die land. Dit het onder andere volgende ingesluit wat veral die Swartes as ras geraak het nl. die erkenning van Swartes as permanente inwoners van Suid-Afrika buite hul tuislande, en die verklaring dat hierdie Swartes beheer oor hul eie sake op plaaslike, provinsiale en sentrale regeringsvlakke moes kry. In dieselfde jaar het die regering 'n proses van veelrassige Streeksdiensterade van stapel gestuur.

Teen die middel van 1985 het skole boikotte egter weer uitgebreek wat veroorsaak is deur die eis dat demokraties verkose Studenterrade erken moes word, in konflik met Apartheidswetgewing wat hierdie rade verbied het. Op hierdie stadium het 'n tydbom vir die verbetering van die onderwys in S.A. ontplof. Die uitvloeisel van die 1985 skole boikotte was, dat dit aanleiding gegee het tot 'n massa magsvertoning deur die staat in hul doel om die opstande te onderdruk. Met hierdie magsvertoning het die staat gebruik gemaak van die dienste van die Suid Afrikaanse Weermag en was noodtoestande in verskeie gebiede van die land afgekondig. Veral in daardie gebiede waar studente nie meer skole bygewoon het nie as versetmaatreël vir verandering teen Apartheid, en hulle by die gemeenskap aangesluit het in die gesamentlike stryd vir algemeen aanvaarde regte en die deelname in besluitnemingsprosesse rakende die land se beleid. Onderrig in skole het op hierdie stadium plaasgevind onder toesig van die geweer, C.O.S.A.S. en U.D.F. is verban, kinders is aangehou, aangerand, geskiet, gedood en woonbuurte is deur die weermag beset. Normale onderwys is beëindig en nuwe onderwys d.m.v. geweld het begin. (Nkomo, 1990:65) Die

geweld wat op die kinders gebruik was in reaksie op hul vernet en die staat se onvoldoende respons op die eise van studente, het aanleiding gegee tot die stigting van nuwe en populêre organisasies soos byvoorbeeld die Western Cape Teachers Union (W.E.C.T.U.), National Education Crisis Committee (N.E.C.C.), Soweto Parents Crisis Committee (S.P.C.C.) ens. wat Studente Ouer Verenigings sou gebruik om skole te demokratiseer en hul basis te verbreed, en later die gevolge van die verbanning van hul aktiwiteite moes dra.

Die skool boikotte van die 1980's het die groei van studente organisasies anders as N.U.S.A.S. en S.A.S.O. gereflekteer en het die weg gebaan vir Gemeenskapsopvoeding (People's Education). (Nkomo, 1990:65) Wat die groei van ander studente organisasies betref, het die Azanian Students Organization (A.Z.A.S.O.) in 1979 tot stand gekom as nasionale organisasie vir universiteitstudente na 'n breuk met A.Z.A.P.O. In dieselfde jaar (1979) is C.O.S.A.S. (Congress of South African Students) gestig om aan die behoeftes en aspirasies van studente na die 1976 opstande te voldoen wat o.a. die doelwit ingesluit het, om te strewen na 'n onderwysstelsel vir almal en wat dinamies, vry, en verpligtend is tot voordeel van die hele S.A. gemeenskap. In 1983 was die Azanian Student's Movement (A.Z.A.S.M.) gestig as vleuel vir die jeug van die Azanian People's Organization (A.Z.A.P.O.). Gedurende dieselfde jaar het die Students of Young Azania (S.O.Y.A.) op die universiteit kampus Kaapstad tot stand gekom, na hul weggebreek het van A.Z.A.S.O. en slegs gekonsentreer het op die Wes-Kaap om studente te verenig in hul strewe teen rassitiese-kapitalisme en nie slegs apartheid nie. (Christie, 1990:255) Ter aansluiting hierby is dit duidelik dat 'n sekere konsep van gelykheid en demokrasie die stigting van hierdie studenteorganisasies teen Apartheid geïnspireer het. Die onrus van die 1980's kon verder toegeskryf word aan die ekonomiese resessie van die middel-tagtigerjare, die ongewildheid van Swartrede en vernet van die U.D.F. en N.F.

Die periode van die 1990's sou gekenmerk word deur druk wat toegepas is op S.A. se rassebeleid vanuit die buiteland d.m.v. sanksies, die stakings deur werkersunies soos C.O.S.A.T.U., en 'n toename in "terroriste" aanvalle deur verbanne organisasies soos die A.N.C. en P.A.C. ten einde die binnelandse vernet teen Apartheid te steun vir konkrete veranderinge vir gelykheid gegrond in algemeen aanvaarde kriteria, regverdigte behandeling en demokrasie m.a.w. direkte of indirekte deelname in besluitnemingsprosesse, te vestig. Die

toenemende geweld in die land self veral in Natal, tussen die ondersteuners van Inkatha en A.N.C., het die regering onder leiding van o.l.v. F.W. De Klerk in 1989 gedwing om onderhandelings te begin vir 'n nuwe grondwetlike bestel in S.A. (Gister en Vandag, 1996:42-43) Hierdie onderhandelinge kan beskou word as 'n direkte uitvloeisel van die verset teen Apartheid wat noodgedwonge moes plaasvind a.g.v. die stryd van mense vir algemeen aanvaarde regte en deelname in besluitnemingsprosesse in S.A.. Op 2 Februarie 1990 het F.W. De Klerk met die opening van die S.A. parlement aangekondig dat die verbod op die A.N.C., P.A.C. en S.A.K.P. opgehef word, en dat Nelson Mandela as politieke gevangene vrygelaat sou word. (Worden, 1994:137) Die doel met hierdie verwickelinge was om die onderhandelingsproses van stapel te stuur. Gedurende 1993 is daar begin met die onderhandelings van 'n nuwe tussentydse grondwet. Daar kan egter verskeie redes aangevoer word waarom die regering geforseer was om met onderhandelings te begin. Eerstens was dit duidelik dat sedert die inwerkingstelling van die 1983 grondwet, die regering nie kon regeer sonder 'n noodtoestand nie. Tweedens dat dit in die beste belang van die regering sou wees om te onderhandel terwyl die mag nog in hul hande was. Derdens het toenemende internasionale sport-, wapen-, en kulturele boikotte en handels- en finansiële sanksies, dit vir die regering moeilik gemaak om te oorleef. Vierdens het die val van Kommunisme die regering se taak om te onderhandel vergemaklik. Laastens het die Nasionale Party volgens die, 1989 verkiesingsuitslae steun onder die Blanke kiesers verloor wat daadwerklike veranderinge genoodsaak het. (Gister en Vandag, 1996:43)

Ten slotte kan gesê word dat al hierdie versetbewegings en gebeurtenisse teen die ongelykhede en onderdrukking van Apartheid, bygedra het tot die demokratisering van S.A., om 'n beleid gegrond op algemeen aanvaarde regte, regverdigte behandeling, relevante besinninge en die deelname in besluitnemingsprosesse van alle bevolkingsgroepe in die regering, te ontwikkel. Teen hierdie agtergrond kan ons alleen sin maak van die nuwe wetgewing. In die volgende hoofstuk (6) sal ek gaan kyk na die nuwe Grondwet as 'n gevolg van die aandrang vir veranderinge t.g.v. 'n demokratiese regeringstelsel vir S.A.

HOOFSTUK 6

6. Die Grondwet (1996):

As gevolg van verskeie hoofmomente veral na 1976 onder andere (o.a.) die instelling van die driekamer parlementêre stelsel; die afskaffing van sekere apartheidsmaatreëls en wette; die opstande van Nie-Blankes (Kleurlinge en Swartes) gedurende 1984 tot 1986, gevolg deur 'n gewapende stryd tussen Inkatha en die United Democratic Front (U.D.F.) as frontorganisasie vir die A.N.C.; toenemende buitelandse isolasie en die toepassing van sanksies; die ontbanning van swart politieke organisasies en die vrylating van politieke gevangenis, was die regering van die dag geforseer om die politieke mag na ander bevolkingsgroepe uit te brei, vir 'n meer demokratiese bestel.

Ten einde 'n demokratiese era vir S.A. in te lei en om ongelykhede wat onderlangs tussen die verskillende bevolkingsgroepe bestaan het, uit te wis, moes 'n grondwet geskep word wat wettig, geloofswaardigheid, en aanvaarbaar was vir alle inwoners van die land. Dit was noodsaaklik dat sekere hervormings m.b.t. die grondwet gemaak moes word, omrede die 1983 grondwet gebaseer was op etniese beginsels, waar slegs sekere bevolkingsgroepe (Blankes, Kleurlinge, en Indiërs) in die regering verteenwoordig was. Ten einde die proses vir die demokratisering van S.A. te begin, deur die insluiting van alle bevolkingsgroepe deur wetgewing, was daar in 1992 te Kemptonpark begin met onderhandelings. Hierdie Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (K.O.D.E.S.A.) soos dit bekend gestaan het, se oogmerk was om deur die proses van onderhandeling met alle partye, 'n interim grondwet op te stel wat alle bevolkingsgroepe en inwoners van S.A. betrek, gebaseer op die demokratiese beginsels van nie-rassigheid, gelykheid en vryheid. Hier was ook dan ooreengekom dat die land tydens die oorgangperiode volgens dié grondwet regeer sou word, totdat na verdere onderhandelings met die onderskeie verskeie partye, die grondwet aangepas en gefinaliseer is. Gedurende 1993 was die Interim grondwet aanvaar en het die eerste demokratiese verkiesing vir alle bevolkingsgroepe op 27 April 1994 in S.A. plaasgevind. Tydens die verkiesing het alle Suid-Afrikaners wetlik burgers van hul land geword, toe hulle op 27 April 1994 gestem het vir Suid-Afrika se eerste verkose demokratiese parlement en die

opdrag aan die Grondwetlike Vergadering gegee het om 'n nuwe grondwet te skryf. (Jaarlikse Verslag Grondwetlike Komitee, Mei, 1996:5) Hierdie gebeurtenis sou 'n prestasie wees wat al die inwoners in S.A. direk sou raak. Dit sou vir die eerte keer in die geskiedenis van S.A. wees dat 'n Handves vir Menseregte in die grondwet vervat sou word. T.o.v die onderwystelsel en onderwysers sou dit indringende veranderinge vir die toekoms meebring.

Vir die onderwyser word sy wetlike regte veral op burgerlike en politieke vlak grootliks oorkoepel en beskerm deur die Handves vir Menseregte soos vervat in hoofstuk 3 van S.A. se Interim Grondwet (1993) en Hoofstuk 2 van die Finale Grondwet (1996) en verder onderskryf word deur die Witskrif vir Opvoeding (1995). Gevolglik bevind die onderwyser hom in 'n posisie wat voorheen, onder sekere omstandighede nie vir hom beskore was nie a.g.v. diskriminasie op grond van kleur, wat Blanke onderwysers bo die ander bevolkingsgroepe se onderwysers bevoordeel het. Gevolglik wil ek graag die volgende regte in die Grondwet uiteenset en kortliks bespreek.

Ingevolge die Grondwet geniet die landsburger (wat ook die onderwyser insluit) uit alle bevolkingsgroepe onder andere kortliks die reg tot :-

1) Gelykheid

Elke persoon het die reg tot gelykheid voor die gereg en gelyke beskerming van die gereg.

Volgens die Grondwet sluit dit die volle en gelyke genot van alle regte en vryhede vir almal in. Onder andere bepaal die grondwet verder, dat die staat ten einde gelykheid te bereik, indien dit nodig geag word, wetlike en ander stappe wat ontwerp is mag doen om persone, of kategorieë van persone wat benadeel was deur onregverdige diskriminasie, te beskerm of te bevorder.

Hierdie bepaling van die Grondwet is veral van belang vir S.A. met sy lang geskiedenis van diskriminasie (Basson, 1995:22) wat van toeepassing was op die Nie-Blanke bevolkingsgroepe. Wat die onderwystelsel en die onderwyser self betref, was hulle direk

geraak gedurende die apartheidsera. In die tydperk voor die aanvaarding van die Interim en nuwe Grondwet was daar gediskrimineer teen persone in die algemeen, op grond van hul velkleur, hul geslag, huwelikstatus, taal, geslagsoriëntasie, etniese oorsprong, ongeskiktheid (liggaamlike gebreke), geloof, gewete, kultuur of oorsprong, ens. So byvoorbeeld kon 'n Swart onderwyser nie aangestel word in 'n onderwyspos by 'n Blanke skool nie as gevolg van (a.g.v.) Apartheidswetgewing wat dit verbied het. Ingevolge die Interim en nuwe Grondwet word die staat verbied om direk of indirek, onregverdig te diskrimineer teenoor enige persoon op een of meer gronde wat ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese oorsprong, geslagsoriëntasie, pensioen, geloof, gewete, kultuur, taal, en oorsprong ten einde gelykheid te bereik, insluit.

Die implikasie vir die onderwys is dat: Binne hierdie reg word getroude onderwyseresse nou ook beskerm op grond van hul huwelikstatus in gevalle van promosie, voordele soos subsidies ens. wat hulle nie voorheen kon benut nie. Dit beteken dat bv. dat indien 'n onderwyser beweer dat hy of sy 'n slagoffer van diskriminasie is, bv. in die geval van promosie en dat daar gediskrimineer was op grond van ras, hoef hulle dit nie te bewys dat diskriminasie onredelik is nie. Maar, die persoon of organisasie wat beskuldig word van onregverdige diskriminasie op grond van ras kan hof toe geneem word en moet bewys dat diskriminasie regverdig is. Hierdie is 'n reg wat 'n onderwyser voor 1993 ontsê was, omdat die onderwysdepartement in die meeste gevalle die mag gehad het om so 'n besluit oor bv. promosie wat gegrond was op rasse diskriminasie.

2) Menswaardigheid

Elke persoon het inherente waardigheid asook die reg op respek en beskerming van sy of haar waardigheid.

Wat die beskerming van 'n persoon se waardigheid betref, word vereis dat 'n ondergeskikte van die staat (landsburger) nie slegs vry van onderdrukking moet wees nie, maar ook vry van hongersnood, vry van gebrek ly (bv. 'n onnodige tekort aan water) en vry van ander vorme van menselyding wat uitvloeit uit ander menseregte soos bv. die reg om te werk. (Basson, 1995:22) Hierdie reg dek 'n wye verskeidenheid van skendings van waardigheid soos bv.

seksuele teistering waarop voorheen nie baie klem gelê was nie. Vir die onderwyser beteken dit dat 'n leerder se waardigheid as persoon nie aangetas moet word deur hom of haar onnodig te verneder nie. (Die afskaffing van lyfstraf in skole kan teen hierdie agtergrond gesien word.)

3) Lewe

Elke persoon het die reg op lewe.

Die reg op lewe maak dit moontlik om alle ander regte in die Grondwet te geniet. Dit beteken ook dat die doodstraf nie aan 'n persoon opgelê kan word nie, en impliseer egter ook dat 'n verwagte moeder nie die reg op 'n aborsie het nie. In die geval aborsie het dit nou verander. Met die insluiting van hierdie reg in die Nuwe Grondwet (1996) is die doodstraf afgeskaf. In die verlede was daar selfs diskriminasie onder sekere omstandighede wat die doodstraf betref. So was die lewens van baie Blanke kriminele gespaar, waar Nie-Blankes wat dieselfde misdaad gepleeg het blootgestel was aan die doodstraf. In terme van die Grondwet, mag hierdie reg van lewe nie opgehef word gedurende 'n noodtoestand nie. Dit beteken dat in tye van onrus, het die staat geen reg om die lewe van 'n persoon te neem nie, soos dit ervaar was in die tydperk vanaf 1976 tot die 1980's. Gedurende die genoemde tydperk het duisende Nie-Blankes in opstande gemotiveer deur ongelykhede in die samelewing, hul lewens verloor a.g.v. die militante optredes deur agentskappe van die staat. Hierdie militante optredes het gepaard gegaan met die dood van kinders of hul ouers wat die onderwys van diesulkes direk geraak het. Selfs onderwysers het in baie gevalle hulle lewens verloor of was direk geraak omdat hulle gekonfronteer was met probleme in skole wat direk hiermee gepaard gegaan het.

4) Vryheid en sekuriteit

Elke persoon het die reg op sekuriteit van sy of haar persoon, waarby ingesluit word die reg om nie ontsê te word van arbitrêre vryheid of vryheid, sonder 'n geldige rede nie; inbegrepe ook die reg om nie sonder verhoor aangehou te word nie; om vry te wees van alle vorms van

geweld uit beide publieke en private bronne; nie op enige manier gemartel word nie; en nie op 'n onmenslike, wreedaardige of vernederende manier behandel of gestraf, word nie.

Om erkenning te gee aan hierdie reg is lyfstraf as maatreël om dissipline by skole te handhaaf verban. Enige onderwyser wat hom skuldig aan lyfstraf maak, kan 'n vonnis of 'n boete opgelê word. Onder hierdie reg het almal ook die reg tot liggaamlike en psigologiese integriteit wat die reg insluit om besluite te neem oor reproduksie (voortplanting); sekuriteit in en beheer oor hul liggaam; en om nie aan mediese of wetenskaplike eksperimente sonder hul toestemming onderwerp te word nie.

Die reg van vryheid en sekuriteit van 'n persoon maak nie voorsiening vir die aanhouding sonder verhoor of marteling nie. Dit bied beskerming teen geweld tuis. Die spesifieke reg op vryheid en sekuriteit was 'n reg wat veral die Nie-Blanke (Kleurling en Swart) onderwysers en die Nie-Blanke bevolkingsgroep in sy geheel ontsê was, veral gedurende tye van onrus en noodtoestande voor 1990. Onder die omstandighede van 'n noodtoestand was persone van hul reg op vryheid en sekuriteit in sy ergste vorm ontnem. Indiwidue was vir onbeperkte tye sonder verhoor aangehou, en blootgestel aan die ergste vorms van onmenslike en wreedaardige vorms van marteling, en verbanning. Alles ten einde die apartheidsbeleid met sy gepaardgaande onderdrukkingstrukture te laat oorleef. Gedurende die onrus toestande van die 1970's en 1980's het die staat veral van bogenoemde metodes gebruik gemaak om onderwysers te dissiplineer wat hul steun toegesê het aan bewegings in opposisie tot die staat. (Hartshorne, 1992:306) Volgens die nuwe grondwet geld dieselfde beginsel soos in die reg op lewe, wat bepaal dat hierdie reg nie aangetas mag word in die geval van 'n noodtoestand nie, m.a.w. dat 'n persoon nie aangehou kan word sonder enige geldige redes nie, en gedurende aanhoudings nie onderwerp moet word aan geweld nie. Hierdie reg beskerm ook die indiwidu teen geweld tuis, 'n aspek waaraan baie leerlinge blootgestel word. Vir die onderwyser is dit belangrik om ag te slaan op hierdie reg omdat hulle verplig word om gevalle van kindermishandeling tuis, te rapporteer vir verdere ondersoek.

5) Om nie aan Slawerny en dwangarbeid onderwerp te word nie.

Volgens hierdie mensereg word enige vorm van gedwonge arbeid verbied op grond van die

feit dat sulke gevalle wel in die verlede in S.A. plaasgevind het. In terme van hierdie reg word die onderwyser beskerm teen onregverdige arbeidspraktyke waarvolgens hy nie gedwing kan word om 'n taak te verrig wat nie deel van sy werksomskrywing is nie, soos byvoorbeeld om die skoolgeboue skoon te maak nie.

6) Privaatheid

Elke persoon het die reg tot privaatheid, waarby die reg ingesluit word dat hul persoon of woning, en eiendom nie deursoek mag word nie; persoonlike besittings nie beslag opgelê kan word nie of dat daar inbreek gemaak word op hul kommunikasie nie.

Gedurende die jare van apartheid en sy gevolge, asook voor die instelling van die Nuwe Grondwet, was die reg op privaatheid in sy totale wese geïgnoreer en kon die staat sonder enige magtiging en buite hul magte m.a.w. sonder 'n individu se toestemming, optree veral in 'n geval wat 'n individu persoonlik raak, optree. Dit het onder andere gepaard gegaan met die ondersoek of visentering van 'n individu se lyf of persoon sonder enige geldige rede, die deursoek van sy woning of eiendom, deur beslag te lê op persoonlike eiendom of om inbreek te maak op sy kommunikasie, sonder enige nagevolge of ondersoek om dit te regverdig nie. Selfs in die onderwys was onderwysers in baie gevalle gedurende tye van onrus blootgestel aan hierdie omstandighedsvisentering deur die polisie of weermag self as 'n vorm van intimidasie om hulle op hul hoede te hou dat hulle dop gehou word. Of in sommige gevalle het die onderwysdepartement waaraan hulle verbonde was, hul kommunikasie met leerlinge of ouers by wyse van regulasies beperk omdat dit as ongesond uit die oogpunt van die onderwysdepartement beskou is. (Hartshorne, 1992:291) In baie gevalle was die privaatheid van onderwysers veral in Nie-Blanke skole aangetas. Dit is gedoen deur die houdings en aksies van plaaslike inspekteurs van onderwys en sommige prinsipale wat as waghonde van die betrokke onderwysdepartement opgetree het, deur onderwysers se kommunikasie, hul betrekkinge en aksies met leerlinge te monitor en aan te meld ten einde moontlike agitatie en aksies teen die staat te voorkom.

7) Vryheid van Godsdien, geloof en opinie

Elke persoon het die reg op vryheid van gewete, godsdien, denke, oortuiging en opinie. In terme van hierdie reg mag godsdienstige gebruike by staats- of staatsondersteunde inrigtings (wat skole insluit), beoefen word op die voorwaarde dat hierdie gebruike volgens die reëls soos neergelê deur die betrokke publieke owerhede, geskied; en dat hierdie praktyke op billike voorwaardes of beginsels plaasvind; ook dat die bywoning van sulke gebruike vry en vrywillig is. Hierdie afdeling van dié spesifieke reg, het nie wetgewing beperk om huwelike wat gesluit is: volgens enige tradisie of 'n stelsel van godsdienstige, persoonlike of familiewette; of 'n stelsel van persoonlike of familiewette waaraan gehoor gegee moet word volgens enige tradisie soos dit gepropageer word deur 'n spesifieke geloof, te erken nie. So 'n stelsel van huwelike moet net konsekwent met die Handves op Menseregte toegepas word en daar moet nie van die stelsel afgewyk word nie.

Die implikasie vir die onderwys is: Eerstens, beteken hierdie reg bv. dat die gebruike van die Christelike of Joodse geloof by staatskole toelaatbaar is, op dié voorwaarde dat die bywoning daarvan vrywillig moet wees, m.a.w. dat dit nie op leerlinge afdwinging moet word nie, en dat hierdie gebruike op 'n billike manier uitgevoer moet word. Dit impliseer dat dit nie 'n ander geloof kan nakom of kritiseer nie. Gedurende die apartheidsjare het die regering van die dag veral d.m.v. sy onderwysstrukture gepoog om sy Christelike Nasionale Beleid op die Nie-Blanke bevolkingsgroepe af te dwing d.m.v. sy voorgeskrewe kurrikulum, ten einde 'n stereotipe geloof (Christelike) en taal (Afrikaans) af te dwing. Die vryheid van geloof en opinie kan beteken dat 'n onderwyser of die staat nie soos voor die instelling van die Interim en nuwe Grondwet 'n spesifieke geloof of godsdien op 'n leerling kan afdwing nie. Die staat kan byvoorbeeld nie nou meer soos voorheen deur sy beleid die Christelike geloof op leerlinge van 'n ander geloof afdwing deur sy Bybelonderrig sillabus nie. In die geval van 'n onderwyser, het hy of sy die reg dat die geloof wat hulle aanhang, gerespekteer moet word, en kan hulle nie geforseer word om 'n geloof te propageer wat teenstrydig is met hul beginsels nie. So byvoorbeeld kan 'n onderwyser nie geforseer word om Godsdien te onderrig soos in die verlede, indien dit teenstrydig met sy geloof is nie. Indien hierdie reg veronagsaam word, kan dit beskou word as 'n skending van die leerling of onderwyser se reg op vryheid van geloof of godsdien. Tweedens, maak hierdie reg voorsiening vir wetgewing

om 'n persoon wat 'n spesifieke geloof aanhang of beoefen (bv. Islam) te akkommodeer, deur erkenning te gee aan sulke huwelike, onderhewig aan spesifieke prosedures wat gevolg moet word. Hierdie bepaling word veral verwelkom, omdat huwelike (soos bv. in die geval van Islam) wat onder sulke omstandighede plaasgevind het, nie wetlik erken was in S.A. se wetgewing voor 1993 nie, en aanleiding gegee het tot baie onregverdigheids wat ook in die onderwys plaasgevind het veral in die geval van Moslem vroue wie se huwelikstatus nie erken was nie.

8) Vryheid van uitdrukking

Elke persoon het die reg op vryheid van spraak en uitdrukking, waarby inbegrepe is vryheid van die pers en ander media; die vryheid om informasie en idees te ontvang of oor te dra; die vryheid van artistiese kreatiwiteit; asook akademiese vryheid en vryheid vir wetenskaplike navorsing. Hierdie reg maak egter nie voorsiening vir die propaganda van oorlog; die aanhitsing van dreigende geweld; of die verkondiging van haat wat gebaseer is op ras, etnisiteit, geslag of geloof, en wat skade kan veroorsaak nie.

Hierdie reg van mense om hul opinies vrylik uit te spreek is belangrik vir 'n oop en demokratiese gemeenskap. Dit beteken wel ook dat die vryheid van spraak vir individue weerspieël of gereflekteer moet word in die vry pers en ander media soos bv. die televisie en die radio. Anders as gedurende die apartheidsjare waar die vryheid van spraak en die pers deur Apartheidswetgewing en verbannings onderdruk was, en sodoende die uitruil van informasie en idees verhoed het, word hierdie regte vir die vrye uitruil van informasie asook idees in die Handves van Menseregte in die Grondwet gewaarborg. Vir die onderwyser is die reg tot vryheid van spraak of uitdrukking van kardinale belang om sodoende die kreatiwiteit, kritiese denke en ontwikkeling van leerlinge ten alle tye te stimuleer, sodat die leerling sy eie afleidings en gevolgtrekkings kan maak wat sodoende bydra tot sy eie persoonlike ontwikkeling. Wat die vryheid van uitruil van informasie en idees betref, is dit 'n reg wat prioriteit in die onderwys moet geniet, omdat die onderwyser as fasiliteerder van die onderwysituasie nie sonder dit sinvolle leer kan laat plaasvind nie. 'n Beperking op die vrye uitruil van informasie en idees kan onderwys op alle vlakke strem. Gedurende die Apartheidsera was dit nie vir die onderwyser moontlik, om van hierdie reg van vryheid van

spraak gebruik te maak nie omdat onderwysers nie die voorgeskrewe kurrikulum wat hulle moes aanbied kon bevraagteken of kritiseer nie. Indien 'n onderwyser wel van sy reg op vryheid van uitdrukking gebruik gemaak het, deur dit te bevraagteken of kommentaar daarop te lewer veral as dit teen die regering was, was hul gedissiplineer, geïntimideer, geviktimizeer of berispe deur die onderwysdepartement en sy agente. Dikwels was daar nie binne die onderwysstelsel self voorsiening gemaak vir 'n onderwyser se eie inisiatief nie.

Volgens die grondwet sluit hierdie reg akademiese vryheid en die vryheid van wetenskaplike navorsing in. Hierdeur word universiteite en tegniese akademiese vryheid en navorsing gewaarborg wat die staat of die regering verhoed om beperkende maatreëls hierop te plaas. Voor die instelling van die Interim en Nuwe Grondwet was die vryheid van die pers gedurig aangetas deur die regering veral in gevalle waar die pers die regering gekritiseer het. Onder omstandighede van 'n noodtoestand en omstandighede wat nie die staat aangestaan het nie, was die pers verhoed om oor sekere gebeure verslag te doen of die algemene publiek daaroor in te lig. Veral hier was televisie en radio-dienste vir propaganda doeleindes aangewend om die regering se beleid van segregasie te regverdig en te ondersteun.

9) Vergadering, betoging, op lyn staan (betooglinievorming) en petisie

Elke persoon het die reg om vreedsaam en ongewapen, te vergader, te betoog, op lyn te staan, en om petisies voor te lê.

Binne die nuwe grondwet is dit 'n reg wat vir die algemene publiek en vir onderwysers van groot belang is. Veral gedurende die bewind van die Nasionale Party met sy apartheidsbeleid sedert 1948 was die reg om jou ontevredenheid in die openbaar uit te spreek onderdruk en teengestaan. As gevolg hiervan het dit aanleiding gegee tot die verbanning van veral Nie-Blanke individue en organisasies soos bv. die A.N.C., P.A.C., U.D.F., W.E.C.T.U., S.A.D.O.U. ens. wat die regering se diskriminerende beleid teengestaan het. Dit is belangrik om daarop te let dat dit veral gedurende die onrustoestande van die 1970's en 1980's was, dat onderwysers verbied is om hul ontevredenheid teen die staat, 'n onderwysdepartement, en hul werksomstandighede by wyse van betogings, vergaderings ens. uit te spreek. Diegene wat hul skuldig gemaak het aan sulke optredes, was of ingeperk, aangehou, verban, of

aangekla van wangedrag. (Hartshorne, 1992:318) Laasgenoemde stappe van die staat was nie slegs beperk tot onderwysers en skoolgemeenskappe nie, maar ook van toepassing op alle sfere van die samelewing. Wat hierdie reg vir die onderwyser inhou, is dat sy reg om sy ontevredenheid in die openbaar te toon in die grondwet erken word en hoef hy nie te vrees vir viktimisasie, intimidasie, en driegemente van ontslag nie. Onderwysers in die Westelike Provinsie het van hierdie reg gebruik gemaak in hul protesaksie teen rasionalisasie gedurende 1996.

10) Vryheid van assosiasie

Elke persoon het die reg op vryheid van assosiasie.

Binne hierdie reg het elke persoon die reg om te besluit met wie hy wil of nie wil assosieer nie. Hiervolgens hang dit van die individu af om bv. te besluit by watter werkersunie, kerk, klub, politieke party, ens. hy wil aansluit, en kan hy nie deur wetgewing gedwing word om met sekere persone of organisasies te assosieer nie. Volgens hierdie reg kan 'n onderwyser selfs ook sy eie onderwysersunie of organisasie stig indien dit aan sekere vereistes volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), wat voorheen onderworpe was aan die goedkeuring van die regering, voldoen. Volgens die ou apartheid onderwysbedeling kan Blanke onderwysers byvoorbeeld nie meer gedwing word om aan te sluit by 'n onderwysersvereniging soos deur die staat voorgeskryf nie, maar kan nou hul vrye keuse uitoefen. Hier het die staat voorgeskryf met wie 'n individu moet assosieer. Op grond van die nuwe Grondwet is dit nou ongrondwetlik. As uitvloeisel hiervan het Apartheidswetgewing die Blanke bevolkingsgroep verbied om met Nie-Blanke bevolkingsgroepe op die sosiale vlak te verkeer, ten einde die egtheid van die Blanke ras te verseker. Die grondwet maak dit duidelik dat hierdie keuse t.o.v. keuse by die individu self berus, en dat die staat nie hierdie reg het om aan 'n individu voor te skryf of in te meng in sy keuse uitoefening nie.

11) Politieke regte

Elke burger is vry om politieke keuses te maak wat die volgende reg insluit: om 'n politieke party te stig; om deel te neem aan die aktiwiteite van, en om lede te werf vir 'n politieke

party; werwing vir 'n politieke party of saak te doen. Verder het elke burger die reg tot 'n vrye, billike en gereelde verkiesings vir enige wetgewende liggaam wat gestig word in gevolge die Grondwet. Ook dat elke volwasse burgerlike die reg het om in verkiesings vir enige wetgewende liggaam te stem wat gestig is in terme van die grondwet en dat dit in die geheim gedoen moet word; en om as kandidaat beskikbaar te wees vir 'n publieke amp en, indien verkies, die amp uit te voer.

Binne hierdie mensereg word die politieke regte van alle inwoners en bevolkingsgroepe in S.A. erken en gewaarborg om 'n herhaling van die geskiedenis te probeer voorkom, waar politieke regte slegs die voorreg van 'n sekere bevolkingsgroep was, soos bv. Blankes na die instelling van Apartheid na 1948. In die geval van Nie-Blanke onderwysers is hierdie voorreg hulle ontnem met die instelling van Apartheid wat hulle op 'n ongelyke vlak met hul Blanke kollegas gebring het, wat in terme van hierdie reg bevoordeel is. Hierdie reg is vir die onderwyser belangrik omdat hy d.m.v. sy politieke regte, direkte verteenwoordiging kan verkry op regeringstrukture wat sy professie en onderwys direk raak. Sodoende kan dit hul ook in staat stel om hul omstandighede en lot in die onderwys oor die algemeen, in die openbaar bekend te maak en te verbeter. Dit staan dus die onderwyser vry om sy eie politieke keuses te maak. Volgens die reg is 'n onderwyser selfs in staat om sy eie politieke party te stig en deel te neem aan politieke aktiwiteite, 'n reg wat Kleurling en Swart onderwysers voorheen nie geniet het nie. Hierdie voorreg om aan politieke aktiwiteite deel te neem, was voorheen net beskore vir Blanke onderwysers. Die beklemtoning van hierdie reg is noodsaaklik om die politieke werksaamhede van politieke partye en hul lede van die nodige vryheid te verseker, wat belangrik is vir 'n veelvoudige politiekepartystelsel in 'n verteenwoordigende demokrasie wat S.A. besig is om te ontwikkel.

12) Burgerskap

Geen burger mag t.o.v. burgerskap benadeel word nie.

Dit impliseer dat elke inwoner in S.A. geregtig is op burgerskap en alle voorregte wat hiermee gepaard gaan. So byvoorbeeld kan 'n burger indien omstandighede dit vereis, nie ontsê sy burgerskap word nie. Vir die onderwyser kan die staat dus hul nie burgerskap ontsê

op grond van die feit dat hul standpunte in konflik met dié van die staat is nie, uit watter oogpunt ook al gesien.

13) Vryheid van Beweging en Verblyf

Elkeen het die reg op vryheid van beweging; ook die reg om die Republiek te verlaat; verder het elke burgerlike die reg om die republiek binne te kom, of om aan te bly, om op enige plek in die republiek te woon; en het elke burger die reg tot 'n paspoort.

Volgens hierdie reg mag 'n inwoner van die land nie beperk of ingeperk word wat sy bewegings binne die grense of buite die grense van die land betref nie, tensy daar 'n geldige rede vir sy inperking is. Ook word 'n persoon se reg om hom te vestig waar hy dit verkies deur die grondwet onderskryf. Dit word gedoen ten einde 'n herhaling van die Wet op Groepsgebiede te voorkom, waardeur Nie-Blankes of ander rasse beperk was tot sekere woongebiede en hul bewegings as uitvloeisel van hierdie wetgewing ingekort was.

Vir die onderwyser kan dit beteken dat hy nie meer gebonde tot 'n skool moet wees a.g.v. die kleur van sy vel nie, maar het hy die reg om te besluit waar hy hom wil vestig of wil onderwys.

14) Vryheid van ambag, beroep en profesie

Elke burgerlike het die reg om 'n vrye keuse uit te oefen t.o.v. sy ambag, beroep, of profesie. Hierdie praktyk van 'n ambag, beroep of profesie mag gereguleer word deur 'n wet.

Alhoewel 'n individu of onderwyser die vryheid van keuse gegee word t.o.v. sy ambag, beroep of profesie, kan die staat indien hy dit nodig ag, getalle van 'n sekere ambag, beroep of profesie beperk. Die insluiting van hierdie klousule (of voorwaarde) in die grondwet, is moontlik om te voorkom dat daar 'n ooraanbieding van mannekrag in sekere 'n ambagte, beroepe of profesies ontstaan en dit die staat in staat te stel, om dit op die manier te reguleer. Die rasionaliseringsbeleid wat die regering op die oomblik in die onderwys toepas

ten einde uitgawes te besnoei, die inkorting van keuse vir student onderwysers (of onderwysersopleiding), die besnoeiing van poste, die besnoeiing van studente getalle op kolleges, kan as 'n maatreël vir die regulering van ambagte, beroepe, en professies beskou word.

15) Arbeidsverhoudinge

Elkeen het die reg tot regverdigde arbeidspraktyke. Elke werker het ook die reg om 'n werkersunie te stig of daarby aan te sluit; om deel te neem aan werksaamhede en programme van 'n werkersunie; en om te staak. In die geval van 'n werkgever het hy die reg om 'n werknemers organisasie te stig, daarby aan te sluit; en om deel te neem aan werksaamhede en programme van 'n werkgeversorganisasie. Ook het elke werkersunie en elke werkgevers organisasie die reg om sy eie administrasie, programme en werksaamhede te bepaal; te organiseer; kollektief te onderhandel; en om 'n federasie te vorm of daarby aan te sluit. Die bepalings van die Handves van Menseregte verhoed nie die erkenning van wetgewing m.b.t. werkersunie sekuriteitsmaatreëls tydens kollektiewe ooreenkomste nie.

Volgens die bepalings van die reg op arbeidsverhoudinge word die reg erken om werkersunies wat onderwysersunies insluit te stig en daaraan deel te neem. Ook word die reg tot regverdigde arbeidspraktyke en optredes van werknemerunies beskerm. Vir die eerste keer in S.A. se geskiedenis word hierdie reg d.m.v. die grondwet erken en deur die staat onderskryf. Ingevolge hierdie reg word daar erkenning verleen aan alle werkersunies en werknemer organisasies en lê die keuse nie meer by die regering van die dag soos voorheen, om te besluit watter unies of organisasies deur die staat erken sal word nie. In terme van die reg op arbeidsverhoudinge word alle werknemerunies en werkgeversorganisasies oor dieselfde kam geskeer. Dit is ook die eerste keer dat onderwysers se reg om te staak, amptelik erken en beskerm word, 'n optrede wat nie gedurende die apartheids-era toegelaat is nie. Met hierdie wetgewing is dit nou vir werkers en onderwysers moontlik om kollektief te onderhandel vir die verbetering van hul diensvoorwaardes, werksomstandighede, ens. wat voorheen deur wetgewing beperk of heeltemal uitgesluit was.

16) Omgewing

Elke persoon het die reg op 'n omgewing wat nie vir hul gesondheid of welsyn nadelig is nie; en dat die omgewing beskerm word, tot voordeel van die huidige en toekomstige geslagte, deur middel van billike, wetlike en ander maatreëls wat - besoedeling en ekologiese degradasie of verlaging voorkom; natuurbewaring bevorder; ekologiese ontwikkeling aanmoedig en die gebruik van natuurlike bronne verseker, terwyl ekonomiese en sosiale ontwikkeling verdedigbaar bevorder word.

Volgens die reg op omgewing het 'n onderwyser (of enige ander individu) die reg om beskerm te word binne sy onmiddellike werkplek of omstandighede van faktore wat 'n bedreiging vir sy gesondheid of lewe kan inhou soos bv. besoedeling, rook, gevaarlike voorwerpe en toerusting, intimidasie, bendes, masjinerie, ens. Dit beteken dat omgewing vriendelike werksomstandighede binne die skool of werksopset geskep moet word om die nodige beskerming te bied. Enige nalatigheid aan die kant van die owerhede om ag te slaan op hierdie reg, stel die onderwyser in staat om stappe teen die staat te doen.

17) Behuising

Elkeen het die reg van toegang tot voldoende behuising. Die staat moet billike wetgewing en ander maatreëls instel, volgens bronne tot sy beskikking, om geleidelik hierdie reg te bereik. Geeneen mag van sy woning ontset word, of sy woning mag nie gesloop word, sonder 'n hofbevel wat alle relevante omstandighede in ag geneem het nie. Geen wetgewing mag willekeurige uitsettings toelaat nie.

Ingevolge hierdie reg het elke individu of onderwyser die reg op toegang tot 'n huis. Hierdie reg word ingesluit ten einde 'n herhaling van die verlede te voorkom waar sekere bevolkingsgroepe (soos bv. Swartes) deur wetgewing verbied was om wonings in stedelike gebiede te besit en toegang tot behuising vir hulle onmoontlik gemaak was. Volgens die bepalinge van hierdie reg moet die staat dan bv. as werkgever van die onderwyser die nodige bronne tot die onderwyser (of individu) se beskikking (m.a.w. wat hy kan bekostig soos bv. 'n subsidie, indien moontlik, beskikbaar stel) stel of omstandighede skep om hierdie reg te

kan uitoefen. Dit beteken egter nie dat die staat vrye behuising moet verskaf nie, maar sover moontlik geleentheid vir mense skep om 'n woning te kan besit deur bv. nuwe behuisingsprojekte of ontwikkelings van stapel te stuur of te inisier. Aansluitend hierby mag 'n onderwyser of individu nie sy huis ontnem word, sonder dat alle relevante omstandighede (soos bv. finansiële probleme) wat hiermee in verband staan nie eers deeglik ondersoek is nie. Hierdie klousule maak voorsiening dat die staat nie willekeurig 'n individu se woning kan ontnem of sloop ten einde die oogmerke van regeringsbeleid soos bv. Groepsgebiede soos ervaar gedurende die apartheidjare, af te dwing nie.

18) Gesondheidsdienste, voedsel, water, en sosiale sekuriteit

Elkeen het die reg tot toegang van gesondheidsdienste, insluitend gesinsbeplanning gesondheidsdienste; voldoende voedsel en water; sosiale sekuriteit in indien hulle nie instaat is om hulself of hul afhanklikes te onderhou nie, toepaslike sosiale bystand. Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref, volgens sy beskikbare bronne, om geleidelik elkeen van hierdie regte te bereik. Geeneen mag noodbehandeling geweier word nie.

Hierdie reg maak voorsiening vir die verskaffing van gesondheidsdienste, voedsel, water, en sosiale sekuriteit aan behoeftiges sover dit moontlik is vir die staat. Dit is belangrik dat 'n onderwyser vertrouwd moet wees met hierdie reg, veral in gevalle waar leerlinge uit armoedige omstandighede kom. Ten einde so 'n leerling of gemeenskap van hulp te wees, kan die onderwyser sy taak as gemeenskapswerker vervul deur diesulkes by te staan met pogings om toegang tot die nodige gesondheidsdienste, skoolvoedingskemas ens. te verkry. Dit staan ook 'n onderwyser vry, indien sy finansiële posisie dit nie regverdig nie, om van hierdie reg gebruik te maak. Die oogmerk van hierdie reg is om almal (veral diegene wat a.g.v. Apartheidswetgewing benadeel en in armoede gedompel is) te help, d.m.v. staatsgesubsidieerde gesondheidsdienste, voedsel, water, en sosiale sekuriteit wat as basiese behoeftes vir oorlewing beskou word. Belangrik is om daarop te let dat mediese noodbehandeling nie aan iemand geweier mag word nie. 'n Diens wat aan Nie-Blankes in die verlede geweier is, wat nou in die grondwet vervat word, ten einde reg te laat geskied aan die reg op lewe wat in 'n noodsituasie te alle tye in ag geneem moet word.

19) Kinders

Elke kind het die reg - tot 'n naam en nasionaliteit vanaf sy geboorte; familie versorging, ouerlike sorg, of toepaslike sorg indien hulle verwyder is uit familie omstandighede; tot basiese voeding, beskutting, basiese gesondheidsdienste, en sosiale dienste wat onderwys insluit; tot beskerming van mishandeling soos bv. lyfstraf op skool, verwaarlosing, misbruik of vernedering; beskerming van uitbuitende arbeidspraktyke; om nie van verwag word of toegelaat word om werk te verrig of dienste te verskaf - i) wat ontoepaslik is vir 'n persoon van die kind se ouderdom nie; ii) of 'n risiko plaas op 'n kind se welstand, opvoeding, fisiese of geestelike gesondheid, of godsdienstige, morele, of sosiale ontwikkeling; nie aangehou word behalwe in 'n geval waar dit as 'n laaste uitweg gesien word, waar daar in so 'n geval, ter aanvulling van die regte van die kind, die kind slegs aangehou kan word vir die kortste toepaslike tydperk, en het die reg om i) apart aangehou te word van aangehoue persone oor die ouderdom van 18 jaar; ii) en behandel te word, en aangehou word in omstandighede wat die kind se ouderdom in ag neem; 'n regsverteenwoordiger wat aan die kind toegeken word deur die staat, op staatsenkoste, in burgerlike verhore wat die kind raak, indien dit redelike onregverdighede teweeg kan bring; om nie direk gebruik te word in gewapende konflik nie, en om beskerm te word in tye van gewapende konflik. Die beste belange van 'n kind, is in elke aangeleentheid wat die kind raak van uiterse belang. 'n Kind word omskryf as 'n persoon jonger as 18 jaar.

'n Belangrike kenmerk van die Interim en nuwe Grondwet, is die feit dat die regte van die kind in die grondwet vervat word om hom te beskerm teen die euwels van die samelewing. Vir onderwysers is dit belangrik om bewus te wees van hierdie regte vir kinders, omdat hulle in die onderwysopset daagliks blootgestel word aan leerlinge en hul probleme. Volgens die bepalings van hierdie reg het 'n onderwyser bv. nie die reg om aan 'n leerling lyfstraf toe te dien nie, indien hy iets verkeerd gedoen het nie. Onder omstandighede waar 'n onderwyser hom skuldig maak aan dié soort oortreding, word dit beskou as 'n vorm van kindermishandeling en geweld. So 'n oortreding is strafbaar in die howe. In dieselfde asem mag 'n onderwyser ook nie leerlinge binne die skoolopset onderwerp aan dwangarbeid of uitbuitende arbeidspraktyke. Soos bv. kan daar nie van 'n leerling verwag word om werk buite skoolverband onder dwang te verrig (bv. om vir iemand anders te gaan werk), as straf

vir 'n oortreding, nie. Indien die leerling nie vrywillig daaraan deelneem nie, kan dit as 'n vorm van dwangarbeid beskou word. Van die onderwyser word egter verwag om leerlinge bewus te maak van hul regte ten einde die proses van demokrasie te ontwikkel. Hoofsaaklik was hierdie regte vir kinders ingesluit omdat kinders spesiale beskerming in die samelewing nodig het, veral in 'n land waar miljoene mense nie toegang tot basiese voedsel, skooling, behuising, ordentlike opvoeding en gesondheidsdienste voor die instelling van die interim en nuwe grondwet gehad het nie.

20) Opvoeding

Elkeen het die reg tot - basiese onderwys, wat volwasse basiese onderwys insluit; om hul onderwys te verbeter, waarvoor die staat die nodige stappe moet doen om dit geleidelik beskikbaar te stel en toeganklik te maak; Verder het elkeen die reg om onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van sy keuse in publieke instellings waar dit redelik prakties is. In 'n oorweging om te bepaal of die onderwys in 'n taal of 'n taal volgens keuse redelik prakties is, moet die staat toepaslike opvoedkundige alternatiewe in ag neem. Elkeen het ook die reg om op hul eie onkoste onafhanklike onderwys instellings te stig en te onderhou, i) op die voorwaarde dat daar nie op grond van ras gediskrimineer word nie; ii) dit geregistreer is by die staat; iii) en dat standaarde wat in hierdie soort inrigtings gehandhaaf word, nie minderwaardig is vergeleke met dit wat in publieke opvoedkundige instellings gehandhaaf word nie.

In die omskrywing van hierdie reg het elke individu die reg op basiese onderwys, asook verdere onderwysgeleentheid waarvoor die staat voorsiening moet maak. Dit beteken dat die staat indien sy fondse dit toelaat, hierdie geriewe moet skep omrede die grondwet dit as die staat se verantwoordelikheid voorskryf. Die moontlikheid word uitgeskakel waar 'n sekere groep individue in die onderwys onregverdig bevoordeel word bo 'n ander. Volgens hierdie reg het elke onderwyser of persoon die reg om in die taal van sy keuse onderrig te gee of daarin onderrig te word waar dit prakties moontlik is, en kan 'n vreemde taal waarvan hy of sy geen kennis het nie, nie afgedwing word nie. Indien laasgenoemde nie moontlik is nie, word die staat verplig om alternatiewe te oorweeg. As direkte uitvloeisel het 'n onderwyser ook die reg op verdere onderwys waarvoor die staat die nodige geriewe moet skep. Verder

het die onderwyser die reg om sy eie skool te stig, te onderhou, 'n kurrikulum te ontwikkel volgens die bepalings en die voorwaardes wat gestel word. Onder die ou bedeling was die opsie om jou eie skool te stig egter nie moontlik nie, omdat die staat self sulke besluite oor onderwys gereguleer het.

21) Taal en kultuur

Elke persoon het die reg om die taal en kulturele lewe van hul eie keuse te gebruik of daaraan deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op 'n manier wat onkonsekwent is met die Handves van Menseregte nie.

Kragtens die reg erken die grondwet elke individu se taal en kultuur en wat daarmee gepaard gaan op die voorwaarde dat dit nie die beginsels van die Handves op Menseregte skend nie. In die geval van die onderwyser word die taal en kultuur wat hy aanhang, erken solank dit nie inbreek maak op 'n ander persoon of individu se reg op taal en kultuur nie.

22) Kulturele, godsdienstige en linguïstiese gemeenskappe

Persone met ander lede van hul gemeenskap wat aan 'n kulturele, godsdienstige of linguïstiese gemeenskap behoort, mag nie die reg ontnem word, om - i) hul kultuur te geniet, godsdienste te beoefen, en hul taal te gebruik nie; en ii) ander kulturele, godsdienstige en linguïstiese assosiasies en ander liggame van die beskaafde gemeenskap te stig, daarby aan te sluit en te onderhou nie. Hierdie reg mag nie uitgeoefen word op 'n manier wat onkonsekwent is met enige bepaling van die Handves op Menseregte nie.

Hierdie reg bepaal duidelik dat kulturele, godsdienstige, en linguïstiese gemeenskappe wat in die minderheid is, se regte nie misken mag word nie. Dit impliseer 'n dat onderwyser van Suid-Afrikaanse oorsprong nie die kultuur en taal van bv. 'n Ortodokse Griekse leerling mag misken of hom verhoed om daaraan deel te neem nie, of toelaat dat hul nie hul taal mag gebruik nie. Op dieselfde gronde kan 'n organisasie vir bv. homoseksuele persone bv. nie verbied word nie, maar moet hulle die reg gegun word om hul lewenstyl uit te leef.

24) Toegang tot informasie (inligting)

Elkeen het die reg tot toegang op - i) enige informasie wat deur die staat gehou word; ii) en enige informasie wat deur iemand anders gehou word wat benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte. Nasionale wetgewing moet in lyn met hierdie reg gebring word en redelike maatreëls moet voorsien word om die administratiewe en finansiële laste van die staat te verlig.

Volgens die bepalings van hierdie reg kan elke individu nou daarop aandrang dat die staat enige inligting wat hom direk raak beskikbaar stel. Die reg tot inligting wat in besit is van die staat is 'n reg wat voor 1993 tot in sy fundamente deur die staat misken en verbied was. Nou kan 'n onderwyser aandrang dat enige informasie wat 'n onderwysdepartement of staatsinstansie oor hom het, beskikbaar gestel word in die geval waar 'n geskil ontstaan t.o.v. die feit dat een van sy regte ontken of geskend is, soos bv. in die geval van 'n aanklag van wangedrag. Ten einde verdere stappe te doen om sy verdediging te versterk of te steun moet alle inligting aan die onderwyser bekend gemaak word voor 'n verhoor om die beginsel van deursigtigheid wat deel van 'n demokratiese bestel is te onderskryf.

25) Regverdig administratiewe optrede

Elkeen het die reg tot administratiewe optrede wat wetlik, redelik, en volgens prosedure regverdig is. Elkeen wie se regte aangetas is deur administratiewe optrede het die reg tot geskrewe redes. Nasionale wetgewing moet in lyn gebring word om uitvoering aan hierdie regte te gee, en moet - voorsiening maak vir die herooring van administratiewe optredes deur 'n hof of; waar toepaslik, 'n onafhanklike en onpartydige regsbank; dit aan die staat opdra om uitvoering te gee aan hierdie regte; en voldoende administrasie te bevorder.

Onder omstandighede waar 'n onderwyser afgedank is, is hy volgens die nuwe Grondwet geregtig op geskrewe redes vir sy afdanking (wat ook in die "ou" wetgewing voorgekom het), ten einde te kan bepaal of daar dalk nie 'n moontlikheid vir 'n ondersoek na onbillike arbeidspraktyke is nie.

26) Toegang tot hof

Elkeen het die reg om enige dispuut wat deur die toepassing van die wet voor 'n publieke hof in 'n regverdige verhoor te besleg of, en waar van toepassing, 'n ander onafhanklike en onpartydige forum.(Grondwet R.S.A., 1996:5-17)

Aansluitend by die vorige reg wat verband hou met regverdige administratiewe optrede het 'n onderwyser of 'n individu die reg tot toegang tot 'n hof indien hy of sy van mening is dat 'n regverdige publieke verhoor nodig is om sy saak te stel. Dit beteken dat die onderwyser of individu die staat of regering se besluite of beslissing in 'n geregshof mag uitdaag.

In terme van die Grondwet mag die regte in die Handves van Menseregte slegs beperk word in terme van die algemene toepassing van die wet tot 'n mate waar so 'n beperking redelik en regverdig is in 'n ope en demokratiese gemeenskap gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle relevante faktore soos - die aard van die reg; die belangrikheid van die doel van die beperking; die aard en mate van die beperking; die verband tussen die beperking en sy doelwit; en verminderde beperkte maatreëls om die doelwit te bereik. Uitgesonderd die laasgenoemde afdeling of in enige ander bepaling van die grondwet, mag geen wet enige reg in die Handves van Menseregte verskans nie. (Grondwet R.S.A, 1996:Art.37) Onder meer maak die Grondwet dit duidelik dat daar geen vermindering in regte mag wees nie met betrekking tot gelykheid van ras en geslag; Menswaardigheid in sy geheel; Lewe in sy geheel; Vryheid en sekuriteit m.b.t. marteling, onderwerping aan onmenslike, wreedaardige en vernederende behandeling en straf, asook mediese en wetenskaplike eksperimente; Slawerny, dwangarbeid en geforseerde arbeid m.b.t. slegs slawerny en dwangarbeid; Kinders m.b.t. mishandeling, nalatigheid, uitbuiting, of vernedering, beskerming teen uitbuitende arbeidspraktyke, afsonderlike aanhouding en inagneming van hul ouderdom ens.

Ten slotte kan gesê word dat die nuwe Grondwet van S.A. (1996) met sy Handves van Menseregte die fondament vir demokrasie lê wat alle regeringstrukture en beleidsrigtings daartoe verbind om hierdie regte te alle tye te raadpleeg en te respekteer. Onder andere sluit die Handves die regte van alle mense in die land in en gee uiting en bevestiging aan die

demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid wat gedurende die apartheidsjare te vertrap was in alle sferes van die S.A. samelewing tot voordeel van die Blanke bevolking. In die volgende hoofstuk (7) sal ek graag wil gaan kyk hoe hierdie menseregte wat ook onderwysers insluit, beskerm word d.m.v. hul wetlike regte t.o.v. hul professie, werksomstandighede, en werkverhouding met hul werkgewers soos dit vervat word binne die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995).



HOOFSTUK 7

7. Die Wet op Arbeidsverhoudinge (No.66 van 1995):

Ongeag die feit dat die Wet op Arbeidsverhoudinge alreeds vir meer as veertig jaar in bestaan is, as die wet wat hoofsaaklik arbeid in Suid-Afrika gereguleer het, sou dit eers in latere jare aangepas word om alle werkers en belanghebbendes in te sluit. Vir 'n geruime tydperk het Swartes, onderwysers, ander publieke amptenare en werkers, plaaswerkers, en huishoudelike werkers geen of baie min regte in terme van die bepalings van dié wet geniet. A.g.v. druk vanuit alle sektore van die samelewing op die owerhede, was die regering geforseer om die wet te verander ten einde al die belangegroepes in te sluit. Om die rede kan die stryd van onderwysers teen onbillike arbeidspraktyke wat gegrond was in apartheid, nie uitgesluit word nie. 'n Stryd wat in 1993 begin het met die eensydige herstrukturering en besnoeiing van onderwysers en uitgawes vir onderwys deur hul werkgewers of die staat. Binne hierdie konteks en omstandighede was onderwysers gedwing om tot industriële optrede oor te gaan in 'n poging om hul lot wat gekenmerk was deur onbillike arbeidspraktyke soos bv. intimidasie, ens. te verlig. Die uitvloeisel van hierdie stryd, was dat dit direk bygedra het tot die afkondiging van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (No. 146 van 1993), as 'n maatreël om voorsiening te maak vir die onderwys arbeidspraktyke wat voorheen uitgesluit was. Op hierdie stadium is die totstandkoming van laasgenoemde wet, moontlik gemaak deur bystand wat verleen was deur die Forum vir Nasionale Opvoeding en Opleiding, wat hoofsaaklik bestaan het uit verteenwoordigers van die vernaamste belangegroepes, wat georganiseerde onderwysliggame ingesluit het. (Hendricks, 1994:1) Met inbegrip van die spesiale wetgewing wat vir onderwysers en ander opvoeders bekend gestel was, is van die belangrikste aspekte van die Wet op Arbeidsverhoudinge ook op onderwysers van toepassing gemaak. Dit sou op 'n latere stadium oorvloei in die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995) wat voorsiening maak vir hierdie aanpassings en om alle werkers in te sluit, behalwe lede van die Nasionale Weermag, die Nasionale Intelligensie-agentskap en die Suid-Afrikaanse Geheime diens.

Teen hierdie agtergrond kan daar met reg van die standpunt uitgegaan word dat die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995), 'n uitvloeisel is van die jare lange struweling van

onderwysers en werkers in die algemeen teen hul werksomstandighede en toestande in S.A. wat onderbekeleemtoon en verwaarloos was. Ten opsigte van (t.o.v.) onderwys en opleiding was dit erg verwaarloos a.g.v. swak arbeidsverhoudinge en praktyke (soos bv. onderwysers kon van wangedrag aangekla word indien hulle die staat kritiseer) wat in diensvoorwaardes en werksomstandighede van onderwysers en opvoeders voorgekom het. Hierdie ongesonde arbeidsverhoudinge en praktyke kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die staat se houding jeens Onderwyser organisasies, asook onderwysers se rol as werknemers in die staatsdiens, om nie gekritiseer te word nie. Voor die instelling van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (No. 146 van 1993) as interim maatreël en die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995), het die onderwyser se wetlike regte soos ek dit bespreek het in die eerste deel van die mini-tesis, baie min aandag geniet en het dit in die algemeen hoofsaaklik verband gehou met die diensvoorwaardes en beleid wat deur die staat bepaal word. (Dekker, 1993:231) As uitgangspunt is die laasgenoemde wette geskep om voorsiening te maak vir die regulering van arbeidsverhoudinge binne opvoeding en opleiding. Ten einde 'n beter begrip te verkry in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge kan die onderwyser gesien word as die werknemer, die skool as sy werkplek en die onderwysdepartement of die staat as sy werkgever.

Volgens die Indiensnemingswet vir Opvoeders (1994) word 'n onderwyser omskryf as enige persoon wat ander persone onderwys, opvoed of oplei of professionele terapie voorsien by enige skool, tegniese kollege of opvoedingskollege of bystand verleen in die voorsiening van professionele dienste of uitvoering gee aan opvoedkundige bestuursdienste of opvoedkundige hulpdienste voorsien in of deur 'n Departement van Opvoeding. (Indiensnemingswet vir Opvoeders, 1994:683) Hierdie omskrywing van 'n onderwyser word ook gegee in die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (1993). Hiervolgens word 'n onderwyser as gevolg van (a.g.v.) die aard van sy werk en die opleiding wat met sy profesie gepaard gaan, onderskei van 'n persoon wat hande arbeid verrig soos byvoorbeeld (bv.) 'n skoonmaker in 'n fabriek. In die geval van die onderwyser is hul opleiding meer kompleks ter voorbereiding vir die praktyk self in vergeleke met die van 'n skoonmaker wat eenvoudige take verrig. Vir die doel het die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (1993) voorsiening gemaak vir 'n Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys wat andersyds verantwoordelik was vir 'n Suid-Afrikaanse Professionele Registrasie Raad vir Opvoeders (S.A.P.R.R.O.). Die oogmerk

van die S.A. Professionele Registrasie Raad vir Opvoeders sou wees om toe te sien dat alle onderwysers registreer is by hierdie liggaam ten einde te praktiseer; ook om kriteria te skep vir toetreding tot die onderwys profesie en om 'n gedragskode vir opvoeders uit te werk, onderhorig aan die nasionale opvoedingsbeleid; om hierdie kriteria af te dwing; en ook die gedragskode af te dwing. (Hendricks, 1994:41) Met die registrasie van leerkragte by hierdie raad, sou dit vir die eerste keer in S.A. wees dat alle onderwysers se professionele status erken word soos in die geval van prokureurs en mediese dokters wat onderhewig is aan gedragskodes om die profesie te beskerm.

Ek sal nou kortliks 'n uiteensetting gee van die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet No. 66 van 1995) en kyk watter wetlike regte vir die onderwyser of werknemers daarin voorkom. Die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) is om die regte wat arbeidsverhoudinge reël, te verander, en vir die doel om uitvoering te gee aan die artikel van die Grondwet wat bepaal (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:i):- dat t.o.v. Arbeidsverhoudinge - 1) Elke die reg het tot regverdig of billike arbeidspraktyke. 2) Elke onderwyser of werknemer het ook die reg om 'n werkersunie te stig of daarby aan te sluit; om deel te neem aan werksaamhede en programme van 'n werkersunie; 3) en om te staak. In die geval van 'n werkgever soos bv. 'n onderwysdepartement het hulle die reg om 'n werkgevers organisasie te stig, daarby aan te sluit; en om deel te neem aan werksaamhede en programme van 'n werkgeversorganisasie. Ook het elke onderwysersunie of werkersunie en elke werkgeversorganisasie die reg om hulle eie administrasie, programme en werksaamhede te bepaal, te organiseer, kollektief te onderhandel, en om 'n federasie te vorm of daarby aan te sluit. Die bepalings van die Handves van Menseregte verhoed egter nie dat 'n unie d.m.v. wetgewing sekuriteitsmaatreëls kan tref wanneer hulle besig is om te onderhandel vir kollektiewe ooreenkomste, nie. (Grondwet, R.S.A., 1996:10)

Die wet beoog om die organiseringsregte van onderwysers of werknemers te bepaal. So stipuleer die wet ook:

- om die organiseringsregte van vakbonde te reguleer; om kollektiewe bedingings by die werkplek en op sektorale vlak te bevorder, aan te help en te vergemaklik;
- om die reg om te staak en die wending tot uitsluiting te reguleer in lyn met die

grondwet;

- om die werknemersdeelname aan besluitneming te bevorder deur die instelling van werkplekforums;
- om voorsiening te maak vir eenvoudige prosedures vir die beslegting van arbeidsgeskille deur statutêre versoening, bemiddeling en arbitrasie (vir welke doel die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ingestel word), en deur alternatiewe onafhanklike geskilbeslegtingdienste wat vir dié doel geakkrediteer is;
- om die Arbeidshof en Arbeidsappélhof in te stel as hoër howe met die uitsluitlike jurisdiksie om aangeleenthede wat uit hierdie Wet voortspruit, te beslis;
- om voorsiening te maak vir 'n vereenvoudigde prosedures vir die registrasie van vakbonde en werkgewerorganisasies en voorsiening te maak vir hul regulering ten einde demokratiese praktyke en behoorlike finansiële beheer te verseker;
- om uitvoering te gee aan die volkregtelike (nasionale) verpligtinge van die Republiek m.b.t. arbeidsverhoudinge;
- om sekere wette m.b.t. arbeidsverhoudinge te wysig of te herroep; en
- om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:i-ii) Wat die oogmerke betref word 'n wye spektrum geraak wat onderwysers of werknemers dek.

Op grond hiervan wil ek graag sekere aspekte wat direk verband hou met die wetlike regte van die onderwyser onder die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), bespreek. In hoofstuk 2 van hierdie wet word die Vryheid van Assosiasie en Algemene Beskerming van werkers of onderwysers uiteengesit en wil ek dit nou graag bespreek. Om my bespreking te vergemaklik sal ek die benaming onderwysers gebruik, alhoewel hierdie maatreëls ook vir alle werkers of werknemers geld. Volgens die bepalinge van die eerste artikel wat betrekking het op vrye assosiasie van werknemers, het elke onderwyser die reg :- (a) om deel te neem aan die stigting van 'n vakbond of federasie van vakbonde; en (b) om by 'n vakbond aan te sluit, behoudens sy konstitusie. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:3)

7.1 Reg tot vryheid van assosiasie:

In terme van hierdie bepaling staan dit 'n onderwyser vry om van sy reg gebruik te maak om

aktief deel te neem aan die stigting van 'n onderwyser organisasie of unie, sonder die vrese dat hy of sy a.g.v. hul aktiwiteite deur die onderwysdepartement moontlik geïntimideer kan word of uitgesonder kan word vir die rol wat die onderwyser daarin gespeel het. Gevolglik is dit die onderwyser se reg om by 'n vakbond of organisasie aan te sluit, in terme van sy persoonlike oogmerke wat in so 'n organisasie bevredig kan word, sonder die inmenging van ander entiteite.

Aansluitend hierby word in dieselfde artikel bepaal dat: Elke lid van 'n vakbond of onderwyser die reg het om volgens die grondwet van so 'n vakbond - deel te neem (a) aan so 'n vakbond of organisasie se wettige bedrywighede; (b) aan die verkiesing van enige van sy ampdraers, beamptes of vakbondverteenvoerders; (c) vir verkiesing te staan, en in aanmerking te kom vir aanstelling, as 'n ampdraer of beampte en, indien verkies of aangestel, dié amp te beklee; (d) om vir verkiesing te staan, en in aanmerking te kom vir aanstelling as 'n vakbondverteenvoerder, en indien verkies of aangestel, om volgens hierdie Wet of kollektiewe ooreenkoms die werksaamhede van 'n vakbondverteenvoerder te verrig. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:3) 'n Kollektiewe ooreenkoms word omskryf as 'n skriftelike ooreenkoms oor onderhandelde kwessies en diensvoorwaardes of enige ander aangeleentheid van belang, wat aangegaan was tussen een of meer geregistreerde vakbonde en een of meer (a) werkgewers; (b) geregistreerde werkgewerorganisasies; of (c) werkgewers en geregistreerde werkgewerorganisasies. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:191)

Dit blyk duidelik hieruit dat 'n onderwyser of werknemer nie slegs sekere regte binne die vakbond self het nie, maar ook binne die strukture van liggame met wie die vakbond geaffilieer is. So bv. is 'n onderwyser of werknemer nie slegs gebonde aan sekere besluite van die vakbond self nie, maar kan hom ook affilieer of assosieer met besluite van die strukture in die breë sin by wie die vakbond geaffilieer is. As voorbeeld kan die volgende gebruik word. Veronderstel 'n staking word deur 'n federasie (geaffillieerde struktuur) waaraan die vakbond behoort uitgeroep. Dan het die onderwyser die reg om aan die staking deel te neem, ongeag die feit dat die vakbond waarvan die onderwyser lid is, so 'n besluit afkeur of verwerp. Ter opsomming kan dus gesê word dat werknemers of onderwysers volgens hierdie klousule in die nuwe arbeidswetgewing regte t.o.v. assosiasie besit wat voorheen nie vir Nie-Blanke rassegroepe beskore was nie, veral in die geval van onderwysers

omdat die onderwysdepartement of staat voorskrifte m.b.t. hul lidmaatskap van organisasies gereguleer het.

7.2 Reg tot beskerming teen onbillike ontslag:

In aansluiting by die vorige bepaling, wil ek nou graag gaan kyk na watter beskerming daar vir werknemers (onderwysers) en werksoekers (potensiële onderwysers) bestaan teen onbillike ontslag binne die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995). Binne die eerste artikel (1) wat spesifiek verwys na die beskerming van werknemers en werksoekers, word dit duidelik gestel dat volgens die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge daar nie gediskrimineer mag word teen 'n onderwyser of werknemer wanneer so 'n persoon een van sy regte uitoefen nie. M.a.w dit kom daarop neer dat 'n onderwyser of 'n werknemer in die algemeen nie van 'n pos weerhou kan word op grond van sy affiliasies met iets of standpunte wat hy of sy huldig nie. Dit beteken by implikasie soos dit voorkom in die tweede klousule (2a) wat daarop volg, dat sonder om die reg te beperk soos dit staan in artikel 1, mag niemand die volgende doen of dreig om dit te doen nie :- Om van 'n werknemer of werksoeker te vereis om (i) nie lid van 'n vakbond of werkplekforum te wees nie; (ii) om nie lid van 'n vakbond of werkplekforum te word nie; (ii) of om lidmaatskap van 'n vakbond of werkplekforum te laat vaar nie. Onder andere word hierdie laasgenoemde klousule of bepaling (2a) nog verder uitgebrei in klousule 2b, wat bepaal dat 'n werknemer of werksoeker nie verhinder kan word om enige reg uit te oefen wat binne die wet verleen word of aan enige verrigtinge volgens die wet, aan deel te neem nie.

In hierdie artikel (klousule 3) word dit ook duidelik gestel, dat niemand 'n werker of 'n werksoeker mag bevoordeel of bevoordeling belowe, in ruil vir die nie-uit-oefening van 'n reg wat by hierdie wet verleen word of vir die nie-deelname aan enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet nie. Nietemin verhinder hierdie verbod nie die partye by 'n geskil om 'n ooreenkoms aan te gaan om daardie geskil te skik nie. So byvoorbeeld, soos dit vervat word in die daaropvolgende klousule, nl. dat enige bepaling in 'n kontrak, hetsy aangegaan voor of na die inwerkingtreding van hierdie wet, wat regstreeks of onregstreeks enige bepaling van artikel 4 of hierdie artikel weerspreek of beperk, ongeldig is, tensy kontrakbepaling ingevolge hierdie wet geoorloof is. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:5) Onder andere kom daar sekere

regte gegrond op dieselfde beginsel vir onderwysdepartemente of werkgewers met die nodige aanpassings, voor.

Binne hierdie wet word voorsiening gemaak vir geskille wat mag ontstaan tussen onderwysers of werknemers en onderwysdepartemente of werkgewers oor die interpretasie of toepassing van die wet en die prosedure word soos volg uiteengesit. In terme van hierdie hoofstuk (2) word bepaal dat indien daar wel 'n geskil ontstaan oor die interpretasie of toepassing van enige bepaling, kan enige party by die geskil, die geskil skriftelik verwys (a) na 'n raad (bedingingsraad en statutêre raad), indien die partye by 'n geskil binne die geregistreerde bestek van daardie raad val; of (b) na die Kommissie (vir versoening, bemiddeling, en arbitrasie) indien geen raad jurisdiksie het nie. In lyn hiermee moet die party wat die geskil verwys, die raad of die Kommissie oortuig dat 'n afskrif van die verwysing aan al die ander partye by die geskil onderteken of beteken is. "Beteken" kan omskryf word as per om per geregistreerde pos, telegram, teleks of telefaks te stuur of per hand afgelewer te word. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:190) Verder moet die raad of Kommissie poog om die geskil deur versoening te besleg. Indien die geskil steeds onbesleg is, kan enige party by die geskil dit na die Arbeidshof vir beregtiging verwys. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:8)

7.2.1 Onbillike ontslag:

- (a) Volgens hoofstuk 4 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) het elke onderwyser of werknemer die reg om nie onbillik (of nie volgens die riglyne wat vasgestel is) ontslaan te word nie. Die wet omskryf die betekenis van ontslag as 'n dienskontrak wat 'n onderwysdepartement of werkgewer met of sonder kennisgewing beëindig het. D.w.s. onder omstandighede waar 'n onderwyser uit sy pos ontslaan is, sonder dat daar voldoende kennis, of redes aangevoer was vir sy ontslag. Ander betekenis is
- (b) dat 'n onderwyser of werknemer redelikerwys van die werkgewer verwag het om 'n vastetermyndienskontrak op dieselfde of soortgelyke voorwaardes te hernieu, terwyl die onderwysdepartement of werkgewer aangebied het om dit op minder gunstige voorwaardes te hernieu, of dit nie te hernieu nie. As voorbeeld kan gebruik word 'n geval waar 'n onderwyser verplaas is, maar die onderwysdepartement weier om

dieselfde salaris aan te bied wat hy voorheen ontvang het. Dit kan ook verder beteken dat 'n onderwysdepartement of werkgewer geweier het om 'n werknemer toe te laat om werk te hervat onder omstandighede nadat sy, in die geval van 'n onderwyseres

- (i) kraamverlof of bevallingsverlof geneem het ingevolge 'n wet, of kollektiewe ooreenkoms of haar dienskontrak; of anders
- (ii) waar sy van die werk afwesig was vir tot vier weke voor die verwagte datum, en tot agt weke na die werklike datum van die geboorte van haar kind. Hierdie reg i.v.m. kraam of bevallingsverlof is 'n reg wat veral getroude onderwyseresse of werknemers gedurende die apartheidera glad nie geniet het nie, omdat daar van hul verwag was om uit hul poste te bedank op grond van diskriminasie gebaseer op geslag. Op 'n latere stadium is van hulle verwag om hul verlof ten goede te neem. Vir die eerste keer word hierdie reg veral vir die getroude vrou in die onderwys erken en toegestaan.

Onbillike ontslag kan beteken, in die geval waar 'n onderwysdepartement of werkgewer 'n aantal onderwysers of werknemers weens dieselfde of soortgelyke redes ontslaan het, en aangebied het om sommige van hulle weer in diens te neem, maar geweier het om ander weer in diens te neem. As voorbeeld kan ons die volgende gebruik. 'n Sekere aantal onderwysers word weens personeelbesnoeiing by 'n skool afgedank, maar sommige word gevra om aan te bly sonder die medewete of oorweging van die ander wat ook afgedank is. Onder sulke omstandighede kan dit neerkom op onbillike ontslag. Ondermeer ook onder omstandighede waar 'n onderwysdepartement of werkgewer 'n dienskontrak met of sonder die kennisgewing beëindig het, deurdat die werkgewer voortgesette diens vir die onderwyser of werknemer ondraaglik gemaak het. As voorbeeld kan gebruik word, 'n onderwyser se werksure. Indien 'n onderwyser se dienskontrak volgens 'n kollektiewe ooreenkoms spesifiseer dat onderwysers slegs 40 ure per week mag onderwys, en 'n onderwysdepartement aan die anderkant daarop aandring dat onderwysers 48 werksure per week moet onderwys, en hierdie omstandighede gee aanleiding dat die onderwyser nie sy taak voldoende kan verrig nie en gevolglik ontslaan word, kan dit neerkom op onbillike ontslag. Onder sulke omstandighede kan die onderwyser sy werksure aanvoer as rede wat omstandighede ondraaglik gemaak het en aanleiding gegee het en gevolglik die oorsaak was van sy onbillike ontslag, omdat sy dienskontrak se bepaling

m.b.t. werksure oortree is. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:169)

Uit die omskrywings oor die betekenis van die reg om nie onbillik ontslaan te word nie, bestaan daar dus 'n verskeidenheid van redes wat as moontlikhede aangevoer kan word vir onbillike ontslag. Ongeag hierdie betekenis word daar verwys na outomatiese onbillike ontslag, wat ek nou graag sal wil bespreek.

7.2.2 Outomatiese onbillike ontslag:

In die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) word die ontslag van 'n onderwyser of werknemer as outomaties onbillik omskryf, onder omstandighede waar 'n onderwysdepartement of werkgewer by die ontslag van 'n onderwyser of werknemer teenstrydig optree met onderwysers of werknemers se beskerming van hul reg op vryheid van assosiasie, en as lede van werkforums soos dit voorkom in artikel 4 van hierdie wet geniet. Onder andere word die volgende redes as outomatiese ontslag beskou. In die geval waar

- (a) 'n onderwyser of werknemer ontslaan is a.g.v. hul deelname, steun, voorneme te kenne gee om daaraan deel te neem of dit te steun, aan 'n staking of protesoptrede wat voldoen aan die vereiste bepalings van hierdie wet. Of anders
- (b) dat 'n onderwyser of werknemer geweier het of 'n voorneme te kenne gegee het om te weier, om enige werk te doen wat gewoonlik gedoen word deur 'n onderwyser of werknemer wat op die betrokke tydstip deelgeneem het aan 'n staking wat voldoen aan die bepalings van die wet, of wat uitgesluit was, tensy daardie werk noodsaaklik is ten einde te voorkom dat die lewe, persoonlike veiligheid of gesondheid werklik in gevaar gestel word. As 'n verdere uiteensetting van die redes vir outomatiese ontslag
- (c) dat die onderwyser of werknemer verplig word om 'n voorwaarde t.o.v. enige aangeleentheid van onderlinge belang tussen die onderwysdepartement of werkgewer en die onderwyser of werknemer, te aanvaar. Of dat die onderwyser of werknemer outomaties onbillik ontslaan is omdat
- (d) stappe gedoen was, of 'n voorneme te kenne gegee het om stappe te doen teen die onderwysdepartement a.g.v die miskenning van
 - (i) enige reg wat uit te oefen was wat deur hierdie wet verleen word; of
 - (ii) deelgeneem het aan enige verrigtinge volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge

(1995). Of in aansluiting

- (e) dat outomatiese onbillike ontslag verband hou met die onderwyser of werknemer se swangerskap, of voorgenome swangerskap of enige rede wat met haar swangerskap gepaard gaan. Ook dat
- (f) die onderwysdepartement of werkgewer onbillik gediskrimineer het teen onderwyser of werknemer regstreeks of onregstreeks, op enige arbitrêre grond, watinsluit, maar nie beperk is nie tot ras, geslagtelikheid, geslag, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, politieke mening, kultuur, taal, huwelikstaat of gesins-verantwoordelikheid. In lyn met hierdie laasgenoemde redes
- (g) kan outomatiese ontslag egter as billik beskou word indien die rede vir die ontslag gegrond is op 'n inherente vereiste van die bepaalde werk of dat ontslag gegrond is op ouderdom, billik indien die werknemer die gewone of ooreengekome aftree-ouderdom vir persone wat in daardie hoedanigheid in diens is, bereik het. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:170-171)

Ongeag hierdie voorgenoemde aspekte van onbillike ontslag wat nie outomaties onbillik is nie, kan dit wel onbillik wees indien die onderwysdepartement of werkgewer in gebreke bly om te bewys dat

- (a) die rede vir ontslag 'n billike rede is
 - (i) wat verband hou met die onderwyser se gedrag, geskiktheid, bekwaamheid of miskien
 - (ii) dat dit gegrond is op die onderwyser of werknemer se bedryfvereistes (gegrond op die ekonomiese, tegnologiese, strukturele of soortgelyke behoeftes van 'n werkgewer). Of in aansluiting hierby
- (b) die ontslag gedoen is ooreenkomstig 'n billike prosedure. In die geval waar iemand oorweeg word of die rede vir ontslag billik is, en of die ontslag ooreenkomstig 'n billike prosedure gedoen is, moet enige tersaaklike goeie praktykkode wat volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) uitgereik is, in aanmerking geneem word, waarna ek later sal kyk. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:171-172)

7.2.3 Geskille oor onbillike ontslag:

Wat 'n geskil oor onbillike ontslag aangaan, het die onderwyser of werknemer die reg om die geskil binne 30 dae van die datum van ontslag te betwis deur dit skriftelik te verwys na

- (a) 'n raad, in die geval waar die partye by die geskil binne die geregistreerde bestek van die raad val, of
- (b) die Kommissie, indien daar nie 'n raad is wat jurisdiksie het nie. Samehangend hiermee moet die volgende prosedures gevolg word. In die geval waar 'n werknemer gegronde redes aanvoer, kan die raad of die kommissie die onderwyser of werknemer toelaat om die geskil te verwys nadat die 30-dae tydsbeperking verstryk het.

Vervolgens moet die onderwyser of werknemer die raad of kommissie oortuig dat 'n afskrif van die verwysing aan die onderwysdepartement of werkgewer gestuur of beteken is. Onder die omstandighede waar 'n raad of 'n kommissaris gesertifiseer het dat die geskil steeds onbesleg is, of indien 30 dae verloop het sedert die Raad of Kommissie die verwysing ontvang het en die geskil nog steeds onbesleg is

- (a) is dit die raad of Kommissie se verantwoordelikheid om die geskil op versoek van die onderwyser of werknemer te arbitreer. Dit kan gedoen word indien
 - (i) die onderwyser of werknemer beweer het dat die rede vir ontslag verband hou met gedrag, geskiktheid of bekwaamheid, tensy sy deelname aan 'n staking nie aan die vereistes wat deur hierdie wet uiteengesit word nagekom was nie. Andersins
 - (ii) dat beweer was dat die rede vir ontslag daarop gebaseer is dat die werkgewer sy voortgesette diens ondraaglik gemaak het, of
 - (iii) die onderwyser nie geweet het wat die rede vir ontslag is nie. Hierna kan die onderwysdepartement of die werkgewer die geskil na die Arbeidshof vir beregting verwys indien beweer was dat die rede vir ontslag
 - i) outomaties onbillik is,
 - ii) gegrond was op die werkgewer se bedryfvereistes,
 - iii) deelname aan 'n staking nie volgens die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) geskied het nie, of

- iv) dat die werknemer geweier het om aan te sluit by 'n vakbond wat party is by 'n geslotegeleedere-ooreenkoms, of lidmaatskap daarvan geweier is of as lid daarvan uitgesit is.

Gegronnd op die aspek dat die raad of Kommissie 'n geskil op versoek van die onderwyser of werknemer arbitreer, moet die direkteur (van die Kommissie) die geskil na die Arbeidshof verwys. Dit moet gedoen word indien die direkteur op aansoek van enige party by die geskil beslis dat dit gepas is na oorweging van:-

- (a) die rede van ontslag;
- (b) of daar regsrae is wat uit die geskil na vore kom,
- (c) die ingewikkeldheid van die geskil;
- (d) en of daar botsende arbitrasietoekennings is wat opgelos moet word;
- (e) die openbare belang daarvan. By oorweging of die geskil na die Arbeidshof verwys moet word, moet die direkteur aan die partye by die geskil en die kommissaris wat gepoog het om die geskil te versoen, 'n geleentheid bied om verhoër te rig. Hierna moet die direkteur die partye van die besluit in kennis stel en moet die geskil
 - (a) na die Kommissie vir arbitrasie verwys; of
 - (b) na die Arbeidshof vir beregting verwys, word. Die besluit van die direkteur is finaal en bindend. Gevolglik mag niemand by enige geregshof om hersiening van die direkteur se besluit aansoek doen alvorens die geskil gearbitreer of bereg is nie na gelang van die geval.(Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:175-177)

Wat die regsmiddele by onbillike ontslag betref, kan die onderwyser of werknemer gebruik maak van die Arbeidshof of die arbiter om die onderwysdepartement of werkgewer te gelas om 'n onderwyser of werknemer in diens te herstel, weer in diens te neem, en om vergoeding aan die onderwyser of werknemer te betaal. Met hierdie gevalle van onbillike ontslag, prosedures en regsmiddele wat gebruik kan word, wil ek 'n uiteensetting gee van wat goeie praktykscodes vir ontslag kan wees.

7.3 Reg tot billike redes vir ontslag

7.3.1 Goeie praktykkodes vir ontslag:

Wat hierdie goeie praktykkodes vir ontslag betref, bestaan daar belangrike aspekte wat verband hou met gedrag, geskiktheid en bekwaamheid wat as redes vir ontslag aangevoer kan word binne die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) self, waarvan die onderwyser bewus moet wees. In perspektief is dit algemeen van aard, omrede elke geval uniek kan wees en afwykings van hierdie normes kan voorkom na gelang van omstandighede. Dit word in die wet duidelik gestel dat die belangrikheid van kollektiewe ooreenkomste uitgesonder word, en eintlik nie as plaasvervanger van dissiplinêre kodes en prosedures wat onderworpe is aan kollektiewe ooreenkomste of die gevolg is van kollektiewe besluitneming deur 'n onderwysdepartement of werkgewer en 'n personeel of werkplekforum vervang nie. Wat hierdie kode beoog is, dat onderwysdepartemente of werkgewers en onderwysers of werknemers mekaar met respek moet behandel, en diensregverdigheid en doeltreffendheid moet seëvier. Ongeag die feit dat onderwysers of werknemers teen moontlike arbitrêre optrede beskerm moet word, is die onderwysdepartement of werkgewers geregtig op om bevredigende gedrag en werksprestasie van hul werknemers te verwag. Op grond van die bogenoemde sal ek nou gaan kyk na billike redes vir ontslag, wangedrag, ongeskiktheid gebaseer op swak werkprestasie, swak gesondheid of 'n besering.

7.3.2 Billike redes vir ontslag:

Eerstens, kan daar van die standpunt uitgegaan word dat ontslag onbillik is, indien daar nie genoegsame billike redes ooreenkomstig met billike prosedures plaasgevind het nie, selfs in die geval waar dit voldoen aan die enige tydperk van kennisgewing in 'n dienskontrak of wetgewing wat diens reël. Gevolglik word billikheid al dan nie vir redes van ontslag bepaal op grond van die feite van die saak en die geskiktheid van ontslag as straf. As uitvloeiing word dit in die wet duidelik gestel dat die billikheid van die prosedures bepaal word volgens sekere redes.

Hiervolgens erken die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) drie gronde waarop diensbeëindiging wetlik geregverdig kan word. Dit is nl. die gedrag van die onderwyser, die geskiktheid of bekwaamheid van die onderwyser asook die bedryfsvereistes van die werkgever se besigheid. In gevalle waar ontslag nie outomaties onbillik is nie, is dit die verantwoordelikheid van die onderwysdepartement of werkgever om aan te toon dat die rede vir ontslag verband hou met die onderwyser of werknemer se gedrag, geskiktheid of bekwaamheid, of gebaseer is op die bedryfsvereistes. In die geval waar 'n onderwysdepartement versuim om dit te doen of te bewys dat ontslag ooreenkomstig 'n billike prosedure gedoen is, is die ontslag onbillik. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:250-251) In aansluiting by die billike redes vir ontslag gaan ek nou kyk na die aspek van wangedrag soos dit binne hierdie wet uiteengesit word.

7.3.2.1 Wangedrag:

Voordat 'n onderwyser of werknemer a.g.v. wangedrag ontslaan kan word het die onderwyser of werknemer die reg tot sekere dissiplinêre prosedures wat gevolg moet word volgens wetgewing wat ek nou sal bespreek. As aanvangspunt is dit 'n vereiste dat alle onderwysdepartemente of werkgevers dissiplinêre reëls moet aanneem wat die vereiste gedragsnorme vir hul werknemers bepaal. In die verband sal die vorm en inhoud van dissiplinêre reëls wissel na gelang die omvang en aard van die onderwysdepartement of werkgever se onderneming. Hoe groter die omvang van die onderwysdepartement of werkgever, hoe meer formeel sal die benadering tot dissipline in die algemeen wees. Vir die doel sal 'n onderwysdepartement of werkgever se reëls m.b.t. dissipline met sekerheid en konsekwentheid toegepas moet word. Dit sal beteken dat die gedragsnorme duidelik, maklik verstaanbaar, tot beskikking van onderwysers of werknemers gestel moet word. Gevalle mag wel voorkom waar sekere reëls of normes goed gevestig is en dat dit nie nodig is om dit bekend te maak nie.

As beginpunt maak die wet dit duidelik onder goeie praktykkodes vir ontslag, en onderskryf howe die beginsel van regstellende of progressiewe dissipline. In terme van hierdie benadering word dissipline gesien as 'n wyse of manier om onderwysers of werknemers bewus te maak van watter standarde aan hulle gestel word sodat hulle dit kan verstaan. Op

grond hiervan moet pogings dus aangewend word om onderwysers of werknemers se gedrag reg te stel d.m.v. 'n stelsel van gegradeerde dissiplinêre maatreëls soos o.a. berading en waarskuwings. Dit beteken dus dat formele prosedures telkens nie voortdurend gebruik moet word wanneer daar reëls oortree word of waar daar nie aan norme of standaard voldoen is nie. Soos dit onder hierdie afdeling duidelik aanbeveel word, behoort minder ernstige oortredings van werksdissipline benader te word met informele advies en regstelling as die beste en doeltreffendste manier om 'n situasie te hanteer. As uitvloeisel hiervan sal herhaalde wangedrag waarskuwings regverdig wat volgens grade van erns gegradeer sal word. Onder andere sal meer ernstige oortredings of herhaalde wangedrag 'n finale waarskuwing regverdig, of enige ander optrede wat nog nie ontslag is nie. Omrede ontslag slegs behoort plaas te vind in gevalle van ernstige wangedrag of herhaalde oortredings.

Hiervolgens beskou die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) dit nie in die algemeen as gepas om 'n onderwyser of werknemer vir 'n eerste oortreding te ontslaan nie, behalwe in die geval waar die wangedrag so ernstig en van so 'n ernstige aard is, dat dit 'n voortgesette diensverhouding onuithoudbaar maak. Moontlike voorbeelde van wangedrag wat hier gebruik kan word, is growwe oneerlikheid, opsetlike beskadiging van eiendom van die onderwysdepartement of werkgewer, opsetlike bedreiging van die veiligheid van ander, 'n fisiese aanval op die prinsipaal as verteenwoordiger van die werkgewer, 'n medekollega of werknemer, ouer of klant, en growwe insubordinasie. Ongeag die meriete van ontslag in 'n bepaalde geval sal ontslag nie billik wees indien dit nie aan die vereistes van ander gevalle van onbillike ontslag soos ek dit alreeds bespreek het, voldoen nie. Dit word verder gespesifiseer dat wanneer daar besluit word of ontslag as straf opgelê moet word, al dan nie moet die onderwysdepartement of werkgewer, ongeag die ernstigheid van wangedrag, faktore soos die omstandighede van die onderwyser of werknemer (met inagneming van duur van diens, vorige dissiplinêre rekord en persoonlike omstandighede), die aard van die werk en die omstandighede rondom die oortreding self in ag moet neem. Vir die oogmerk word van die onderwysdepartement of werkgewer verwag om ontslag as straf konsekwent toe te pas, sodat dit in lyn is met die wyse waarop dit in die verlede op dieselfde en ander onderwysers of werknemers toegepas is. Om hierdie rede moet daar dan konsekwent opgetree word t.o.v. twee of meer onderwysers of werknemers wat aan die betrokke wangedrag deelneem. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:251-252) Ten einde die genoemde aspekte te onderskryf en

arbeidsvrede ten alle koste te handhaaf, gee die wet riglyne vir 'n billike prosedure wat gevolg moet word, wat ek nou graag sal wil bespreek.

In die geval waar die onderwyser of werknemer ontslaan word, het die onderwyser of werknemer die reg om oor die rede vir sy ontslag ingelig te word asook om herinner te word aan enige reg om die aangeleentheid te verwys na 'n beredingsraad met jurisdiksie of die Kommissie of vir beslegting deur enige geskilbeslegtingsprosedure, ingestel in terme van 'n kollektiewe ooreenkoms.

In uitsonderlike omstandighede, waar daar nie redelikerwys van die onderwysdepartement of werkgever verwag kan word om aan die riglyne te voldoen nie, kan daarvan afgesien word. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:252-253) Dit is uit die bogenoemde duidelik dat selfs in die prosedures van ontslag die onderwyser of werknemer sekere regte het ten einde sy eie posisie te beskerm en arbeidsvrede te verseker. Ter aansluiting hierby word dit van 'n onderwysdepartement of werkgever verwag om 'n rekord te hou van elke onderwyser of werknemer waarin die aard van enige dissiplinêre oortredings, die optrede deur die onderwysdepartement of werkgever en die redes vir optrede aangedui word ten einde dissiplinêre stappe te vergemaklik.

Ongeag die volgende voorbeelde van wangedrag o.a. growwe oneerlikheid, opsetlike beskadiging van eiendom van die onderwysdepartement of werkgever, opsetlike bedreiging van die veiligheid van ander, 'n fisiese aanval op die prinsipaal as verteenwoordiger van die werkgever, 'n medekollega of werknemer, ouer of student, en growwe insubordinasie, kan dit neerkom op wangedrag. Maar, soos enige vorm van wangedrag regverdig dit nie altyd ontslag nie.

Die billikheid van enige ontslag onder hierdie omstandighede moet bepaal word met inagneming van die feite van die geval waarin die volgende oorweeg moet word

- (a) die erns van die oortreding van die wet;
- (b) pogings wat aangewend is om ooreenkomstig die bepalings van die wet op te tree; en
- (c) of die staking plaasgevind het in reaksie op ongeregtigde optrede deur die

onderwysdepartement of werkgewer. In die geval van 'n staking as wangedrag, voordat ontslag plaasvind, is die prosedure dat die onderwysdepartement of werkgewer by die eerste geleentheid wat hom voordoet met vakbondbeamptes in verbinding tree om die optrede wat hy beoog te bespreek. Hierna moet hy 'n ultimatum in duidelike en ondubbelsinnige taal uitreik waarin verklaar word wat van die onderwysers vereis word en watter sanksie opgelê sal word indien hulle nie aan die ultimatum gehoor gee nie. Onderwysers moet 'n genoegsame geleentheid gebied word om die ultimatum te oorweeg en daarop te reageer, hetsy deur nakoming of verwerping. Onder omstandighede waar daar nie redelikerwys van die onderwysdepartement verwag kan word om dit op die betrokke onderwysers van toepassing te maak nie, kan daar met die vereistes weggedoen word. (Wet Op Arbeidsverhoudinge 1995:253-254)

Teen hierdie agtergrond van wangedrag, wil ek nou graag gaan kyk na ongeschiktheid weens swak werkprestasie wat 'n goeie praktykkode vir ontslag kan wees.

7.3.2.1 Ongeskiktheid: Swak werkprestasie:

In terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), word voorsiening gemaak vir ongeschiktheid weens swak werkprestasie as 'n billike rede vir ontslag. Hieronder bepaal die wet dat 'n nuut-aangestelde onderwyser of werker die reg het om vir 'n redelike tydperk op proef in diens geneem kan word, met inagneming van die omstandighede van die werk. As uitvloeisel behoort hierdie tydperk bepaal te word deur die aard van die werk en die tyd wat dit neem om die onderwyser of werknemer se geskiktheid vir voortgesette diens te bepaal. Waar dit toepaslik is, moet die onderwysdepartement of werkgewer 'n onderwyser of werknemer enige evaluering, onderrig, opleiding, leiding of advies gee wat ook benodig sal word om die onderwyser of werknemer in staat te stel om bevredigende diens te lewer. Onder sulke omstandighede van ontslag gedurende die proeftydperk behoort dit voorafgegaan te word deur 'n geleentheid vir die onderwyser of werknemer om hul kant van die saak te stel en om deur 'n vakbondvertegenwoordiger of mede kollega of werknemer bygestaan te word.

In aansluiting by die laasgenoemde bepaal die wet dat na die proeftydperk behoort 'n onderwyser of werknemer nie weens onbevredigende werkprestasie ontslaan te word nie tensy

- (a) die onderwysdepartement of werkgewer aan die onderwyser of werknemer toepaslike evaluering, onderrig, opleiding of berading gegee het; en
- (b) die onderwyser of werknemer na 'n redelike tydperk wat vir verbetering toegelaat is, steeds onbevredigend presteer. Hierdie reg is, is 'n reg wat onderwysers spesifiek nie voorheen geniet het nie, omrede die voorwaardes wat nou gestel word vir ontslag weens swak werkprestasie soos bv. onderrig, opleiding ens., nie bestaan het nie.

Hierdie prosedure wat ontslag tot gevolg kan hê, word in die wet bepaal, en behoort 'n ondersoek ter vasstelling van die redes vir die onbevredigende prestasie in te sluit. Verder word voorgestel, dat die onderwysdepartement of die werkgewer moet oorweeg of daar ander wyses buiten ontslag is om die aangeleentheid reg te stel. In hierdie proses moet die onderwyser of werknemer die reg hê om aangehoor te word en om deur 'n vakbondvertegenwoordiger of 'n mede-kollega of werknemer bygestaan te word. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:254-255) Gevolglik sal ek nou gaan kyk na ontslag wat kan plaasvind a.g.v. ongeskiktheid veroorsaak deur swak gesondheid of 'n besering.

7.3.2.3 Ongeskiktheid: Swak gesondheid of besering:

Daar kom ook sekere regte vir die onderwyser of werknemer voor binne ongeskiktheid wat veroorsaak kan word deur swak gesondheid of 'n besering. Die prosedure is soos volg. Waar 'n onderwyser of werknemer nie tydelik in staat is om in hierdie omstandighede te werk nie, moet die onderwysdepartement of werkgewer die omvang van die ongeskiktheid of besering ondersoek. Indien die onderwyser of werknemer waarskynlik afwesig sal wees vir 'n tydperk wat in die omstandighede redelik lank is, moet die onderwysdepartement of werkgewer alle alternatiewe moontlikhede uitgesluit ontslag, ondersoek. In die geval waar alternatiewe oorweeg word, word aanbeveel dat tersaaklike faktore in ag geneem word o.a. die aard van die werk, die tydperk van afwesigheid, die erns van die siekte of beseerde onderwyser of werknemer en die moontlikheid om 'n tydelike plaasvervanger vir die siek onderwyser of werknemer te verkry. In gevalle van permanente ongeskiktheid moet die onderwysdepartement of werkgewer die moontlikheid van alternatiewe diens, of van die aanpassing van die pligte of werksomstandighede van die onderwyser of werknemer

ondersoek ten einde die onderwyser of werknemer se ongeskiktheid te akkommodeer. Gevolglik, moet daar gedurende die proses van die ondersoek aan die onderwyser of werknemer die geleentheid gebied word, om aangehoor en deur 'n vakbondverteenvoorder of mede-kollega of werknemer bygestaan te word.

Onder andere word dit onder hierdie artikel in die wet uiteengesit dat die graad van ongeskiktheid tersaaklik is ter bepaling van die billikheid van enige ontslag. Uiteenlopend hierby kan die oorsaak van die ongeskiktheid ook ter saaklik wees. In die geval van sekere ongeskiktheid soos byvoorbeeld alkoholisme of dwelmmisbruik, word in die wet aanbeveel, dat daar berading en rehabilitasie as toepaslike stappe deur 'n onderwysdepartement of werkgever oorweeg word. Hier word aanbeveel dat besondere oorweging geskenk moet word aan onderwysers en werknemers wat by die werk beseer word of wat deur werk-verwante siektes (soos bv. stress) ongeskik raak. Laasgenoemde word gegrond op die feit soos deur die wet uiteengesit dat die houe aangedui het dat die plig van die onderwysdepartement of werkgever om die ongeskiktheid van die onderwyser of werknemer te akkommodeer, in hierdie omstandighede swaarder weeg. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:256)

Ten slotte, is onderhandelings vir kollektiewe ooreenkomste aan die gang vir wetgewing en aanpassings van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) vir beleidsriglyne met betrekking tot die vermindering van werksure, werk op Sondag, bevallingsverlof van 12 weke (wat onderwysers alreeds geniet), verlof vir vaderskap en die versorging van kinders met die geboorte van 'n kind, ensovoorts, wat onderwysers en werknemers direk raak en oor die breë spektrum toegepas kan word. Die oogmerk van hierdie onderhandelings is om wetgewing te skep vir gestandaardiseerde indiensneming en beleidvoorstelle soos dit uiteengesit word in die Groenskrif vir Indiensnemingstandaarde en beleidvoorstelle (1996). T.o.v. die vermindering van werksure word dit beïnvloed deur 'n hele aantal faktore soos o.a. die strukture, vlak van ontwikkeling en vordering van die ekonomie in sy geheel, asook die prestasie van individuele organisasies wat geraak kan word deur hierdie maatreëls. In die geval van werk op Sondag word verskeie voorstelle oorweeg en bespreek, maar vir die onderwyser kan dit probleme kompliseer omrede dit hul nasienwerk oor 'n naweek kan beïnvloed asook ander aspekte wat direk met hul professie verband hou. Onder meer kan werk op Sondag soos nagskofte ontwrigtende gevolge op die sosiale en familie lewe van

onderwysers en werknemers hê, en moet dit aan die individu oorgelaat word om die finale besluit te neem. Wat verlov vir vaderskap en die versorging van kinders betref, is besprekings vir wetgewing aan die gang, om voorsiening te maak vir 'n kort periode van betaalde verlov die jaar van die geboorte van 'n kind en dat addisionele voordele deel van kollektiewe ooreenkomste moet bly. Vir hierdie doel word voorgestel dat 'n onderwyser of werknemer met meer as een jaar diens geregtig moet wees op drie dae betaalde verlov vir vaderskap of die versorging van kinders met die geboorte van 'n kind, op die voorwaardes dat dit nie opgehoop kan word nie, en dat 'n bewys van vaderskap gelewer moet word. (Groenskrif, 1996:41-62) Hierdie voorstelle vir nuwe wetgewing bevat regte wat veral onderwysers nie voorheen geniet het nie. Wat die onderwyser as lid van 'n vakbond se organiseringsregte betref, word dit ook duidelik in die wet uiteengesit.

7.4 Organiseringsregte:

Ek sal nou gaan kyk na watter organiseringsregte vir die onderwyser as lid van 'n vakbond of unie bestaan in terme van Hoofstuk 3, wat handel oor kollektiewe bedinging of onderhandeling. Vir hierdie doel word 'n vakbond omskryf as 'n vereniging van werknemers waarvan die hoofdoel is om verhoudinge tussen werknemers en werkgewers, met inbegrip van enige werkgewersorganisasies, te reël. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:194) Onder hierdie hoofstuk geniet die onderwyser as lid van 'n vakbond sekere regte wat onder andere die vakbond se toegang tot die werkplek raak om kontak met sy lede te hou. In terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge word 'n verteenwoordigende vakbond of in die geval van onderwysers, 'n onderwysersvereniging of unie, omskryf as 'n geregistreerde vakbond, of twee of meer geregistreerde vakbonde wat gesamentlik optree, wat voldoende verteenwoordigend is van die werknemers by 'n werkgewer in 'n werkplek. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:9) En op grond hiervan het enige ampsdraer of beampte van 'n verteenwoordigende vakbond waarvan 'n onderwyser lid is, die reg om 'n werkgewer se perseel te betree om lede te werf of om met lede te kommunikeer of om sy lede se belange op 'n ander wyse te dien. Hieruit is dit duidelik dat 'n verteenwoordiger van 'n vakbond die reg het om met sy lede of 'n onderwyser te kommunikeer sonder die vrees dat daar teen hom opgetree kan word deur stappe wat 'n onderwysdepartement mag neem as vorm van viktimisasie omdat die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) dit beskerm. Onder andere is 'n

verteenwoordigende vakbond ook geregtig om buite werksure by die werkgewer se perseel met onderwysers of werknemers vergadering te hou. Dit impliseer dat onderwysers die skoolperseel kan gebruik vir vergaderings van hul unie of vakbond. Aanvullend hierby is die lede van 'n verteenwoordigende vakbond geregtig om, in enige verkiesing of stemming per stembrief soos beoog in daardie vakbond se konstitusie of grondwet, by of op die werkgewer se perseel te stem. Dit beteken dat 'n onderwyser as lid van die unie of vakbond aan 'n stemming van die unie of vakbond kan deelneem op die skoolperseel. Die wet stel dit egter duidelik dat die regte wat deur hierdie artikel verleen word, onderworpe is aan enige voorwaardes oor tyd en plek wat redelik en nodig is om lewens of eiendom te beskerm of om onnodige werksontwrigting te voorkom.

Ongeag hierdie regte wat 'n onderwyser het by wyse van sy vakbond of unie, geniet hy ook sekere regte by monde van 'n vakbondverteenwoordiger. So het 'n vakbondverteenwoordiger die reg om op versoek van 'n onderwyser of werknemer in die werkplek die onderwyser of werknemer by griewe en dissiplinêre verrigtinge by te staan; en om die werkgewer se nakoming van die werkplekverwante bepalings van hierdie wet, 'n wet wat bedinge en voorwaardes van diens reël en 'n kollektiewe ooreenkoms wat bindend is op die werkgewer, te monitor. Dit word gedoen om enige beweerde oortreding van die werkplekverwante bepalings van hierdie wet, 'n wet wat bedingings en voorwaardes van diens reël en enige kollektiewe ooreenkoms wat bindend is op die werkgewer, aan te meld by die werkgewer, die verteenwoordigende vakbond; 'n verantwoordelike gesag of liggaam om enige ander werksaamheid te verrig soos ooreengekom tussen die verteenwoordigende vakbond en die werkgewer. Ongeag redelike voorwaardes, is 'n onderwyser wat as vakbondverteenwoordiger optree daarop geregtig om gedurende werksure redelike tyd vry te neem met betaling (a) om die werksaamhede van 'n vakbondverteenwoordiger te verrig; en om opleiding te ontvang oor enige onderwerp wat ter sake is by die verrigting van die werksaamhede van 'n vakbondverteenwoordiger. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:11-12) Hierdie reg is 'n reg wat veral onderwysers nie voorheen geniet het nie, a.g.v. intimidasie en viktimisasie van die onderwysdepartemente. Dit beteken egter nie dat 'n onderwyser nie klas moet gee nie, maar spesiale verlof kan neem om hierdie werksaamhede te verrig, of vir 'n tydperk vry gemaak word om dit te verrig.

Wat die uitoefening van regte behels kan 'n geregistreerde vakbond 'n werkgewer skriftelik in kennis stel dat hy verlang om een of meer van die regte wat deur hierdie deel verleen word in 'n werkplek uit te oefen. In so 'n geval moet 'n kennisgewing soos vooraf genoem vergesel word van 'n gewaarmerkte afskrif van die vakbond se registrasiesertifikaat en moet dit die volgende vermeld (a) die werkplek ten opsigte waarvan die vakbond die regte wil uitoefen; (b) die verteenwoordigendheid van die vakbond in daardie werkplek en die feite waarop hy steun om aan te toon dat hy 'n verteenwoordigende vakbond is; en (c) die regte wat die vakbond wil uitoefen en die wyse waarop hy daardie regte wil uitoefen. Van die kant van die onderwysdepartement of werkgewer moet hul binne 30 dae na die ontvangs van die kennisgewing met die vakbond byeenkom in 'n poging om 'n kollektiewe ooreenkoms te sluit oor die wyse waarop die vakbond sy regte ten opsigte van daardie werkplek sal uitoefen. Indien 'n kollektiewe ooreenkoms nie gesluit word nie, kan of die geregistreerde vakbond of die werkgewer die geskil skriftelik na die Kommissie verwys vir 'n ondersoek. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:11-12)

7.5 Reg tot protesaksie:

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) stel dit duidelik dat elke werknemer wat nie 'n noodsaaklike diens (bv. 'n geneesheer aan 'n staatshospitaal) of instandhoudingsdiens (bv. 'n lid van die Nasionale Intelligensie Diens) verrig, nie die reg het om deel te neem aan protesoptrede (soos bv. 'n optog) indien dit (a) gelas is deur 'n geregistreerde vakbond of 'n federasie van vakbonde. Ten einde so 'n protesaksie of staking te wettig word dit vereis dat kennisgewing aan NEOAR (Nasionale Ekonomiese, Ontwikkellings- en Arbeidsraad) beteken of gegee is, waarin die volgende vermeld moet word nl. (i) die redes vir die protesoptrede; en (ii) die aard van die protesoptrede. Behalwe die laasgenoemde, word dit vereis dat die aangeleentheid wat tot die beoogde protesoptrede aanleiding gegee het, oorweeg word deur die NEOAR of enige geskikte forum waaraan die betrokke partye kan deelneem ten einde die aangeleentheid op te los. En ter aansluiting hierby moet die geregistreerde vakbond of federasie van vakbonde minstens 14 dae voor die aanvang van die protesoptrede kennis gee van sy voorneme om met die optrede voort te gaan, wat aan die NEOAR beteken is.

Onder hierdie omstandighede het die Arbeidshof uitsluitlike jurisdiksie om (a) enige bevel toe

te staan waar 'n onderwyser of 'n persoon belet of verhoed word om deel te neem aan protesoptrede, of aan enige optrede of gedrag wat gemik is op of ter bevordering van protesoptrede wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie. Of in die geval van (b) protesoptrede wat aan die vereistes soos hierbo uiteengesit voldoen, 'n verklarende bevel uit te reik na inagneming van- (i) die aard en duur van die protesoptrede; (ii) die stappe deur die geregistreerde vakbond of federasie van vakbonde gedoen was om die nadeel wat deur die protesoptrede veroorsaak word te minimaliseer, asook (iii) die gedrag van die deelnemers aan

die protesoptrede. Vervolgens sal ek nou graag wil gaan kyk watter vereistes nodig is, vir die stigting en registrasie van 'n erkende onderwys unie of vakbond.

Ten einde vir 'n onderwysvakbond of unie om erken te word, is die volgende aspekte van belang. Eerstens, staan dit enige vakbond vry om by die registrateur om registrasie aansoek doen indien hy 'n naam aanvaar het, wat nie in naam of verkorte vorm ooreenstem of kom met die naam of verkorte vorm van 'n ander vakbond nie. En dat sy grondwet aanvaar is volgens die vereistes wat ek later sal bespreek, die vakbond 'n adres binne die R.S.A. het, en dit onafhanklik is. 'n Vakbond se onafhanklikheid, in terme van hierdie wet beteken dat dit nie onder regstreekse of onregstreekse beheer van enige werkgewer of werkgewerorganisasie is nie, of dat dit vry is van enige inmenging of invloed van enige aard wat mag kom vanaf 'n werkgewer of werkgewerorganisasie. In hierdie opsig verskil hierdie bepaling egter van wetgewing voor 1995, waar die staat self gespesifiseer het watter vakbonde hul sal erken volgens beleidsmaatrëels in lyn met dit wat vir die staat aanvaarbaar was. Soos ek dit alreeds genoem het, moet 'n onderwysersvakbond of unie wat van voornemens is om te registreer, seker maak dat dit nie 'n naam of verkorte naam het wat nou saamhang of ooreenstem met die naam of verkorte vorm van 'n naam van 'n ander vakbond of unie nie, om sodoende misleiding of verwarring te voorkom.

M.b.t. die grondwet of konstitusie van 'n onderwyservakbond, wat van voornemens is om te registreer vir erkenning en om die wetlike regte van sy lede (onderwysers) uit te oefen, word dit vereis dat hul grondwet aan die volgende voldoen:-

- (a) 'n Verklaring uitgereik word dat die vakbond of vereniging sonder winsoogmerk funksioneer.

- (b) Dat die vereistes vir, en toelating tot, lidmaatskap voorgeskryf word.
- (c) Omstandighede vasgestel is wanneer 'n lid nie meer op die voordele van lidmaatskap geregtig is nie.
- (d) Die grondwet moet voorsiening maak vir die beëindiging van lidmaatskap.
- (e) Voorsiening moet gemaak word vir appèl teen die verlies van voordele van lidmaatskap of teen beëindiging van lidmaatskap, asook voorskrifte vir die prosedure vir sulke appèlle, en 'n liggaam uitspel waarna appèl aangeteken kan word.
- (f) Die grondwet moet ook voorsiening maak vir lidmaatskapsgelede en die metode waarvolgens lidmaatskapsgelede en ander betalings deur lede bepaal sal word.
- (g) Reëls moet voorgeskryf word vir die belê en hou van vergaderings van lede, vergaderings van verteenwoordigers van lede, met inbegrip van die kworum wat vereis word vir, en die notule wat gehou moet word van, daardie vergaderings.
- (h) Die Manier of wyse waarvolgens besluite geneem moet word.
- (i) Die wet vereis dat die amp van sekretaris ingestel word en die werksaamhede wat verbonde is aan daardie amp, omskryf word.
- (j) Die grondwet moet ook voorsiening maak vir ander ampsdraers, beamptes, en in die geval van 'n vakbond, vakbondverteenwoordigers, en hul onderskeie werksaamhede wat omskryf moet word.
- (k) 'n Prosedure voorgeskryf word vir die benoeming of verkiesing van ampsdraers, of in die geval van 'n vakbond, sy vakbondverteenwoordigers.
- (l) 'n Prosedure voorskryf vir die aanstelling, benoeming en verkiesing van beamptes.
- (m) M.b.t. die ontheffing van ampsdraers, beamptes, vakbondverteenwoordigers die omstandighede waaronder en die manier waarop hulle onthef sal word, vasgestel word.
- (n) So 'n konstitusie moet dan verder voorsiening maak vir die appèlle teen ampsontheffing van ampsdraers, beamptes en vakbondverteenwoordigers. Vir die doel moet 'n prosedure vir appèlle voorgeskryf word en moet die liggaam vasgestel word na wie daardie appèlle aangeteken moet word.
- (o) Wat stemming betref, word verwag dat omstandighede waaronder en die manier of wyse waarop 'n stemming per stembrief gehou sal word, bepaal of voorgestel word.
- (p) Voorsiening moet deur die vakbond gemaak word in die geval van 'n staking of uitsluiting, 'n stemming per stembrief gehou word onder dié lede t.o.v. hul

voornemens om 'n staking of uitsluiting uit te roep.

- (q) Die grondwet moet dit ook duidelik stel dat lede nie gedissiplineer kan word of dat hulle lidmaatskap nie beëindig kan word, weens lede se versuim of weiering om aan 'n staking of uitsluiting deel te neem nie. Die laasgenoemde is onderworpe aan die volgende voorwaardes nl.
- (i) dat geen stemming per stembrief oor die staking of uitsluiting gehou is nie;
 - (i) of dat 'n stemming per stembrief wel gehou is, maar die meerderheid van die lede wat aan die stemming deelgeneem het, nie t.g.v. die staking of uitsluiting gestem het nie.
- (r) Verder moet so 'n grondwet voorsiening maak vir die deponering en belegging van geld, en
- (s) om doelwitte vas te stel waarvoor die geld aangewend mag word. Wat ander finansiële aspekte behels, word vereis dat
- (t) voorsiening gemaak moet word vir die verkryging van en beheer oor eiendom.
- (u) 'n Datum wat die einde van die boekjaar bepaal.
- (v) 'n Prosedure vir die verandering van die konstitusie of grondwet moet voorgeskryf word, en aanvullend hierby 'n prosedure waarvolgens die vakbond d.m.v. 'n resoluëie kan besluit om gelikwieder te kan word.

Uit hierdie genoemde vereistes vir die registrasie om erkenning, vereis dit onder andere ook dat die konstitusie van 'n vakbond wat van voornemens is om hom te laat registreer, nie enige bepaling mag bevat wat regstreeks of indirek op grond van ras of geslag teen enige persoon mag diskrimineer nie. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:97-100)

Met hierdie aspekte as voorwaardes vir die registrasie van 'n onderwysersunie of vakbond, wil ek graag gaan kyk watter ander regte 'n onderwyser het, onder andere in die geval van 'n staking asook ander belangrike faktore wat hul regte direk mag raak. Teen hierdie agtergrond wil ek nou die onderwyser se reg om te staak bespreek, iets wat onderwysers nie voorheen toegelaat was om te doen nie.

7.6 Reg tot Staking:

Wat stakings betref, word die onderwyser of werknemer se reg tot 'n staking duidelik uiteengesit in hierdie wet onder Hoofstuk 4 wat gepaard gaan met sekere voorwaardes en prosedures. Ter verduideliking word 'n staking beskryf as die gedeeltelike of volkome gesamentlike weiering om te werk, of die vertraging of belemmering van werk, deur persone wat in diens is of was van dieselfde werkgewer of verskillende werkgewers, met die oog op die regstelling van 'n grief of die beslegting van 'n geskil rakende enige aangeleentheid van onderlinge belang tussen werkgewer en werknemer, en sluit elke verwysing na werk in hierdie omskrywing in, ongeag of dit vrywillig of verpligtend is. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:193) Die wet maak nie slegs voorsiening vir stakings nie, maar ook vir uitsluitings van die kant van die onderwysdepartement of werkgewer. 'n Uitsluiting word omskryf as die uitsluiting van werknemers deur die werkgewer uit die werkgewer se werkplek, met die doel om die werknemers te verplig om 'n eis t.o.v. enige aangeleentheid van onderlinge belang tussen werkgewer en werknemer te aanvaar, ongeag of die werkgewer in die loop van of vir doeleindes van daardie uitsluiting die dienskontrakte met daardie werknemers verbreek. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:193)

Met dit as agtergrond geld die volgende bepalings van hierdie wet t.o.v. stakings en uitsluitings. As eerste prioriteit het elke onderwyser of werknemer die reg om te staak en kan elke werkgewer (of Onderwysdepartement) 'n uitsluiting aanwend, maar dit moet volgens die prosedures, omstandighede of voorwaardes geskied soos dit binne die wet self uiteengesit word. Eerstens, indien 'n vraagstuk of geskil na 'n raad of Kommissie (vir versoening, bemiddeling en arbitrasie) verwys word soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) dit vereis, moet (i) 'n sertifikaat uitgereik word wat vermeld dat die geskil onbesleg bly; of dat (ii) 'n tydperk van 30 dae, of enige verlenging van daardie tydperk waarop die partye by die geskil ooreengekom het, verstryk het, sedert die verwysing deur die Raad of die Kommissie ontvang is.

Eerstens, in die geval van 'n beoogde staking of uitsluiting waar die Staat die werkgewer is, moet 'n skriftelike kennisgewing van minstens sewe dae oor die aanvang van die staking of uitsluiting aan die partye gegee word. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:64)

Tweedens, indien 'n vraagstuk in 'n geskil handel oor 'n weiering om te onderhandel, moet daar 'n aanbeveling aan die partye gemaak word, wat in die vorm van 'n adviserende arbitrasietoekenning mag wees, voordat daar 48 uur skriftelike kennis gegee kan word of aan die werkgewer oor 'n staking, of aan 'n vakbond oor 'n uitsluiting. Volgens die wet beteken 'n weiering om te onderhandel die volgende :- (a) 'n weiering (i) om 'n vakbond as 'n kollektiewe-bedingingsagent te erken; of (ii) om in te stem dat 'n bedingingsraad ingestel word. Verder kon dit dui op (b) die onttrekking of miskenning van 'n kollektiewe-bedingingsagent (of middelman); (c) die bedanking van 'n party uit 'n bedingingsraad; (d) 'n geskil oor- (i) gepaste bedingingsseenhede (of partye); (ii) gepaste bedingingskwessies of vlakke; of (iii) onderwerpe waarvoor onderhandel moet word. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:65)

Derdens, maak die wet dit heel duidelik dat die vereistes wat ek heel eerste genoem het m.b.t. 'n onderwyser of werknemer se reg om te staak of 'n onderwysdepartement of werkgewer se reg tot uitsluiting, nie van toepassing is, op 'n staking of uitsluiting indien (a) die partye by die geskil lede van 'n raad is en daar met die geskil deur daardie raad ooreenkomstig sy konstitusie of grondwet gehandel is, nie. Of byvoorbeeld dat (b) die staking of uitsluiting nie in ooreenstemming was met die prosedures wat vervat is in 'n kollektiewe ooreenkoms nie. Of aansluitend hierby dat (c) onderwysers of werknemers gestaak het in reaksie op 'n uitsluiting deur hul werkgewer, wat nie voldoen het aan die bepalings van hierdie hoofstuk (oor prosedures vir 'n staking) van die wet nie. Of dat (d) die werkgewer sy werknemers uitgesluit het in reaksie op hul deelname aan 'n staking wat nie in ooreenstemming is met die bepalings van hierdie hoofstuk nie; of dat die werkgewer in gebreke gebly het om aan die vereistes van bepalings wat ek nou sal bespreek (artikels 4 en 5) voldoen het nie. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:66)

In aansluiting by die bogenoemde kan 'n onderwyser of enige werknemer of vakbond wat 'n geskil oor die eensydige verandering van bedingings en voorwaardes van diens na 'n raad of die kommissie verwys, volgens die voorafbespreekte prosedures wat verband hou met 'n vraagstuk in geskil. So 'n raad of kommissie kan, gebaseer op die verwysing en vir die tydperk 30 dae (a) van die werkgewer vereis om nie die verandering aan bedingings en voorwaardes van diens eensydig te implementeer nie, of (b) indien die werkgewer reeds die

verandering eensydig geïmplimenteer het, van die werkgewer vereis om die bedingings en voorwaardes van diens wat voor die verandering van toepassing was te herstel. In so 'n geval is die werkgewer verplig om aan 'n vereiste soos hierbo genoem te voldoen binne 48 uur na betekening van die verwysing aan die werkgewer. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:66)

Wat die reg om te staak betref, is daar egter sekere beperkings ingeslote die reg tot uitsluiting, wat ek nou kortliks sal bespreek. Volgens die bepalings van hierdie wet mag niemand, onderwysers ingesluit, deelneem aan 'n staking of uitsluiting of aan enige optrede of gedrag wat gemik is op of ter bevordering van 'n staking of uitsluiting nie, indien (a) daardie onderwyser of persoon byvoorbeeld gebonde is aan 'n kollektiewe ooreenkoms wat 'n staking of uitsluiting t.o.v. die vraagstuk in geskil verbied. Of (b) so 'n persoon of onderwyser gebonde is aan 'n ooreenkoms wat vereis dat die vraagstuk in geskil na arbitrasie of 'n neutrale skeidsregter verwys word. Of andersins (c) die vraagstuk in geskil 'n vraagstuk is wat 'n party volgens hierdié wet vir arbitrasie of na die Arbeidshof verwys het. Of indien (d) so 'n persoon betrokke is by (i) 'n noodsaaklike diens of (ii) 'n instandhoudingsdiens word sy reg beperk om te staak. (Wet op Arbeidverhoudinge, 1995:66)

Ongeag die beperkings wat geplaas word op die reg van 'n onderwyser of werknemer om te staak, in die geval waar 'n dispuut of probleem in 'n geskil na die Arbeidshof verwys is, het 'n onderwyser of werknemer in uitsonderlike gevalle, wel die reg om aan 'n staking of uitsluiting of aan optrede of gedrag gemik op bevordering van 'n staking of uitsluiting deel te neem. Veral onder die uitsonderlike omstandighede waar die vraagstuk in 'n geskil betrekking het op bv. die vakbond se toegang tot die werkplek, die aftrekking van vakbondledegeld of -heffings, vakbondverteenvoerders, of verlov vir vakbondbedrywighede. In so 'n geval waar die geregistreerde vakbond van die staking kennis gegee het t.o.v. die probleem soos ek dit hierbo uiteengesit het, m.a.w. in die die geval waar die geskil na 'n raad of kommissie verwys is en 'n sertifikaat uitgereik was wat meld dat die geskil onbesleg bly, mag die vakbond nie die reg uitoefen om die geskil vir arbitrasie te verwys, vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van kennisgewing nie.

Met uitsondering in die geval van 'n kollektiewe ooreenkoms, word 'n onderwyser of persoon ook beperk om aan 'n staking of uitsluiting deel te neem of aan enige optrede of gedrag wat

gemik is op of ter bevordering van 'n staking of uitsluiting eerstens, indien (a) daardie onderwyser of persoon verbind is aan (i) enige arbitrasietoekenning of kollektiewe ooreenkoms wat die vraagstuk in geskil wil reguleer; of (ii) enige vasstelling wat deur die Minister van Arbeid gemaak was in lyn met hierdie wet wat die vraagstuk in geskil, reguleer. Tweedens, (b) enige vasstelling interme van die Loonwet wat gemaak was, wat die vraagstuk in geskil reguleer, gedurende die eerste jaar van daardie vasstelling. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:67)

7.7 Reg tot Bedinging (bedingingsrade):

Ten einde die oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudinge t.o.v. arbeidsvrede te handhaaf, word in die wet (onder hoofstuk 3) voorsiening gemaak vir bedingingsrade (of raad hetsy vir bedinging of statutêre raad) binne die staatsdiens, om geskille tussen die onderwyser en die onderwysdepartement of staat as werkgewer vreedsaam op te los. Wat die onderwys self aangaan, bly die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys voortbestaan, onderworpe aan die Koördinerende Staatsdiens Bedingingsraad se reëlings soos dit bepaal word deur die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (1993). Die geregistreerde bestek van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys is die staat en daardie werknemers t.o.v. wie die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994 (afgekondig d.m.v. Proklamasie No. 138 van 1994) van toepassing is. Volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) word die volgende bevoegdhede en werksaamhede van bedingingsrade waarby die regte van onderwysers betrokke is, as oogmerke uiteengesit:- (a) om kollektiewe ooreenkomste te sluit; (b) om daardie kollektiewe ooreenkomste oor bv. die regte af te dwing; (c) om arbeidsgeskille oor regte te voorkom en te besleg; (d) om die geskilbeslegtingwerksaamhede te verrig; (e) om 'n fonds wat bestem is vir die beslegting van geskille te stig en te administreer; (f) om opleidings- en onderwysskemas te bevorder en in te stel; (g) om pensioen-, voorsorg-, mediese hulp-, siektebetaling-, vakansie-, werkloosheid- en opleidingskemas of -fondse of enige soortgelyke skemas of fondse tot voordeel van een of meer van die partye by die bedingingsraad of hulle lede te stig en te administreer; (h) om voorstelle oor beleid en wetgewing wat die sektor en gebied mag raak uit te werk en te ontwikkel vir voorlegging aan Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (NEOAR) (ingestel deur artikel 2 Wet op Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad, Wet No.35 van 1994) of enige

ander forum; (i) om by wyse van kollektiewe ooreenkoms, die aangeleenthede te bepaal wat, vir doeleindes van 'n staking of uitsluiting by die werkplek, nie 'n vraagstuk in geskil mag wees nie; en (j) om aan werkplekforums bykomende aangeleenthede op te dra vir oorlegpleging. (Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995:27-28) Geregistreerde vakbonde wat partye by 'n raad is, beskik outomaties oor die regte soos dit beoog word in die wet in terme artikels 12 en 13 ten opsigte van (t.o.v.) alle werkplekke binne die geregistreerde bestek van die raad ongeag hulle verteenwoordigheid in enige bepaalde werkplek.

Onder andere kan die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) gesien word as 'n wet wat direk verband hou met die Witskrif vir Opvoeding (waarna ek ook sal verwys in hoofstuk 8) en omgekeerd, omdat daar so 'n noue skakeling tussen hierdie twee stukke is. Dit kom daarop neer dat die bepalinge van die Wet op Arbeidsverhoudinge as basis gebruik sal word in die Witskrifte om die beleid wat teenoor onderwysers gevolg sal word te bepaal. In die Witskrif vir Opvoeding (Februarie 1995 en Februarie 1996) word daar spesifiek voorsiening gemaak en erkenning gegee aan die Wet op Arbeidsverhoudinge in terme van wat die wet self voorskryf m.b.t. 'n onderwyser of 'n individu se

- (1) fundamentele regte in die grondwet,
- (2) regte tot regverdigde arbeidspraktyke,
- (3) lidmaatskap aan werkersunies of werkgewerorganisasies,
- (4) gesamentlike of kollektiewe onderhandeling,
- (5) stakings en uitsluitings, waarby onderwysers veral voor 1993 nie betrek was nie. In aansluiting hierby kan tot die slotsom gekom word dat die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) dus geskep was om gepaste standarde vir
- (6) huidige indiensnemingsomstandighede te skep, groter buigsaamheid in die arbeidsmark te skep, kollektiewe onderhandelinge te bevorder, werkskepping te ondersteun, nakoming van indiensnemingstandarde te bevorder, 'n gesonde werksklimaat te skep, administratiewe laste te verlig, 'n duidelike raamwerk vir regte te skep, en diskriminasie gegrond op geslag uit te skakel.

In die volgende hoofstuk (8) sal ek gaan kyk na die Witskrifte vir Opvoeding wat direk verband hou met onderwysers se regte in die praktyk.

HOOFSTUK 8**8. Die Witskrifte vir Opvoeding 1995 en 1996:**

Die Witskrifte vir Opvoeding, is 'n poging om 'n proses van transformasie of oorskakeling te weeg te bring binne opvoeding en opleiding en sodoende 'n sisteem te skep wat vir almal in S.A. van diens kan wees. As uitvloeisel stel hierdie Witskrifte vir Opvoeding dit ten doel om Suid-Afrika se ongelyke patroon van skoolorganisasie, beheer en finansiering, wat 'n nalatenskap van apartheid is, te transformeer volgens demokratiese waardes en praktyke, en volgens die vereistes van die nuwe Grondwet. Die eerste Witskrif (Februarie 1995) was die eind resultaat van 'n ondersoek deur talle rolspelers en deelnemers binne die opvoedings en opleidings sisteem as basis om onderwys in S.A. te transformeer. (Witskrif vir Opvoeding, 1995:i) Hierdie ondersoek het reeds in 1993 begin om te kyk na moontlikhede vir toekomstige beleidsrigtings wat gevolg kan word om onderwys in S.A. te verander en te verbeter a.g.v ongelykhede wat ontstaan het onder die verskillende bevolkingsgroepe van die land gegrond op ras en kleur. Vir die doel was vir die bydraes gevra van onderwysers en ander opvoeders, studente, ouers, godsdienstige en ander gemeenskapsleiers, nie-regerings organisasies in opvoeding en opleiding en amptenare in die nuwe opvoedingsdepartemente wat verantwoordelik was om veranderinge te weeg te bring. Gedurende September 1994 is 'n voorlopige konsep kopie van die dokument gepubliseer vir konsultasie met die publiek, aandeelhoudende organisasies en instellings. Openbare besprekings het kort hierna gevolg onder die leiding van die gesamentlike Nasionale Vergadering en die Senaat se Geselekteerde Kommittee vir Opvoeding. Gevolglik het die eerste uitgawe van die Witskrif in Februarie 1995 verskyn as die eerste beleidsdokument vir onderwys en opleiding van S.A. se eerste demokraties verkose regering.

In Deel Drie, hoofstuk sewe van die Witskrif vir Opvoeding (1995) word melding gemaak van fundamentele regte, wat die onderwyser as individu beskerm (verwys na hoofstuk 6). Hierdie regte hou verband met onderwys. Dit is op onderwysvlak waar die persoonlike posisie en wetlike regte van die onderwyser as 'n individu betrek word vanweë sy deelname in die onderwysstelsel. Die Witskrif (1995) bepaal dat elke wet, regulasie, administratiewe besluit of aksie waarvoor die ministerie, departement of opvoedkundige instelling

verantwoordelik is, hul skik met hierdie bepalings.(Witskrif vir Opvoeding, 1995:42) Bepalings in hierdie verband beteken die bepalings van die fundamentele regte soos dit uiteengesit word in die Interim Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (R.S.A.) (1993) en die nuwe Grondwet (1996). Die regte wat hierdie dokument veral na vore gebring het, was die regte tot gelykheid; taal; godsdiens; kultuur; onderwys; menswaardigheid; vryheid en sekuriteit; privaatheid; vergadering en betoging en petisie; assosiasie; politieke aktiwiteit en keuse; toegang tot informasie en administratiewe regverdigheid soos dit omskryf word in die grondwet wat direk en indirek verband hou met die administratiewe en professionele optrede teenoor die onderwyser binne die onderwysstelsel.(Witskrif vir Opvoeding, 1995:52) Dit is veral binne bestuurspraktyke en wedersydse verhoudings in die onderwysstelsel waar die onderwyser in kontak kom met ander, waar sy of haar fundamentele regte gedurig in gedrang kom en respekteer moet word. Dit is veral hierdie regte waaraan die Witskrif erkenning verleen en onderskryf, wat ek wil argumenteer, voorheen misken was binne die onderwysstelsel vir veral onderwysers. Of hierdie regte na verloop van tyd wel in die praktyk onomwonde toegepas sal word indien 'n geskil tussen die onderwyser en die owerhede bestaan, is 'n aspek waarop onderwysers geduldig sal moet wag, omrede onderhandelings op hierdie tydstip (d.w.s. einde 1996) nog steeds aan die gang is om 'n spesifieke beleid te implementeer. Daar word van hierdie standpunt uitgegaan omdat hierdie regte nie absoluut is nie, en beperk mag word in die belang van opvoeding.

Na die verskyning van die eerste Witskrif vir Opvoeding (1995) was 'n Hersienings Komitee (onder leiding van professor Peter Hunter) bestaande skoolbestuurders, beleidsontleders, en aandeelhoudende verteenwoordigers, in Maart 1995 aangestel om die eerste Witskrif vir Opvoeding (1995) aan te vul en aan te pas. Hierdie komitee het na elke provinsie gereis, 102 verskillende skole besoek, gesprekke gevoer met aandeelhouers binne 'n breë spektrum, spesiale aandag gegee aan skole op plattelandse gebiede, studies uitgevoer, gespesialiseerde regs en finansiële opsommings en advies ontvang, deelgeneem aan vier konferensies relevant tot hul take, internasionale ondervindings en huidige tendense ondersoek, en ongeveer tweehonderd geskrewe voorleggings bestudeer.(Witskrif, 1996:5) Binne vyf maande het hulle hul werk voltooi en 'n verslag uitgebring wat saamgevat is in tweede voorlopige konsep Witskrif vir Opvoeding wat op 24 November 1995 gepubliseer was vir insette deur die algemene publiek, organisasies, ander liggame en aandeelhouers en uiteindelik aanleiding

gegee het tot die publikasie van die tweede Witskrif vir Opvoeding in Februarie 1996.

Die tweede Witskrif vir Opvoeding kyk veral wat sy konteks betref na beginsels van 'n nuwe raamwerk vir onderwys, die organisasie van skole, beheer van skole, konstruksiemoontlikhede vir bestuur en beheer, die finansiering van skole, die implementering van die nuwe stelsel van skoolorganisasie en beheer. Wat die wetlike regte van onderwysers aangaan, maak die Witskrif dit duidelik dat die implementering van die regering se beleid die diensvoorwaardes van sekere kategorieë onderwysers sal beïnvloed wat op hierdie stadium (Oktober 1996) bespreek word deur die Minister van Nasionale Opvoeding en twee nasionale organisasies van die onderwysprofessie, en wat later onderhandel sal word vir 'n kollektiewe ooreenkoms in die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys. (Witskrif, 1996:7) Die tweede Witskrif vir Opvoeding (1996) maak dit duidelik dat die nuwe struktuur vir die organisasie van skole, omstandighede moet skep vir die ontwikkeling van 'n koherent, geïntegreerde, en buigsame nasionale sisteem wat hom ten doel stel tot die gelyke verspreiding van publieke hulpbronne, 'n verbetering van opvoedkundige kwaliteit regoor die sisteem, demokratiese beheer en skool gebaseerde besluitneming volgens provinsiale riglyne. Om dit te bereik moet so 'n stelsel te weeg gebring word deur 'n goed bestuurde proses van onderhandelde verandering, gegrond op die verstandhouding dat veral elke publieke skool 'n vennootskap moet insluit tussen die provinsiale onderwysdepartemente en die plaaslike gemeenskap wat die onderwyser betrek.

Wat die wetlike regte van onderwysers met betrekking tot (m.b.t.) die beleid t.o.v. beheer van publieke skole betref, ondersteun die tweede Witskrif vir Opvoeding (1996) die eerste Witskrif vir Opvoeding (1995) wat onderwysers se fundamentele regte aangaan. In aansluiting hierby bepaal dit dat die besluitnemende gesag van skole in die publieke sektor gedeel sal word deur ouers, onderwysers, die gemeenskap (regerings en burgerlike gemeenskap) asook die leerders of studente, op 'n manier wat die sentrale waardes van demokrasie ondersteun. (Witskrif, 1996:16) Dit impliseer dat onderwysers en selfs leerlinge die reg sal hê op verteenwoordiging op so 'n liggaam en ook om insae te hê in sake wat hul direk raak. Hierdie reg was gedurende die apartheidsera nie vir onderwysers beskore nie, omdat die bestuursliggame van skole gedurende die apartheidsera bestaan het uit verteenwoordigers van ouers alleen, wat volgens voorgeskrewe maatreëls van 'n onderwysdepartement of die regering van die dag gefunksioneer het, sonder enige insae van onderwysers self. Die nuwe

grondwet vereis egter dat die regering of 'n onderwysdepartement eers na voldoende konsultasies en onderhandelings veranderinge aan die regte, magte en funksies van bestuursliggame van skole in die publieke sektor kan aanbring omdat dit wetlik beskerm word. Hieruit kan ons aflei dat die onderwyser se regte outomaties ook beskerm word.

Ten opsigte van die indiensneming van onderwysers in publieke skole, stel die tweede Witskrif dit duidelik dat alle onderwysers in publieke skole wat betaal word deur provinsiale onderwysdepartemente aangestel en in diens geneem word deur die onderskeie departemente op aanbeveling en in konsultasie met skole se bestuursliggame moet geskied. Dit beteken dat die status van die meerderheid van onderwysers in die publieke sektor nie sal verander nie, andersins sal dit ook nie die materiële posisie van onderwysers in staatsondersteunde skole affekteer nie. (Witskrif, 1996:21) Of anders gestel kan die onderwyser se reg tot 'n salaris nie verander word sonder hul toestemming nie. Huidig (1996) is onderhandelinge in die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys aan die gang om die kwessie oor die diensvoorwaardes van alle onderwysers en wie se salarisse betaal word of wie se poste gesubsidieer word uit publieke fondse, uit te klaar. Onder andere vind onderhandelinge ook plaas oor nuwe personeel voorsieningskale wat kan beteken dat onderwysers gevra of versoek kan word om verplaas te word na ander skole ten einde gelykheid in die onderwys vir alle bevolkingsgroepe te bereik, wat nie die geval gedurende die apartheidsjare was nie. Hieruit is dit duidelik dat 'n onderwysdepartement nie unilaterale of eensydige besluite t.o.v. die verplasing van onderwysers kan neem nie, maar dat daar eers met onderwysers onderhandel moet word voor enige stappe gedoen kan word. Die versekering word egter gegee dat 'n verandering in die indiensneming status van onderwysers in publieke skole, slegs sal voorkom nadat alle grondwetlike en wetlike stipulasies nagekom is, insluitende onderhandelinge met onderwysersverenigings. (Witskrif, 1996:21) Dit beteken dat indien daar afgewyk word van hierdie ondernemings 'n onderwyser van sy reg kan gebruik maak om dit wetlik uit te daag.


Wat die aanstelling van onderwysers in publieke skole betref, word dit in die Witskrif duidelik gestel, dat dit gedoen word sal deur provinsiale onderwysdepartemente op aanbeveling en in konsultasie met skole se bestuursliggame. In hierdie opsig sal alle publieke skole se bestuursliggame die gesag hê om onderwysers se aanstellings aan te beveel aan hul betrokke provinsiale onderwysdepartemente. Alhoewel 'n provinsiale onderwysdepartement

die diskresie sal hê om 'n aanbeveling af te wys op gronde van professionele onbevoegdheid, onvoldoende kwalifikasies, wangedrag of voor die handliggende bewyse dat besluite beïnvloed was, sal van 'n onderwysdepartement verwag word om redes te verskaf vir die afwysing van 'n aanbeveling, of om oor die saak te onderhandel indien 'n skool se bestuursliggaam dit versoek. Vir die meeste bestuursliggame van publieke skole sal dit 'n buitengewone oorwinning in mag en invloed beteken. Dit was hul voorheen nie beskore nie, maar nogtans sal dit vir onderwysers by sulke skole indirekte insae gee oor 'n aangeleentheid wat hul mag raak m.b.t. hul aanstellings. Vir die onderwyser sal dit beteken dat enige ontevredenheid t.o.v. 'n aanstelling d.m.v. die regte kanale bevraagteken kan word tot voordeel of tot nadeel. As 'n verdere uitgangspunt m.b.t. die indiensnemingstatus van onderwysers by publieke skole sal indiensnemende onderwysdepartemente verplig word om hierdie veranderinge in die indienspraktyke in publieke skole te verwys na die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys. Die tweede Witskrif beklemtoon dit heel duidelik dat die grondwetlike en statutêre (of wetlike) regte van onderwysers by publieke skole te alle tye erken moet word. (Witskrif, 1996:21) Dit word gegrond op die feit dat die nuwe Wet Op Arbeidsverhoudinge (1995) aan applikante of aansoekers vir betrekkinge dieselfde toegang gee tot prosedures oor onregverdigde arbeidspraktyk as dienende onderwysers. Dit kom daarop neer dat enige applikant of aansoeker, nou 'n nuwe en makliker toeganklike manier het om besluite deur 'n onderwysdepartement of werkgewer uit te daag op grond van onregverdigde diskriminasie volgens hoofstuk 8 van die nuwe grondwet wat verwys na Howe en Administratiewe Regverdigheid. Binne die Witskrif word dit duidelik gestel dat 'n skool se etos nie ten koste van 'n onderwyser of werknemer, of potensiële onderwyser of werknemer se grondwetlike regte gebruik moet word nie.

Ten opsigte van onderwysers wat indiens is van staatsgesubsidieerde skole is die Minister van Opvoeding tesame met so 'n skool se bestuursliggaam verantwoordelik vir die optredes en aksies van onderwysers wat in diens is by sulke skole. En om hierdie rede sal sulke onderwysers verplig word om lidmaatskap van ander werkersunies te soek as erkende onderwysersunies of organisasies buite die raamwerk van die Raad vir Arbeidsverhoudinge vir Onderwys vir hul beskerming. (Witskrif, 1996:22) Dit sal beteken dat daar nie 'n eenvormige stel reëls vir onderwysers oor die algemeen sal geld nie. Interessant is om daarop te let dat publieke skole met bestuursliggame wat hul verantwoordelikhede en besluite neem

wat die gedrag en welstand van hul skole raak wetlik as regspersone beskou sal word soos dit voorheen slegs van toepassing was op staatsgesubsidieerde skole, iets waarvan veral publieke skole in die verlede vrygestel was omrede 'n onderwysdepartement hierdie verantwoordelikheid gedra het.

Ten slotte, is daar op die huidige oomblik (Oktober 1996) 'n konsep Wet vir Skole onder bespreking met die nodige konsultasies en onderhandelings om uiting te gee aan 'n beleid wat voorafgegaan is deur die Witskrifte vir Opvoeding van 1995 en 1996. Indien hierdie wet in sy finale vorm aanvaar word, sal dit 'n totaal nuwe era vir onderwys en onderwysers in Suid-Afrika inlei, gebaseer op demokratiese beginsels en gelykheid. Ek wil nou laastens in die volgende hoofstuk (9) gaan kyk hoe die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (No. 27, 1996) uiting gee aan die wetlike regte van onderwysers.



HOOFSTUK 9**9. Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (No.27, 1996):**

Opvoeding en opleiding kan as sentrale aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse samelewing beskou word. Om die rede is onderwys en opleiding van groot belang vir elke individu, familie en vir die welstand en vooruitgang van die land se nasionale ekonomie. A.g.v. die apartheidsbeleid met sy wetgewing en sy gepaardgaande ongelykhede het Suid-Afrika in werklikheid nog nooit 'n ware nasionale stelsel, met ander woorde (m.a.w.) 'n stelsel gegrond op die beginsel van gelykheid vir alle bevolkingsgroepe, vir onderwys en opleiding gehad nie. Maar, veranderinge op die politieke front wat die resultaat was van druk uit alle oorde, ten gunste van 'n demokrasie wat alle bevolkingsgroepe van die land insluit, was die onderwysstelsel gedwing om te verander ten einde gelykheid vir alle bevolkingsgroep te bewerkstellig. Teen hierdie politieke agtergrond en druk deur alle aandeelhouders in die onderwys, is die Wet op 'n Nasionale Onderwysbeleid (1996) aangeneem om een onderwysstelsel en nasionale onderwysdepartement vir alle mense in S.A. te skep. Onder andere moes die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys (1984) as die laaste Apartheidswetgewing vir opvoeding en opleiding met sy verskillende onderwysdepartemente vir die verskillende bevolkingsgroepe, plek maak vir 'n meer regverdigde of gelyke onderwysstelsel.

Wetgewing soos onder andere (o.a.) die Wet op 'n Nasionale Onderwysbeleid (1996) was nodig om in die demokratiese behoeftes van Suid-Afrika te voorsien. Vorige wetgewing het hier kort geskiet as gevolg van (a.g.v.) hul diverse oorsprong en gevolge. Hierdie behoeftes is bevredig in nuwe wetgewing, wat uiting vind in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996). Gedurende Junie 1995 is 'n konsep Wet op Nasionale Onderwysbeleid gepubliseer as riglyn vir die ontwikkeling en bepaling van 'n nasionale beleid vir opvoeding binne die raamwerk van sekere beginsels. Vir die doel het die konsep Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1995) te voorskyn gekom wat bepaal het dat konsulerende strukture geskep moes word vir die formulering van nuwe wetgewing, en dat 'n demokratiese stelsel van transformasie geskep moes word vir die voorsiening en ondersteuning van onderwys, in een wat die fundamentele regte, behoeftes en belange dien van al die mense van Suid-Afrika

asook sake wat hiermee in verband staan. (Konsep Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1995:1) Die uiteinde van hierdie Konsep Wet op Nasionale Onderwysbeleid na talle konsultasies, onderhandelings en besprekings, was die aanname van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid in April 1996.

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) stel hom ten doel die instelling van 'n onderwysstelsel om tot die volle persoonlike ontwikkeling van elke student of leerder by te dra, asook om 'n bydrae te lewer tot die morele, maatskaplike, kulturele, politieke en ekonomiese ontwikkeling van die nasie in die algemeen, met inbegrip van die bevordering van die demokrasie, menseregte en die vreedsame beslegting van geskille. Dit is 'n riglyn wat gedurende die apartheidsjare geïgnoreer was. As motief vir die bereiking van hierdie doel soos dit deur die wet uiteengesit word, is billike onderwysgeleenthede, die regstelling van ongelikheid in onderwysvoorsiening soos in die verlede, met inbegrip van die bevordering en die verhoging van die status van die vrou, nodig. (Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996:7) Dit is om hierdie rede dan dat die Wet ook dan die nodige ruimte skep om hierdie doel te verwesenlik.

Dit is duidelik uit die Wet self, dat hierdie Wet soos in die geval van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) en die Witskrifte vir Opvoeding 1995 en 1996, verbind en nou met mekaar inskakel vir die erkenning, die bevordering en beskerming van die fundamentele regte soos dit omskryf word in die Grondwet, wat elke individu uit alle sye van die samelewing insluit. Wat fundamentele regte betref, verwys die wet spesifiek na die volgende regte wat veral vir onderwysers as werknemers van belang is en ooreenstem met die bogenoemde. Dit sluit o.a. in, die reg van elke persoon om beskerm te word teen onbillike diskriminasie of deur 'n onderwysdepartement of 'n onderwysinrigting op watter gronde ook al; die reg van elke persoon tot basies onderwys en gelyke toegang tot onderwysinrigtings; die reg van elke persoon op die vryheid van gewete, godsdiens, denke, geloof, mening, uitdrukking en assosiasie binne onderwysinrigtings; die reg van elke persoon om waar dit uitvoerbaar is, onderwysinrigtings gegrond op 'n gemeenskaplike taal, kultuur of geloof in te stel, mits daar geen diskriminasie op grond van ras is nie; die reg van elke persoon om die taal van sy of haar keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van sy of haar keuse binne 'n onderwysinrigting deel te neem. Soos ek dit alreeds bespreek het in 'n vorige afdeling, is

dit fundamentele regte wat vir die onderwysers belangrik is omdat dit regte is wat die onderwyser in sy werksomstandighede direk mag raak in sy verhouding met enige onderwysdepartement as werkgewer. Binne hierdie raamwerk van die wet word die Nasionale Onderwysdepartement asook Provinsiale Onderwysdepartemente dus deur die Grondwet as basis verplig, om uitvoering te gee aan hierdie regte en riglyne wat neergelê word. Dit beteken soos die wet dit stel, hul beleidsrigtings in lyn met hierdie beginsels of riglyne gebring moet word omdat wetgewing dit vereis.

In aansluiting hierby moedig die Wet op Nasionale Onderwysbeleid selfstandige en kritiese denke aan. (Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996:9) Dit impliseer dat onderwysers nie geviktimizeer of geintimideer kan word van die kant van 'n onderwysdepartement, vir hul opposisie teen sekere beleidsrigtings wat moontlik gevolg kan word nie. Maar, dat sulke teenkanting of opposisie as opbouwende kritiek beskou sal word ten einde die doelwitte of riglyne wat die wet skep, te bereik. Hierdie reg tot kritiese denke is natuurlik iets, wat onderwysers gedurende die jare van apartheid nie toegelaat was om te doen nie, omdat daar baie min ruimte vir selfstandige en kritiese denke was en die apartheid ideologie streng nagevolg moes word veral op die gebied van die onderwys. Onderwysers moes slegs dit onderrig wat deur 'n kurrikulum voorgeskryf was, sonder om dit openlik te bevraagteken of hul persoonlike opinie daaromtrent uit te spreek.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word, dat die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) 'n daadwerklike poging aanwend om die ongelykhede in opvoeding en opleiding wat deur apartheid geskep was reg te stel, d.m.v. billiker arbeidspraktyke met betrekking tot die beskerming van die regte van onderwysers, regte wat voorheen geskoei was op 'n ongelyke diskriminerende sisteem en nou geskoei is op 'n demokratiese stelsel wat gelykheid bevorder. In aansluiting hierby word daar ook gepoog om 'n regverdiger onderwysstelsel geskoei op demokratiese beginsels tot voordeel van alle inwoners van Suid-Afrika na te streef.

HOOFSTUK 10

10. SLOTSOM:

Ten slotte soos ek alreeds in die inleiding van my mini-tesis aangedui het, ondersoek ek die verskille en ooreenkomste, tussen die wetlike regte van Blanke, Kleurling en Swart onderwysers, wat bestaan het vanaf die tydperk 1963-1996. Vir die doeleindes van my mini-tesis het ek dus gewerk met die konsep van regte wat betrekking het op 'n onderwyser se amptelike verhouding met 'n onderwysdepartement. Binne hierdie konteks van my mini-tesis stel ek twee historiese scenario's van die wetlike regte van onderwysers wat in S.A. voorgekom het. In die eerste gedeelte van my mini-tesis skets ek 'n scenario van Apartheidswetgewing wat gekenmerk is deur segregasie en ongelykheid wat ingehou het 'n oorbeklemtoning van die magte en voorregte van die Blanke regering ten koste van die regte van Nie-Blankes. Dit impliseer dat sekere regte van Blanke onderwysers as *ex gratia* toekennings beskou was, waartoe sommige onderwysers (bv. Kleurlinge en Swartes) geen toegang gehad het nie. Ek fokus veral op die verskille in die wetlike regte van Blanke, Kleurling en Swart onderwysers en probeer deels 'n verduideliking vir die verskille te gee in terme van segregasie en ongelykheid wat algemene Apartheidswetgewing gekenmerk het. In die tweede gedeelte van my mini-tesis skets ek 'n scenario van wetgewing wat gemotiveer is deur die konsepte van gelykheid, demokrasie en regverdigheid. Hier is die wetlike regte van onderwysers van toepassing op alle onderwysers ongeag ras. In die nuwe wetgewing kan die staat nie meer onderwysers se wetlike regte ontken of verander nie, sonder om demokratiese prosedures en riglyne te volg nie, omdat *onderwysers as burgers se regte* in die Grondwet gewaarborg word en waaraan onderwyswetgewing onderworpe is. Maar, dit is duidelik dat sekere pligte, verpligtings, en prosedures van die onderwyser se kant, noodsaaklik is ten einde wettiglik aanspraak te maak op 'n reg.

In aansluiting hierby maak ek dit duidelik in die eerste gedeelte van my mini-tesis, hoofstuk 1, dat historiese prosesse gegrond in ongelykheid en segregasie voor die 1948 verkiesing met die bewindsoorname van die Nasionale Party (N.P.) die fondasie gelê het vir Apartheidswetgewing, wat op 'n later stadium sou volg. Binne hierdie raamwerk gee ek dan 'n historiese agtergrond in hoofstuk 2 van die algemene Apartheidswetgewing wat aanleiding

gegee het tot verdere segregasie en ongelykheid binne die Suid-Afrikaanse konteks en uiteindelik aanvalle teen apartheidsonderwys gemotiveer het. Apartheidswetgewing het aanleiding gegee tot verskillende onderwyswetgewing vir Blankes, Kleurlinge en Swartes soos ek dit uiteensit in hoofstuk 4, wat ek argumenteer, ongelykheid en segregasie verder inslag gegee het. Ek probeer om die konsep van reg wat ek in my inleiding skets, in die verskillende wetgewings uit te lig en die verskille te bespreek aan die hand van die konsepte van segregasie en ongelykheid soos ek dit in hoofstuk 2 bespreek.

Verder, argumenteer ek in die tweede deel van my mini-tesis, d.m.v. 'n historiese agtergrond van verset teen Apartheid (hoofstuk 5), dat die wetgewing na 1994 gemotiveer was deur die konsepte van gelykheid, regverdigheid en demokrasie om veranderinge te weeg te bring vir alle bevolkingsgroepe. In aansluiting hierby was die verset wat teen Apartheid gemik was, gemotiveer deur die konsepte van gelykheid en demokrasie, wat in direkte konflik was met ongelykheid en segregasie waarop Apartheidswetgewing gefloreer het. Onder andere argumenteer ek dat hierdie konsepte van gelykheid en demokrasie uiteindelik grondslag gevind het in die Nuwe Grondwet (1996) waarin onderwysers se regte as burgers van die land gewaarborg word, soos ek dit uiteensit in hoofstuk 6. Ek ontwikkel die interpretasie van die Grondwet dat dit uiting gee aan die menswaardigheid, gelykheid van alle individue, elemente wat juis ontken was deur Apartheid met sy ongelykheid en segregasie. As direkte uitvloeisel van die regte wat vir die onderwyser as burger voorkom in die Nuwe Grondwet (1996), bespreek ek die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) in die daaropvolgende hoofstuk (7). Binne die konteks van die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), gee ek 'n uiteensetting van *onderwysers se regte as werknemers*. Ek argumenteer dat hierdie wetgewing gemotiveer is deur die konsepte van gelykheid en deelname van werknemers in besluitnemingsprosesse in die werkplek na aanleiding van die konsepte gelykheid, regverdigheid en demokrasie wat ek bespreek in hoofstuk 5. In hoofstuk 8 bring ek die bespreking van die Witskrifte vir Onderwys na 'n bespreking van die *reg van onderwysers as onderwysers*, d.w.s. spesifiek professioneel bedrywig. Die Witskrif sou aanleiding gee tot die Wet op Skole wat op 'n later stadium na konsultasies met alle deelnemers aanvaar sou word. Ek bespreek die Witskrifte vir Onderwys omrede dit 'n daadwerklike poging is om algemeen aanvaarde kriteria of regte, regverdige behandeling, relevante besinninge en deelname in besluitnemingsprosesse vir onderwys in S.A. daar te stel. Hierdie wetgewing was deur deelnemende

besluitnemingsprosesse gemotiveer om die konsepte gelykheid en demokrasie, wat dit as prioriteit gestel het, alle vorms ongelykhede en segregasie soos dit geskep was deur Apartheidswetgewing in die onderwys, uit te wis. Teen hierdie agtergrond word die konsepte van gelykheid en demokrasie duidelik onderskryf in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) d.m.v. algemeen aanvaarde regte, regverdige behandeling, relevante besinninge en deelnemende besluitnemingsprosesse, waarin gepoog word om die ongelykheid en segregasie van die Apartheidsera uit te wis vir 'n regverdige bestel vir alle mense ongeag ras. In aansluiting hierby verleen dit ook beskerming aan die wetlike regte van die onderwyser en word demokratiese prosesse in onderwys soos byvoorbeeld die aktiewe deelname van onderwysers in aangeleenthede wat hul direk raak, voorgeskryf.

Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat die Nuwe Grondwet (1996) wat onderwysers se regte as burger, die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995) wat die onderwyser se regte as werknemer, asook die Wet op Skole wat verband hou met die onderwyser se werksomstandighede ter plaatse, daadwerklike pogings aanwend onderwysers se wetlike regte as individue te beskerm, te respekteer, te handhaaf, asook om poog om die beginsels van gelykheid en demokrasie te onderskryf.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

BIBLIOGRAFIE

- Basson, D.A. 1994. South Africa's Interim Constitution: Text and Notes. Johannesburg:Juta & Co.
- Callinicos, A.(red). 1977. Southern Africa after Soweto. London:Pluto Press.
- Christie, P. 1990. The Right to Learn: The Struggle in South Africa. Braamfontein:Ravan Press.
- Christopher, A.J. 1994. The Atlas of Apartheid. Johannesburg:Witwatersrand University Press.
- Davenport, T.R.H. 1978. South Africa: A Modern History. Johannesburg:MacMillan Publishers.
- De Kiewiet, C.W. 1941. A History of South Africa: Social and Economic. London:Oxford University Press.
- Dekker, E.I. & Lemmer, E.M. 1994. Critical Issues in Modern Education. Durban:Butterworth Publishers.
- Du Pre, R.H. 1994. The Coloured People of South Africa - A Political History Seperate but Unequal. Parklands:Jonathan Baal Publishers.
- Gister en Vandag. 1996. Tydskrif vir Geskiedenisonderrig. Nr. 31. Mei 1996.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. 1993. Wet nr. 200 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.
- Groenskrif. 1996. Beleidsvoorstelle vir wetgewing vir Nuwe Indiensnemingsstandaarde. Pretoria:Staatsdrukker.
- Hartshorne, K. 1992. Crisis and Challenge: Black Education 1910 -1990. Cape Town:Oxford University Press.
- Hendricks, M.G.E. & Morgan, N. I. 1994. Teachers Have Rights Too. Cape Town:Affordable Books.
- Hirson, B. 1979. Year of Fire, Year of Ash: The Soweto Revolt: Roots of a Revolution. London:Zed Press.
- Indiensnemingswet vir Opvoeders. 1994. Proklamasie no. 138 van 1994. Pretoria:Staatsdrukker.

- Jaarlikse Verslag van die Grondwetlike Komitee. 1996. Mei 1996.
- Kallaway, P. (red.) 1984. Apartheid and Education: The Education of Black South Africans. Johannesburg:Ravan Press.
- Konsep Wet op Nasionale Onderwysbeleid. 1995. Konsep No. 9. Pretoria:Staatsdrukker.
- Neame, L.E. 1967. The History of Apartheid. London:Pall Mall Press.
- Nkomo, M.(red.) 1990. Pedogogy of Domination: Towards a Democratic Education in South Africa. Trenton N.J.(Imprint): Africa World Press.
- Reader's Digest. 1988. Illustrated History of South Africa: The Real Story. Cape Town:Reader's Digest.
- Suid Afrikaanse Instituut van Rasse Verhoudinge (SAIRV). Jaarlikse Verslag 1976. Junie 1976. Johannesburg:SAIRV.
- Unesco. 1968. Apartheid: its Effects on Education, Science, Culture and Information. Paris:United Nations.
- Unterhalter, E. 1991. Apartheid Education and Popular Struggles. Johannesburg:Ravan Press.
- Van Der Ross, R.E. 1986. The Rise and Decline of Apartheid. Cape Town:Tafelberg Publishers.
- Van Jaarsveld, F.A. 1976. Van Van Riebeeck tot Vorster 1652 - 1974. Johannesburg:Perskor Uitgewery.
- Van Wyk, J.G. 1987. "The law of education for the teacher" in Educantulus (8).Pretoria:Academica.
- Wet op Arbeidsverhoudinge. 1993. No.146 van 1993. Pretoria:Staatsdrukker.
- Wet op Arbeidsverhoudinge. 1995. No.66 van 1995. Pretoria:Staatsdrukker.
- Wet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. 1996. Hoofstuk 2. Kaapstad:Creda Drukkery.

Wet op Nasionale Onderwysbeleid. No. 27. Pretoria:Staatsdrukker.
1996.

Wet op Onderwys vir Kleurlinge. Wet No. 47 van 1963.
1963. Pretoria:Staatsdrukker.

Wet op Onderwys en Opleiding. Wet No. 90 van 1979.
1979. Pretoria:Staatsdrukker.

White, A.R. 1984. Rights. Oxford:Claredon Press.

Wilson, M. & Thomas, L. (reds) The Oxford history of South Africa: Vol.II. 1971.
London:Oxford University Press.

Witskrif. 1995. Opvoeding en Opleiding in 'n Demokratiese Suid-Afrika: Eerste Stappe vir die Ontwikkeling van 'n nuwe Stelsel. Departement van Opvoeding, Pretoria:Staatsdrukker.

Witskrif. 1996. Die Organisasie, Beheer en Befondsing van Skole. Departement van Opvoeding, Pretoria:Staatsdrukker.

Worden, N. 1994. The Making of Modern South Africa: Conquest, Segregation and Apartheid. Oxford:Blackwell Publishers.

Wysigingsordinansie op Onderwys. Ordinansie 29 van 1953.
1953. Pretoria:Staatsdrukker.

Wysigingsordinansie op Onderwys. Ordinansie 12 van 1980.
1980. Pretoria:Staatsdrukker.